

# Postulêre werkwoorde in Griekwa-Afrikaans: 'n grammatikaliseringsondersoek

**C.A. van Aardt**  
**21220360**

Verhandeling voorgelê ter nakoming vir die graad *Magister Artium* in *Algemene Taal- en Literatuurwetenskap* aan die Potchefstroomkampus van die Noordwes-Universiteit

Studieleier: Dr CA Breed

November 2014

## VOORWOORD

Graag wil ek die volgende persone bedank waarsonder die uitvoering en voltooiing van my MA-studie nie moontlik sou wees nie:

- Die Noordwes-Universiteit (NWU) en die Navorsingseenheid vir Tale en Literatuur in die Suid-Afrikaanse konteks wat my studie grootliks befonds het. Sonder jul hulp en ondersteuning sou ek nooit 'n nagraadse student kon word nie.
- My studieleier, Dr. Adri Breed. Van die eerste oomblik in jou semantiekklasse in my eerstejaar tot aan die einde van hierdie studie het jy my verstom met jou kennis en vurigheid vir die Afrikaanse taal en taalkunde. Ek vermoed ons het albei getwyfel of ek hierdie studie betyds sou kon voltooi en daarom baie dankie dat jy saam met my vasgebyt het.
- Die hele Afrikaanse Departement by die NWU: Prof. Heilna du Plooy, Prof. Wannie Carstens, Prof. Phil van Schalkwyk, Prof. Betsie van der Westhuizen, Prof. Daan Wissing, Dr. Jako Olivier en Mev. Netta Schutte – julle was almal deel van my vormingsjare in Afrikaanse studies en ek kan net daarvan droom om eendag jul kennis en wysheid te hê. Elkeen van julle het my geïnspireer en ek sal jul gesigte, raad en geduldige stemme altyd in my kop rondra.
- Die direkteur van die navorsingseenheid, Prof. Justus Roux: Baie dankie dat u my die geleentheid gegun het om hierdie studie te doen en te voltooi (met so bietjie ekstra tyd).
- Tannie Elsa van Tonder en Bernice MacKenzie in die navorsingskantoor dat julle my onder die vlerk geneem en altyd ondersteun het.
- Die manne wat met die tegniese kant gehelp het: Juan Steyn vir hulp met WordSmith6 en Martin Puttkammer vir hulp met die ingewikkelde korpusanalises. Stefan van Zyl – dankie vir die noukeurige teksredaksie en dat jy my langdurigste vriend gebly het deur dik en dun al hierdie jare.
- Mariska Nel – aangesien ons eers kon saam studeer, toe saambly, toe verder saam studeer en altyd heen-en-weer in die straat kon op-en-af bel vir motivering, raad, grappe, koffie en eindelijk 'n vriendskap wat verder gaan groei, dankie maat.

- My liewe kollegas by Opvoedkundige Tolkdienste op die PUK-kampus, Lynn, Marleen, Marjaan, Suzette, Hänschen, Rudi, Ilomi, Monica en Lizané. Ek het 'n heel nuwe talent by julle ontdek en gesien mens se werk en werksplek kán jou rede wees om op te staan en uit te sien na die dag. Julle is ongelooflike mense en baie meer as net my kollegas. Dankie vir alles.
- My ma Herma, (stief)pa Wayne, sussies Bianca en Samantha en broer Michael – dankie vir julle onophoudelike ondersteuning, begrip en liefde. Dankie dat ek altyd kon huis toe kom en dat julle my nie oorlaai het met vrae oor die Groot M nie, want julle het geweet ek wou meestal net vlug en nie veg nie. Julle het my telkens teruggestuur met nuwe krag om verder te veg – ek sal julle vir niks verruil nie. Dankie ook aan my pa, Johan, wat altyd ondersteuning vanuit die verre VK gestuur het.
- Oupa Barend en ouma Kitty – ek het basies grootgeword in jul huis vol kuns, musiek, lewenslesse, liefde, geloof, waardes en omgee. Vir die sewe jaar wat ek op die PUK was (asook al die skoolvakansies as kind), was julle my huis weg van die huis. Woorde is nie genoeg om vir julle dankie te sê vir alles wat julle vir my gedoen en beteken het nie. Ek is sekerlik die mees bevoorregte kleinkind in die ganse wêreld.
- My liefste Marine: hierdie finale produk word aan jou opgedra, want jy is my ewige steunpilaar en my hart se punt.
- Laaste, maar nie die minste nie, dankie aan my Hemelse Vader – wat ek is, is net genade.

# Postural verbs in Griekwa-Afrikaans: A grammaticalization study

## ABSTRACT

Grammatical constructions containing postural verbs (CPVs) are present in a variety of languages. The Afrikaans and Dutch CPV-progressive constructions have already been discussed in depth in recent linguistics studies. Although Griekwa-Afrikaans (GrAfr) and Standard Afrikaans are regarded as variations of Afrikaans, (both sharing a common origin (17th century Dutch)) and although there are numerous similarities in the ways in which these two Afrikaans varieties use this construction, there are still a number of surprising (structural and semantic) differences. The goal of this study is to indicate the way in which GrAfr uses the CPV-construction to express grammatical meaning.

The study is approached from a grammaticalizational perspective since it is a handy starting point with which to discuss the development and application of the grammatical construction. The grammaticalization theory explains how words lose their lexical value to become more grammatical. The categorical change (or auxiliation) of the CPV as lexical verb to grammatical auxiliary verb, is a notable result of a grammaticalization process.

A grammaticalized CPV acts as a finite verb of the sentence and traditionally, completes one of four grammatical functions, namely to indicate i) when the action being expressed, takes place – in the past, present or future; ii) the speaker's perspective on the action, iii) the speaker's subjective opinion or attitude in terms of the action; and iv) whether or not the action actually takes place or not. These four functions can accordingly be called the tense, aspect, modality and polarity of the sentence. Since Afrikaans polarity is expressed by the negative particle *nie*, this study will specifically focus on the possible TAM functions expressed by CPVs in GrAfr.

This study was approached as a comparative study. Two concordances were compiled to study the use of the CPV construction in GrAfr compared to StAfr.. The Gr-concordance (a spoken corpus) consists of 1000 sentences collected during

interviews with mother tongue speakers of GrAfr in 1984 during the compilation of the so-called Van Rensburg reports. The TK-concordance (a written corpus) contains 1000 randomly selected sentences containing CPVs from the TK-Corpus. To establish the unique manner in which GrAfr uses this construction, the two concordances were compared according to specific parameters.

Firstly the frequency ratio of *sit*, *staan* (stand), *loop* (walk) and *lê* (lie) in the two concordances were compared. It was found that *loop* was the most frequent, which indicates that it is more grammaticalized than the other CPVs. The frequency order of CPVs in GrAfr is *loop* > *sit* > *staan* > *lê* and in StAfr it is *sit* > *staan* > *loop* > *lê*.

Secondly the ratio between lexical and grammatical uses was compared. After noticing that 66,93% of the GrAfr examples fulfilled grammatical functions, it became apparent that the CPV construction is much more grammaticalized than the construction in StAfr. In the third place the different types of sentences present in both concordances were compared and it was concluded that the different sentences types could not be the cause of the indicated frequency differences of CPV's. In the fourth place, specific interesting syntactic occurrences in GrAfr were discussed. For example: it was found that GrAfr, other than StAfr, regularly uses two different CPVs in one sentence, as in “*Dan staan loop hy jimmers*”. There were also indications of string constructions, for example “*Ons had 'n bietjie gelê stan oortree*”, where more than one auxiliary CPV is applied to fulfil a grammatical function. Furthermore, a number examples were found where *loop* and even *lê* were used as synonyms for the inchoative *gaan*, for example “*Hy lê kom nog*”. Other interesting cases, such as variation in possible sentence structure, were also explored and examples were found where the grammatical CPV was placed after the lexical verb – thus not in the traditional position of the finite verb – as in “*Ek kan nie lieg sit nie*”.

**Key words:** aspect, grammaticalization, CPV-construction, Griekwa-Afrikaans, modality, postural verbs (CPVs), tense, Standard Afrikaans.

## OPSOMMING

Grammatikale konstruksies wat met postulêre werkwoorde ( $V_{POS}$ 'e) vorm, kom voor in verskeie tale. Die Afrikaanse, sowel as die Nederlandse,  $V_{POS}$ -progressiewe konstruksie is reeds omvattend bespreek in onlangse taalkundebronne. Hoewel Griekwa-Afrikaans (GrAfr) en Standaardafrikaans (StAfr) beide as variasies van Afrikaans gereken word, en boonop dieselfde oorsprong deel (te wete sewentiende-eeuse Nederlands), en daar heelwat ooreenkomste bestaan in die manier waarop hierdie twee Afrikaanse variëteite die konstruksie gebruik, is daar tog ook 'n hele aantal verrassende (vormlike en semantiese) verskille. Die doel van hierdie studie is om die unieke wyse waarop die  $V_{POS}$ -konstruksie in Griekwa-Afrikaans gebruik word om grammatikale betekenis uit te druk, aan te toon.

Die studie word vanuit 'n grammatikaliseringperspektief aangepak aangesien hierdie vertrekpunt nuttig is om eerstens die ontwikkeling en tweedens die aanwending van grammatikale konstruksies te bespreek. Die grammatikaliseringsteorie verduidelik hoe woorde leksikale waarde verloor ten einde meer grammatikaal te word. Die kategoriale verandering (oftewel ouksiliëring) van die  $V_{POS}$  as leksikale hoofwerkwoord na grammatikale hulpwerkwoord, is 'n merkbare gevolg van 'n proses van grammatikalisering.

Die gegrammatikaliseerde  $V_{POS}$  tree as die spil van die sin op en verrig tradisioneel die funksie om aan te toon i) of die handeling wat uitgedruk word, in die verlede, hede of toekoms plaasvind; ii) wat die spreker se perspektief op die handeling is, iii) wat die spreker se subjektiewe opinie of houding ten opsigte van die handeling is; en iv) of die handeling realiseer al dan nie. Hierdie vier funksies word onderskeidelik die tempus, aspek, modaliteit en polariteit van 'n sin genoem. Omdat polariteit in Afrikaans deur die negatiewe partikel *nie* uitgedruk word, word daar in hierdie studie spesifiek ondersoek ingestel na die moontlike TAM-funksies wat die  $V_{POS}$  in GrAfr kan verrig.

Hierdie studie het op 'n vergelykende wyse te werk gegaan. Twee konkordansies is saamgestel om die gebruik van die  $V_{POS}$ -konstruksie in GrAfr te bestudeer in vergelyking met StAfr. Die GrAfr-konkordansie ('n gesproke korpus) bestaan uit 1000

sinne wat saamgestel is uit onderhoude wat met GrAfr'e moedertaalsprekers gevoer is in 1984 tydens die saamstel van die sogenaamde Van Rensburg-verslae. Die TK-konkordansie (geskrewe korpus) bestaan uit 'n lukrake seleksie van 1000 sinne vanuit die TK-korpus wat  $V_{POS}$ -konstruksies bevat. Om die unieke gebruikswyse van die GrAfr vas te stel, is hierdie konkordansies volgens spesifieke parameters vergelyk.

Eerstens is die frekwensieratio van die verskillende  $V_{POS}$ 'e in die twee konkordansies vergelyk. Daar is gevind dat *loop* die mees frekwente  $V_{POS}$  in GrAfr is wat aandui dat dit die verste van die  $V_{POS}$  gegrammatikaliseer het. Die frekwensierangorde vir  $V_{POS}$ 'e in GrAfr is *loop* > *sit* > *staan* > *lê* en die frekwensierangorde vir StAfr is *sit* > *staan* > *loop* > *lê*.

Tweedens is die verhouding tussen leksikale en grammatikale gebruike vergelyk. Na aanleiding van die 66,93% van GrAfr'e voorbeelde wat grammatikale funksies verrig het, was dit duidelik dat die  $V_{POS}$ -konstruksie in GrAfr baie verder gegrammatikaliseer het as die konstruksie in StAfr. Derdens is daar 'n vergelyking van die verskillende sinstipes gemaak en gekonkludeer dat beide konkordansies hoofsaaklik uit stelsinne bestaan, en dat die verskil in sinstipes in die twee konkordansies nie 'n oorsaak kan wees van die aangeduide frekwensieverskille van  $V_{POS}$ 'e nie. Vierdens en laastens is spesifieke sintaktiese interessantheide wat uniek is aan GrAfr ondersoek. Daar is byvoorbeeld gevind dat GrAfr, anders as StAfr, gereeld twee verskillende  $V_{POS}$ 'e in een sin gebruik, byvoorbeeld "*Dan **staan loop** hy jimmers*". Daar was hier ook aanduidings van stringwerkwoordkonstruksies, byvoorbeeld "*Ons had 'n bietjie **gelê stan oortree***", waar daar meer as een hulpwerkwoordelike  $V_{POS}$  aangewend word om 'n grammatikale funksie te verrig. Verder is 'n hele aantal GrAfr'e voorbeelde gevind waar *loop* of selfs *lê* as wisselvorme van 'n die inchoatiewe *gaan* optree, byvoorbeeld "*Hy **lê** kom nog*". Ander interessante verskynsels soos variasie in moontlike sinsstruktuur is ook ondersoek en enkele voorbeelde is gevind waar die grammatikale  $V_{POS}$  na die leksikale hoofwerkwoord geplaas word, byvoorbeeld "*Ek kan nie **lieg sit** nie*".

**Sleutelwoorde:** aspek, grammatikalisering, Griekwa-Afrikaans, modaliteit, postulêre werkwoorde ( $V_{POS}$ 'e), Standaardafrikaans, tempus,  $V_{POS}$ -konstruksie

# INHOUDSOPGAWE

|   |            |
|---|------------|
| <b>VOORWOORD</b> .....  | <b>i</b>   |
| <b>ABSTRACT</b> .....   | <b>iii</b> |
| <b>OPSOMMING</b> .....  | <b>v</b>   |
| <b>INHOUDSOPGAWE</b> .....  | <b>vii</b> |
| <b>Lys van tabelle</b> .....  | <b>xi</b>  |
| <b>Lys van figure</b> .....   | <b>xi</b>  |
| <b>Lys van afkortings</b> .....   | <b>xi</b>  |
| <b>Hoofstuk 1: Agtergrond en kontekstualisering</b> .....                 | <b>1</b>   |
| 1.1 Kontekstualisering en beskrywing.....                                 | 1          |
| 1.1.1 Enkele opvallende verskille.....                                    | 3          |
| 1.2 Taalverandering: Nederlands na Afrikaans (Standaard en Griekwa) ..... | 9          |
| 1.2.1 Die taalverandering.....  | 9          |
| 1.2.2 Die Griekwawolk.....  | 13         |
| 1.3 Probleemstelling .....  | 14         |
| 1.4 Navorsingsvrae .....  | 15         |
| 1.5 Navorsingsdoelstellings .....   | 16         |
| 1.6 Sentrale stellings.....   | 16         |
| 1.7 Metode van ondersoek .....  | 16         |
| 1.7.1 Literatuurstudie .....  | 17         |
| 1.7.2 Korpusondersoek.....  | 17         |
| 1.7.2.1 Samestelling van konkordansies.....                               | 19         |
| 1.7.2.1.1 Samestelling van die Gr-konkordansie.....                       | 19         |
| 1.7.2.1.2 Samestelling van die TK-konkordansie .....                      | 20         |
| 1.8 Hoofstukindeling .....  | 21         |

|   |           |
|---|-----------|
| <b>Hoofstuk 2: Grammatikaliseringsteorie .....</b>                    | <b>22</b> |
| 2.1 Inleiding .....   | 22        |
| 2.2 Definisies van grammatikalisering.....                            | 22        |
| 2.3 Aspekte van grammatikalisering .....                              | 25        |
| 2.3.1 Grammatikaliseringstadiume.....                                 | 25        |
| 2.3.2 Unidireksionaliteit.....  | 26        |
| 2.3.3 Parameters van grammatikalisering.....                          | 28        |
| 2.3.3.1 Uitbreiding (konteksveralgemening en frekwensietoename) ..... | 31        |
| 2.3.3.2 Desemantisering (semantiese verbleking) .....                 | 33        |
| 2.3.3.3 Kategoriale verandering .....                                 | 36        |
| 2.3.3.3.1 Reanalise .....   | 36        |
| 2.3.3.3.2 Ouksiliëring .....  | 38        |
| 2.3.3.4 Erosie.....   | 44        |
| 2.4 Slot.....   | 46        |
| <b>Hoofstuk 3: Die spel – tempus, aspek en modaliteit .....</b>       | <b>47</b> |
| 3.1 Inleiding .....   | 47        |
| 3.2 Tempus.....   | 51        |
| 3.2.1 Hede .....  | 55        |
| 3.2.2 Verledetyd.....   | 56        |
| 3.2.3 Toekomendetyd .....   | 57        |
| 3.3 Aspek.....  | 58        |
| 3.3.1 Perfektief.....   | 59        |
| 3.3.2 Imperfektief .....  | 61        |
| 3.4 Modaliteit.....   | 63        |
| 3.4.1 Deontiese modaliteit .....                                      | 64        |
| 3.4.2 Epistemiese modaliteit .....                                    | 65        |

|   |   |           |
|---|---|-----------|
| 3.4.3                                       | Dinamiese modaliteit.....   | 67        |
| 3.5   | Slot.....   | 68        |
| <b>Hoofstuk 4: Die korpusondersoek.....</b> |   | <b>70</b> |
| 4.1   | Inleiding .....   | 70        |
| 4.2   | Die grammatikaliseringroete van die GrAfr- $V_{POS}$ .....  | 70        |
| 4.2.1                                       | Postulêr na aspektueel .....  | 73        |
| 4.2.2                                       | Slotsom.....  | 77        |
| 4.3   | Parameters vir die analise van die $V_{POS}$ -konstruksie in Griekwa-Afrikaans en Standaardafrikaans .....              | 78        |
| 4.3.1                                       | Frekwensie .....  | 78        |
| 4.3.1.1                                     | Vergelyking van die totale frekwensieratio tussen $V_{POS}$ 'e in GrAfr en $V_{POS}$ 'e in StAfr .....                  | 81        |
| 4.3.1.2                                     | Vergelyking van die verhouding tussen die grammatikale en leksikale gebruike van $V_{POS}$ in beide konkordansies ..... | 85        |
| 4.3.1.3                                     | Vergelyking van die frekwensieratio van die verskillende sintipes in elke konkordansie.....                             | 90        |
| 4.3.1.4                                     | Vergelyking van die aantal voorbeeldsinne waarin daar meer as een $V_{POS}$ voorkom.....                                | 92        |
| 4.3.2                                       | Spesifieke sintaktiese interessantheide .....   | 93        |
| 4.3.2.1                                     | Konstruksies met of sonder 'n bindingspartikel.....   | 94        |
| 4.3.2.2                                     | Loop en lê as wisselvorme van gaan .....  | 96        |
| 4.3.2.3                                     | Kombinasies met meer as een grammatikale $V_{POS}$ .....  | 99        |
| 4.3.2.4                                     | Onverwagse kombinasies met $V_{POS}$ 'e.....  | 100       |
| 4.3.2.5                                     | Variasie in spil se sinsposisie.....  | 101       |
| 4.4   | Slot.....   | 102       |

|  |            |
|--|------------|
| <b>Hoofstuk 5: Slot.....</b>                               | <b>105</b> |
| 5.1 Inleiding .....  | 105        |
| 5.2 Kontekstualisering van die studieonderwerp.....        | 105        |
| 5.3 Doel van die studie .....                              | 107        |
| 5.4 Taalteoretiese beskrywings.....                        | 108        |
| 5.4.1 Grammatikaliseringsteorie .....                      | 108        |
| 5.4.2 Die spil .....                                       | 108        |
| 5.5 Korpusondersoek en taalspesifieke gevolgtrekking ..... | 109        |
| 5.6 Gevolgtrekking .....                                   | 111        |
| 5.7 Vooruitskouing .....                                   | 112        |
| <b>Bibliografie .....</b>                                  | <b>113</b> |
| <b>Indeks.....</b>   | <b>120</b> |
| <b>Bylaag .....</b>  | <b>124</b> |
| <b>Bylaag 1: Gr-konkordansie</b>                           |            |
| <b>Bylaag 2: TK-konkordansie</b>                           |            |

## Lys van tabelle

|   |    |
|---|----|
| Tabel 1: Fases van ouksiliëring van $V_{POS}$ (eie tabel) .....   | 5  |
| Tabel 2: Verskille tussen twee korpora.....   | 18 |
| Tabel 3: Vergelyking van interne frekwensieratio van $V_{POS}$<br>in elke konkordansie.....             | 82 |
| Tabel 4: Vergelyking van leksikale teenoor grammatikale gebruik van<br>$V_{POS}$ in GrAfr en StAfr..... | 85 |
| Tabel 5: Vergelyking van frekwensie TAM-gebruik van $V_{POS}$ in<br>GrAfr en StAfr.....                 | 86 |
| Tabel 6: Vergelyking van frekwensie TAM-gebruik van $V_{POS}$ 'e in<br>GrAfr en StAfr.....              | 88 |
| Tabel 7: Vergelyking van totale frekwensie sinstipes in GrAfr en StAfr .....                            | 91 |
| Tabel 8: Aantal sinne in elke konkordansie met meer as een $V_{POS}$<br>in die totale sin .....         | 92 |
| Tabel 9: Aantal sinne in elke konkordansie met meer as een $V_{POS}$<br>direk na mekaar .....           | 94 |
| Tabel 10: Frekwensie <i>loop</i> gelykstaande aan <i>gaan</i> .....                                     | 97 |
| Tabel 11: Frekwensie <i>lê</i> gelykstaande aan <i>gaan</i> .....                                       | 98 |

## Lys van figure

|   |    |
|---|----|
| Figuur 1: Tydlyn van invloede op gesproke en geskrewe Afrikaans<br>(Raidt, 1989:97).....  | 12 |
| Figuur 2: Suid-Afrika.....  | 13 |
| Figuur 3: Noord-Kaap.....   | 13 |
| Figuur 4: Grammatikalisering skaal van Bybee et al. (1994:40)<br>(soos vertaal deur Breed, 2012:101) .....  | 29 |
| Figuur 5: Fusieskaal van Bybee et al. (1994:40)<br>(soos vertaal deur Breed, 2012: 101) .....   | 30 |
| Figuur 6: Die wisselwerking van twee grammatikalisering prosesse van<br>perifrastiese konstruksies deur Bybee et al. (1994:40)<br>(soos vertaal deur Breed, 2012:102) ..... | 30 |

|   |    |
|---|----|
| Figuur 7: Meervlakkige desemantisering (Heine & Reh, 1984:38) (eie vertaling).....                        | 35 |
| Figuur 8: Spilfunksies in die sin.....  | 51 |
| Figuur 9: Gebaseer op Comrie se tydlyn (Comrie, 1985:2).....  | 52 |
| Figuur 10: Reichenbach (1947:72) se tabelle van eenvoudige tyd<br>(soos vertaal deur Breed, 2012:48)..... | 53 |
| Figuur 11: Indeling van imperfektiewe betekenis (uit Breed, 2012:72).....                                 | 63 |
| Figuur 12: Vergelyking van interne frekwensieratio van $V_{POS}$<br>in elke konkordansie.....             | 83 |
| Figuur 13: Totale frekwensie van Afrikaanse $V_{POS}$ (Breed, 2012:140).....                              | 84 |
| Figuur 14: Vergelyking van leksikale teenoor grammatikale gebruik<br>van $V_{POS}$ in GrAfr en StAfr..... | 85 |
| Figuur 15: Vergelyking van frekwensie TAM-gebruik van $V_{POS}$ in GrAfr en StAfr.....                    | 86 |
| Figuur 16: Verhouding tussen leksikale en grammatikale gebruike vir sit.....                              | 89 |
| Figuur 17: Verhouding tussen leksikale en grammatikale gebruike vir staan.....                            | 89 |
| Figuur 18: Verhouding tussen leksikale en grammatikale gebruike vir lê.....                               | 89 |
| Figuur 19: Verhouding tussen leksikale en grammatikale gebruike vir loop.....                             | 89 |
| Figuur 20: Vergelyking van totale frekwensie sinstipes in GrAfr en StAfr.....                             | 91 |
| Figuur 21: Aantal sinne in elke konkordansie met meer as een $V_{POS}$ .....                              | 93 |
| Figuur 22: Aantal sinne in elke konkordansie met meer as een $V_{POS}$<br>direk na mekaar.....            | 94 |
| Figuur 23: Frekwensie loop = gaan.....  | 97 |
| Figuur 24: Frekwensie lê=gaan.....  | 98 |



(6) Rus: *Kniga lez'it na stole.*

(Kuteva, 1999:199)

*Boek lê op tafel*

'Die boek is op die tafel.'

Soos in die voorafgaande voorbeelde duidelik word, druk  $V_{POS}$ 'e verskeie grammatikale betekenisse uit: (3) dui 'n temporele betekenis aan, (4) en (6) 'n aspektuele betekenis en (5) verrig 'n modale funksie. Een van die grammatikale betekenisse wat dikwels uitgedruk word, is progressiewe betekenis. 'n  $V_{POS}$ -grammatikale konstruksie word byvoorbeeld ook in Nederlands gebruik om progressiewe betekenis uit te druk:

(7) Ndl: *Ik stond te wachten.*

(Lemmens, 2005:204)

*Ek staan te wag-INF*

'Ek het **gestaan** en wag'

Hierdie progressiewe konstruksie word ook aangetref in Standaardafrikaans:

(8) Afr: *Ons loop en praat.* (hedetyd)

*Ons het geloop en praat.* (verledetyd)

Nederlands en Afrikaans het drie ooreenkomstige progressiewe konstruksies. Breed (2012:116) het spesifiek ondersoek ingestel na die eendersheid van die konstruksies tussen die twee tale. Hierdie konstruksies is die **aan die-/aan 't-**,  $V_{POS}$  **en-**, en **besig-** progressiewe konstruksies. Volgens Breed het twee van hierdie drie progressiewe konstruksies in Afrikaans en Nederlands 'n lokatiewe oorsprong, naamlik die **aan die-/aan het-** progressief en die  $V_{POS}$  **en-/** $V_{POS}$  **te-** progressief. Konstruksies met 'n lokatiewe oorsprong word in hul leksikale konteks gebruik om "aanwesigheid op 'n plek" of "ruimtelikheid" aan te dui (Breed 2012:118).

Breed het egter gefokus op geskrewe Standaardafrikaans en dit is duidelik dat daar 'n verskil is in die wyse waarop hierdie konstruksie gebruik word in i) informele gesproke Afrikaans en ii) variasies van Afrikaans. Daar is ten minste een verskil reeds sigbaar

tussen Standaardafrikaans en byvoorbeeld Griekwa-Afrikaans<sup>2</sup>, naamlik die skakeling van die  $V_{POS}$  as grammatikale hulpwerkwoord aan die hoofwerkwoord, soos gesien kan word in (9). GrAfr benodig nie altyd die verbindingspartikel *en* soos StAfr nie – dit kan direk langs die hoofwerkwoord staan.

(9) GrAfr:        *Nou kan hulle raaisels **sit** gesels.*<sup>3</sup>

Hierdie studie is afgebaken om ondersoek in te stel na die wyse waarop  $V_{POS}$  in Griekwa-Afrikaans gebruik word om grammatikale betekenis uit te druk. In Standaardafrikaans druk die grammatikale  $V_{POS}$  hoofsaaklik progressiewe betekenis uit, en die vraag kan gevra word dit vir die genoemde variëteit van Afrikaans ook die geval is.

### 1.1.1 Enkele opvallende verskille

Vanweë die feit dat Afrikaans en Nederlands as sustertale, sowel as nabyverwante tale geklassifiseer kan word (Raidt, 1976:4), is dit nie verrassend dat daar in Afrikaans ook van 'n  $V_{POS}$ -konstruksie gebruik gemaak word om progressiewe betekenis uit te druk nie, soos gesien in voorbeeldsin (8). Ten spyte van die feit dat Afrikaans en Nederlands uit dieselfde taal ontwikkel het, te wete sewentiende-eeuse Nederlands (Raidt, 1989:97), is daar opmerlike vormlike en semantiese verskille tussen die twee tale se  $V_{POS}$ -progressiewe konstruksies. Waar by die Nederlandse konstruksie die postulêre werkwoord aan die infinitiewe werkwoord geperifraseer word met die partikel **te** (vergelyk weer voorbeeldsin (7)), word daar in Afrikaans van die voegwoord **en** gebruik gemaak om die  $V_{POS}$  en die infinitiewe werkwoord te verbind as perifrastiese konstruksie (Breed, 2012:114) (vergelyk voorbeeldsin (8)).

---

<sup>2</sup> Daar sal voorts na Standaardafrikaans verwys word as StAfr, terwyl die afkorting GrAfr na die taalvariëteit Griekwa-Afrikaans sal verwys.

<sup>3</sup> Tensy anders vermeld, kom alle GrAfr-voorbeelde kom uit die saamgestelde Gr-konkordansie en alle StAfr-voorbeelde uit die saamgestelde TK-konkordansie. Die samestelling van albei konkordansies word omvattend in 1.7.2 behandel.

Breed (2012:38 & 114) bespreek hierdie vormlike en semantiese verskille verder en noem eerstens dat Afrikaans drie tipes perifrastiese konstruksies gebruik om progressiewe aspektuele betekenis uit te druk, naamlik die *is+aan+die+/'t+V<sub>INF</sub>*-, *is+besig+om+te+V<sub>INF</sub>*- en *V<sub>POS</sub>+V<sub>LEX</sub>*-konstruksies. Nederlands het drie ooreenstemmende konstruksies: die *V<sub>POS</sub>+te+V*-, die *aan+het+V*- en die *zijn bezig+te+V<sub>INF</sub>*-konstruksies wat as ooreenstemmende konstruksies beskou word aangesien daar so 'n sterk semantiese en sintaktiese ooreenstemming tussen die twee tale se konstruksies is (Breed, 2012:114).

Die genoemde konstruksies dui almal progressiewe aspek aan. Hulle het ook dieselfde oorsprong, maar verskillende gebruike. Breed (2012:134) het gevind dat een van die eerste wesenlike verskille in die gebruik van hierdie ewekniekonstruksies lê in die verskil tussen hul frekwensievolgordes.

Wanneer die Nederlandse progressief se frekwensierangorde bekyk word, kan dit soos volg uiteengesit word: *V<sub>POS</sub> te-progressief > aan het-progressief > bezig-progressief* (Breed 2012:134). In Afrikaans lyk die frekwensierangorde soos volg: *besig-progressief > aan die-progressief > V<sub>POS</sub> en-progressief* (Breed, 2012:135). Hierdie verskil in frekwensierangorde is 'n aanduiding van die verskil in die gebruik van die konstruksies. Lehmann (1995:127) postuleer dat daar aangeneem kan word dat 'n verskil in frekwensierangorde te wyte is aan verskillende weë van diakroniese ontwikkeling in tale. Hierdie stelling is ook van toepassing op die weë wat hierdie twee konstruksies in Afrikaans en Nederlands gevolg het.

Net soos daar tussen die twee Afrikaanse variëteite se *V<sub>POS</sub>*-konstruksie 'n vormlike onderskeid is, is daar ook 'n verskil in die wyse waarop die *V<sub>POS</sub>* aan die infinitiewe werkwoord in Standaardafrikaans en in Nederlands aan mekaar skakel. Die grootste vormlike onderskeid tussen die Afrikaanse en Nederlandse *V<sub>POS</sub>*-progressiewe konstruksies is naamlik dat die Afrikaanse konstruksie wat vorm, soos genoem, met 'n voegwoord *en* wat twee ongemarkeerde werkwoorde verbind, bv. “*ek sit en lees*”, terwyl die Nederlandse konstruksie, daarenteen, vorm met die partikel *te* wat 'n hulpwerkwoord koppel aan 'n infinitief, bv. “*ik zit te lezen*” (Breed, 2012:122).

Lemmens (2005:187) verduidelik grammatikalisering van postulêre werkwoorde na hulpwerkwoorde aan die hand van bepaalde fases. Hierdie oksiliëringsproses bestaan

uit drie fases (Breed, 2012:122-123), soos uiteengesit in Tabel 1, wat verder bespreek word in 4.2.1.

| Fase # | Fase van grammatikalisering  | Betekenis van V <sub>POS</sub>                | Konstruksie-analise  | Voorbeeldsinne  |
|--------|--|---|--|---|
| 1      | V <sub>POS</sub> het baie sterk leksikale waarde.  | Druk betekenis letterlik uit.                 | [V <sub>POS.LEX</sub> ] [en]<br>[V <sub>LEX</sub> ]  | (10) <i>StAfr: By sy pa se werkstafel gaan hy <b>staan</b>.</i>           |
| 2      | Leksikale betekenis verbleek -> verrig funksie van hulpwerkwoord.                          | Druk aspektuele (progressiewe) betekenis uit. | Afr: [V <sub>POS.MW</sub> en V <sub>LEX</sub> ]<br>Ndl: [V <sub>POS.MW</sub> te V <sub>INF</sub> ] | (11) <i>StAfr: Ingedagte <b>staan</b> Gaston die skip en agterna kyk.</i> |
| 3      | V <sub>POS</sub> veralgemeen tot oorspronklike leksikale betekenis heeltemal verbleek het. | Grammatikale merker.                          |  | (12) <i>StAfr: Jy sal die bybie <b>staan</b> en wakker skree!</i>         |

**Tabel 1: Fases van ouksiliëring van V<sub>POS</sub> (eie tabel)**

Tydens die eerste fase is dit kenmerklik dat die postulêre werkwoorde beperk is tot woorde wat aktiwiteite uitdruk. Hierdie woorde verteenwoordig die gekonstrueerde postulêre houding wat uitgedruk word deur die V<sub>POS</sub> (Lemmens, 2005:196). Verder druk komplementwoorde in latere stadia moontlik aktiwiteite uit wat minder ooreenstem met die postuur wat daardie woord oorspronklik uitgedruk het. Dit kan selfs aktiwiteite uitdruk wat glad nie postuur impliseer nie (Lemmens, 2005:196).

Gedurende die tweede fase verskuif die fokus van die konstruksie na die handeling wat deur die tweede werkwoord uitgedruk word. V<sub>POS</sub> druk nou 'n aspektuele (progressiewe) betekenis uit. 'n Belangrike eienskappe van hierdie fase is dat die V<sub>POS</sub> ook kan kombineer met werkwoorde in situasies wat nie noodwendig in 'n spesifieke houding uitgevoer kan word nie. In die derde fase het die betekenis van V<sub>POS</sub> heeltemal verbleek tot 'n grammatikale merker. In Nederlands en Afrikaans druk die V<sub>POS</sub> *te/V<sub>POS</sub> en*-progressiewe konstruksie meestal handeling uit wat uitgevoer word in 'n liggaamshouding wat ooreenstem met die oorspronklike betekenis van die V<sub>POS</sub> (Breed, 2012:123).



(16) GrAfr: *Ek en broer Oerson het gelê oor na die kantiense toe met mening om te **lê staan** bottel koop.*

Kempen wys daarop dat die bindpartikel **en** in GrAfr weggelaat kan word, maar dat hoewel die **loop en** nie met **en** in Middelnederlands voorkom nie, dit wel van sewentiende-eeuse Nederlands kom. Hy gaan selfs verder deur te sê dat, na aanleiding van die konstruksie, “Griekwa-Afrikaans in sommige opsigte ouer en ‘Nederlandser’ is as Afrikaans” (Kempen soos aangehaal deur Du Plessis, 1990:70). Voorbeeldsin (17) vir GrAfr illustreer dat **loop** ’n minder hoofwerkwoordelike (oftewel leksikale) betekenis besit en deur ’n hoofwerkwoord in die infinitief gevolg word. Postulêre werkwoorde het in hierdie kontekste vanuit leksikale konstruksies wat liggaamshouding aandui, geëvolueer om iets anders aan te dui as die letterlike betekenis, naamlik een of ander soort grammatikale betekenis (soos byvoorbeeld aspektuele betekenis).

(17) GrAfr: *Toe **loop** slaap ek.*

Van die vier mees prototipiese postulêre werkwoorde in Afrikaans (**sit, staan, lê**, en vir die doel van hierdie studie ook **loop**<sup>4</sup>), kom die grammatikale gebruik van **loop** die meeste in GrAfr voor (Du Plessis, 1984:34). Dit is in teenstelling met StAfr waar **sit** die mees algemene grammatikale V<sub>POS</sub> in geskrewe Afrikaans is (Breed, 2012:194).

Verder, soos gesien kan word in (18), is dit in die GrAfr-variëteit moontlik om ’n grammatikale V<sub>POS</sub> te kombineer met sommige semanties-onkombineerbare werkwoorde, soos **staan swerf** wat nie moontlik is in StAfr nie. *Swerf* impliseer beweging en *staan* impliseer stilstand. Dit is semanties gesien onkombineerbaar omdat ’n agent nie in ’n staande posisie ’n aksie soos *swerf* kan uitoefen nie.

(18) GrAfr: *Toe het my mense so **gestaan swerf**.* (Du Plessis, 1984:51)

’n Laaste opvallende verskil tussen GrAfr en StAfr is dat GrAfr grammatikale V<sub>POS</sub>-stringkonstruksies toelaat, soos **lê staan lees** in (19). Die hoofwerkwoord in hierdie sin is *lees*, en *lê* en *staan* verrig beide dieselfde grammatikale funksie. Dit is nie

---

<sup>4</sup> Hoewel *loop*, anders as *sit, staan* en *lê*, wat as statiewe werkwoorde gekategoriseer kan word, eerder ’n dinamiese werkwoord is, word dit – as gevolg van semantiese en vormlike ooreenkomste – in hierdie studie as ’n V<sub>POS</sub> beskou.

grammatikaal om verskillende  $V_{POS}$ 'e in Standaardafrikaans as 'n werkwoordstring te kombineer nie.

(19) GrAfr:       Hoe Griekwa se kind **lê staan lees** die krant nie.

In voorbeeldsinne soos “toe **loop** slaap ek” (17) en “toe het my mense so **gestaan swerf**” (18) lyk die **loop** en **staan** soos werkwoorde, maar dit het nie meer die letterlike betekenis van die woord nie. Dit wil voorkom asof die postulêre werkwoorde van GrAfr, net soos in StAfr 'n grammatikale waarde aangeneem het en leksikale waarde verloor het. Die grammatikaliseringsteorie word gekies om die verandering te ondersoek, aangesien hierdie teorie juis die taalveranderingsproses wat 'n leksikale konstruksie ondergaan om 'n grammatikale konstruksie te word, aantoon. Die  $V_{POS}$  ondergaan inderdaad, soos Du Plessis (1984:51) aantoon, 'n proses van ouksiliëring. Hierdie verandering is 'n resultaat van grammatikalisering waardeur 'n leksikale hoofwerkwoord ontwikkel tot 'n hulpwerkwoord (Benveniste, 1968; soos aangehaal deur Kuteva, 2001:1).

Om die varieteit van GrAfr te ondersoek is daar egter 'n korpus nodig om die ondersoek op te baseer. Die Van Rensburg-verslae van 1984<sup>5</sup> het reusagtige werk daarvan gemaak om navorsing saam te stel oor 'n verskeidenheid verskynsels in GrAfr. Daar is ondersoek ingestel na die taalkundige en kulturele kenmerke van hierdie volk. Hierdie verslae stel inderdaad 'n goeie basis vir navorsing oor 'n wye reeks verskynsels in GrAfr, maar aangesien dit nie vanuit 'n grammatikaliseringperspektief benader is nie, en ook nie 'n semantiese ondersoek was nie, word die ideale ruimte geskep vir die huidige studie, aangesien die twee studies verskillende doelwitte het en daar nog baie te ontgin is rakende GrAfr as varieteit van Afrikaans. Die Van Rensburg-verslae het 'n beskrywende aanslag gevolg. Dié studie sal ook beskrywend te werk gaan, maar die verskil tussen Van Rensburg se studie en hierdie studie is dat die Van Rensburg-verslag gepoog het om 'n bestekopname van die GrAfr grammatika te maak, terwyl hierdie studie eerder net in diepte na die ontwikkeling en grammatikale gebruik van 'n spesifieke konstruksie wil kyk.

---

<sup>5</sup> Die Griekwa-verslae sal in afdeling 1.7.2 bespreek word.

## 1.2 Taalverandering: Nederlands na Afrikaans (Standaard en Griekwa)

### 1.2.1 Die taalverandering

Daar is reeds genoem dat hedendaagse Nederlands, Standaardafrikaans en Griekwa-Afrikaans uit sewentiende-eeuse Nederlands ontwikkel het. Dit is dus nodig om die taalverandering van Nederlands na Afrikaans kortliks op te som, aangesien dit duidelik is dat Nederlands nie uitgelaat kan word wanneer die gedrag van 'n konstruksie in StAfr en GrAfr ondersoek word nie. Die rede hiervoor is dat sewentiende-eeuse Nederlands 'n ander effek op albei hierdie dialekte gehad het. Om verbande tussen die Afrikaanse dialekte bespreek, is dit nodig om ook die gemeenskaplike moedertaal te bespreek, aangesien die taalverandering van GrAfr ook binne hierdie taalveranderingskonteks gesien moet word. 'n Nederlandse korpus is nie by hierdie studie betrek nie, omdat Breed (2012) reeds 'n vergelyking getref het tussen StAfr en Nederlands. Alhoewel moderne Nederlands nie verteenwoordigend van 17de-eeuse Nederlands is nie, sal hierdie studie aanvaar wat Breed oor Nederlands bevind het en 'n vergelyking voortsit tussen StAfr en GrAfr.

Van Rensburg (2012:61) stel dat “'n groep basters, slawe en Khoi” onder leiding van Adam Kok later as die Griekwas bekend sou staan. Hierdie groep het oor en weer 'n vorm van Veeboerafrikaans en Khoi-Grensafrikaans gepraat en hierdie groep se soort Afrikaans staan vandag bekend as Griekwa-Afrikaans. Hierdie varieteit van Afrikaans toon 'n sterk Khoi-invoed. Vanuit 'n Khoi-perspektief was die eerste fase in die geskiedenis van die taalverandering van Nederlands na eenderse konstruksies van Afrikaans, die stadium van kontak tussen die Khoi en Nederlanders vanaf 1595. Volgens Van Rensburg (2012:17) het die eerste Nederlandse skepe teen die einde van 1500 by die Kaapse kus aangekom en daar was 'n noodsaaklikheid vir die Khoi en seevaarders om met mekaar te begin kommunikeer.

Raidt (1976:97) stel dat daar onmiddellike kontak was tussen Van Riebeeck en sy mense, en die Khoi, nadat Van Riebeeck die verversingspos begin opstel het, aangesien die Nederlanders tot 'n groot mate afhanklik was van die inheemse volk se vee. Dit het egter moeilik gegaan tussen die koloniste en die Khoi en daar sou vir die oomblik geen sprake kon wees van 'n verhouding tussen die twee groepe nie (Raidt, 1976:96).

In hierdie tyd waartydens Nederlandse skeepers meer gereeld by die Kaap langs gekom het, het die Nederlanders nie net Khoi woorde aangeleer nie, maar die Khoi het ook Nederlandse woorde begin leer om makliker te kommunikeer en onderhandel (Van Rensburg, 2012:17). Saam met die invoer van meer slawe, het nuwe tale ook verskyn, soos Maleis en Portugees, wat die bekende handelstale van die Ooste was (Van Rensburg, 2012:21). Tussen 1688 en 1689 was daar 'n skielike groei in die bestaande kolonistebevolking toe 'n groot groep Franse Hugenote na die Kaap geëmigreer het (Raidt, 1976:84). Daar was oral net Hollands wat as onderrigtaal gebruik was, en teen 1725 was Frans as taal nie meer lewensvatbaar in die Kaap nie (Raidt, 1976:85).

Volgens Van Rensburg (2012:18) het die aanleerderstaal wat die Khoi moes bemeester om met die koloniste praat, mettertyd 'n onderhandelaarstaal geword het en die Khoi wat in Nederlandse huise gewerk het, het Nederlands verstaanbaar begin praat. Deur die nuwe kennis onder mekaar te deel, het die Khoi ook Nederlands by mekaar geleer en dit het stelselmatig ook 'n moedertaal van die Khoi geword.


Deur die loop van die sewentiende en vroeë agtiende eeu het die invoer van baie slawe, hoofsaaklik uit die Ooste (Raidt, 1976:97) 'n groot verandering veroorsaak in terme van die taalfront se voorkoms (Van Rensburg, 2012:25). Buiten vir Maleis en Portugees, is ander tale wat op verskeie stadia gehoor kon word onder andere Duits, verskeie Afrikatale, Malgassies, Javanees, en ook Indiese tale. In die 18de eeu het die grootskaalse immigrasie uit Europa tot 'n stop gekom, en volgens Raidt (1976:87) het die bevolking hoofsaaklik deur "natuurlike aanwas toegeneem". Hoewel die aantal vreemdetaalsprekers nie meer geword het nie, het die aanleerders van Nederlands wel toegeneem, aangesien die Europeërs die Kaapse taal begin praat het (Raidt, 1976: 87).

Die slawe en Khoi het op geen stadium 'n goeie verhouding gehad nie, maar daar was deurentyd taalkontak tussen die twee groepe wat na taalbeïnvloeding gelei het. Van Rensburg (2012:27) wys daarop dat daar kenmerke van Khoi-Afrikaans teenwoordig is in die Slawe-Afrikaanse tekste van daardie tyd – kenmerke wat die slawe beslis al vroeër by die Khoi moes geleer het. Van Rensburg (2012:28) meen verder dat Kaaps 'n baie belangrike rol in Afrikaans se geskiedenis speel en dat dit floreer het in die veeltalige kontaksituasie wat in die Kaap ontwikkel het.

Wanneer daar na aanleiding van bogenoemde bespreking 'n vergelyking getref word tussen hedendaagse Afrikaans en moderne Nederlands, en in ag geneem word dat beide vanuit sewentiende-eeuse Nederlands ontstaan het, is talle verskille en ooreenkomste opvallend. Terwyl die Afrikaanse woordeskat en sinsbou grootliks met die Nederlandse ooreenstem, is die verskille in die uitspraak van woorde en die werkwoordelike en naamwoordelike vorme opvallend – juis as gevolg van die drastiese vereenvoudiging wat dit kenmerk (Raidt, 1989:97).

Raidt (1989) en Van Rensburg (2012) is in ooreenstemming dat die invloed van amptenare, matrose, soldate en koloniste se dialekties en maatskaplik geskakeerde sewentiende-eeuse Nederlands aan die begin van Afrikaanse taalgeskiedenis op die voorgrond gestaan het, maar dat die verskeie ander tale en die gebroke Nederlands van immigrante, asook Khoi en slawe se tale, die vorming van Afrikaans later ook grootliks beïnvloed het. Aanvanklik was die foute en afwykings onpatroonmatig, maar reeds kort ná 1700 word duidelike vereenvoudigingstendense sigbaar (Raidt, 1989:97).



Die vraag wat egter nou ontstaan is waarom daar 'n verskil tussen StAfr en GrAfr is. Die volgende skema toon dat beide StAfr en GrAfr uit sewentiende-eeuse Nederlands ontstaan het, maar dat daar opvallende verskille in die twee dialekte se ontwikkeling was – veral aangesien daar ná 1690 nie verdere invloed van die Khoi volk was nie. Die Nederlandse taal het 'n wedersydse invloed op die Khoi se taal gehad net soos die Khoi op daardie punt die Nederlands beïnvloed het. Dit is volgens Raidt (1989:97) hier waar die verdeling tussen GrAfr en StAfr plaasgevind het en voortaan in aparte rigtings ontwikkel het.



**Figuur 1: Tydlyn van invloede op gesproke en geskrewe Afrikaans (Raidt, 1989:97).**

## 1.2.2 Die Griekwavolk

Om die geografiese plasing van die Griekwas in konteks te plaas, gee die landskaart in Figuur 2 (Tyack, 1970:11) 'n oorsig van Suid-Afrika en Figuur 3 (Du Plessis, 2000:71) bied 'n ingefokusde beeld van die Noord-Kaap waar die meerderheid Griekwas hulself bevind.



Figuur 3 is 'n voorstelling van die Noord-Kaapprovinsie. Dit is die provinsie in Suid-Afrika met die meeste sprekers van GrAfr. Hulle is hoofsaaklik woonagtig in Griekwaland-Oos en Griekwaland-Wes. Onder Griekwaland-Oos word verstaan Kokstad en sy onmiddellike omgewing. Onder Griekwaland-Wes word die inwoners van Campbell, Douglas, Griekwastad, Daniëlskuil, Prieska, Philippolis en Colesberg gereken (Van Rensburg *et al.*, 1984:669). Hierdie is ook die areas waarheen die onderhoudvoerders van die Van Rensburg-verslae gegaan het om data oor die Griekwas se taal en kultuur in te samel. Soos genoem, is die data van die Gr-konkordansie op hierdie verslae gebaseer.

Van Rensburg *et al.* (1984:669) noem dat al die Griekwas met wie hulle gesprekke gevoer het, deurgaans Afrikaanssprekend was. Daar is geen aanduidings gevind dat daardie bevinding nie veralgemeen kon word nie. In Griekwaland-Wes was die segsmanne eentalig Afrikaans. In Griekwaland-Oos was die meeste van hulle ook Xhosa magtig, maar baie min het Engels geken (Van Rensburg *et al.*, 1984:669). Geen segspersone is gevind wat nog "Griekwataal" (’n vorm van Nama) kon praat nie. Enkeles ken wel enkele woorde, veral telwoorde, en uitdrukkings, soos groete.

Van Rensburg *et al.* (1984:671) wys verder daarop dat daar ’n algemene gevoel onder die Griekwas is dat hulle geografies identifiseerbaar moet wees as behorende tot een of ander streek. Hulle praat met trots oor grond wat hulle gehad het en kan hierdie plase uitwys. Griekwas sien hulself graag as nakomelinge van ’n volk met ’n roemryke verlede en hulle is in staat daartoe om ’n familiegeskiedenis oor ’n paar geslagte heen terug te voer.

### **1.3 Probleemstelling**

Hierdie studie fokus daarop om die spesifieke wyse aan te dui waarop die  $V_{POS}$  in Griekwa-Afrikaans gebruik word om grammatikale funksies te verrig. Aangesien die taalvariëteit dieselfde herkoms het as Standaardafrikaans, en aangesien daar reeds navorsing beskikbaar is oor die grammatikale  $V_{POS}$ 'e van Standaardafrikaans, word 'n korpusondersoek onderneem waarin die ewekniekonstruksies op vergelykende wyse bestudeer word.

Die relevansie van hierdie studie is dat:

- dit 'n taaltipologiese bydrae lewer tot die begrip van die grammatikale gebruik van die  $V_{POS}$ ;
- diakroniese afleidings gemaak sal kan word oor die twee variëteite (d.i. GrAfr en StAfr) met betrekking tot die  $V_{POS}$  konstruksie; en
- sinkroniese afleidings gemaak kan word oor die wyse waarop grammatikale betekenis deur die  $V_{POS}$  in die twee variëteite (d.i. GrAfr en StAfr) verskillend uitgedruk word.

Hierdie studie kan gesien word as 'n poging tot nuwe insig in, en begrip van, die funksie van die  $V_{POS}$ -konstruksie in GrAfr en StAfr, sowel as die proses van die verandering van  $V_{POS}$  as hoofwerkwoord na hulpwerkwoord as 'n oksiliëringsproses. Daar is reeds ondersoek ingestel na GrAfr, soos in die geval van die Van Rensburg-verslae van 1984. Die doel van daardie studie verskil van hierdie studie se doel veral in die sin dat dit meer breedweg kenmerke van GrAfr beskryf. Hierdie studie sal die  $V_{POS}$ -konstruksie in diepte ondersoek en bepaal welke grammatikale gebruike van  $V_{POS}$ 'e in GrAfr geïdentifiseer kan word, wat presies die aard en omvang van die verskil van die  $V_{POS}$ -konstruksie tussen GrAfr en StAfr is en ook die motivering vir die ontstaan van die konstruksie ondersoek.

#### **1.4 Navorsingsvrae**

Na aanleiding van die benoemde kontekstualisering, kan die volgende drie navorsingsvrae vir hierdie studie gestel word:

- i. Bestaan daar 'n verskil tussen die wyse waarop die twee taalvariëteite, naamlik Griekwa-Afrikaans en Standaardafrikaans, postulêre werkwoorde gebruik om grammatikale betekenis uit te druk?
- ii. Indien wel, wat presies is die aard van die ooreenkomste en verskille in die wyse waarop hierdie twee variëteite die  $V_{POS}$ -konstruksie gebruik?
- iii. Wanneer daar vanuit 'n grammatikaliseringperspektief na die  $V_{POS}$ 'e in Griekwa-Afrikaans gekyk word, watter nuwe insigte kan gekry word in die konstruksies se totstandkoming, ontwikkeling en gebruike?

## 1.5 Navorsingsdoelstellings

Na aanleiding van die navorsingsvrae kan die volgende drie navorsingsdoelstellings vir hierdie studie gestel word:

- i. Om te bepaal of daar 'n verskil bestaan in die wyse waarop die twee taalvariëteite, naamlik Griekwa-Afrikaans en Standaardafrikaans, postulêre werkwoorde gebruik om grammatikale betekenis uit te druk.
- ii. Om te bepaal wat presies die aard van die ooreenkomste en verskille in die wyse waarop hierdie twee variëteite die  $V_{POS}$ -konstruksie gebruik is, indien enige verskille gevind word.
- iii. Om vanuit 'n grammatikaliseringperspektief tot nuwe insigte te kom rakende die totstandkoming, ontwikkeling en gebruike van die  $V_{POS}$ -konstruksie in Griekwa-Afrikaans.

## 1.6 Sentrale stellings

Die sentrale toeretiese stellings vir hierdie studie is:

- i. Daar bestaan 'n verskil in die wyses waarop die twee taalvariëteite, naamlik Griekwa-Afrikaans en Standaardafrikaans, postulêre werkwoorde gebruik om grammatikale betekenis uit te druk.
- ii. Daar bestaan 'n verskil in die aard van die ooreenkomste en verskille van die wyse waarop hierdie twee variëteite die  $V_{POS}$ -konstruksie gebruik; en
- iii. Daar word van die grammatikaliseringsteorie gebruik gemaak om nuwe insigte te bied ten opsigte van die totstandkoming en gebruike van die  $V_{POS}$ -konstruksies in Griekwa-Afrikaans.

## 1.7 Metode van ondersoek

Die studie word tweeledig aangepak. Die eerste gedeelte bestaan uit 'n literatuurstudie terwyl die tweede gedeelte 'n korpusondersoek behels.

### **1.7.1 Literatuurstudie**

In die eerste deel word 'n literatuuroorsig uitgevoer om onderskeidelik die teorie van grammatisering en die grammatikale betekenis wat die  $V_{POS}$ -hulpwerkwoord kan uitdruk, te ondersoek. Eerstens word 'n definisie van grammatikalisering aangebied en relevante aspekte en parameters van grammatikalisering wat ter sake is vir 'n ondersoek na die  $V_{POS}$ , word bespreek. Daarna word die vier grammatikale funksies wat die spilwerkwoord kan uitdruk, te wete tempus, aspek, modaliteit en polariteit, gedefinieer en bespreek.

### **1.7.2 Korpusondersoek**

In die tweede deel word 'n korpusondersoek geloods om die gebruike van die  $V_{POS}$  in die twee taalvariëteite te ondersoek. Twee konkordansies word in hierdie studie gebruik, naamlik 'n Standaardafrikaanse konkordansie (TK-konkordansie) en 'n Griekwa-Afrikaanse konkordansie (Gr-konkordansie).

Die Standaardafrikaanse korpus wat in hierdie studie gebruik word, is die Taalkommissiekorpus (TK-korpus) van 2010, opgestel deur die Taalkommissie van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns. Hierdie korpus poog om 'n verteenwoordigende korpus te wees van geskrewe Standaardafrikaans. Dit bevat ongeveer 60 miljoen Afrikaanse woorde en is saamgestel uit 'n verskeidenheid geskrewe tekste, onder andere prosatekste (ongeveer 6 miljoen woorde), akademiese tekste (ongeveer 24 miljoen woorde) en niefiksie/nieakademiese tekste, soos byvoorbeeld koerante, tydskrifte en boeke (ongeveer 27 miljoen woorde). Ter wille van vergelyking, is daar vir die studie 'n konkordansie uit die TK-korpus saamgestel wat ooreenstem met die omvang van die saamgestelde Gr-konkordansie.

'n Griekwa-Afrikaanse konkordansie (Gr-konkordansie), met genoegsame voorbeelde van postulêre werkwoorde om 'n vergelykbare basis te skep, is opgestel vanuit die Griekwa-verslae wat in 1984 deur M.C.J. van Rensburg saamgestel is. Tydens die opstel van die Van Rensburg-verslae is daar opnames gemaak van tussen 90 en 100 segspersone. Opnames van 35 van hierdie segspersone is ontsluit (De Wet, 1984:685) en die konkordansie vir hierdie studie is uit die transkripsies van al 35 van hierdie ontsluite opnames saamgestel. Daar is deur die verslag se transkripsies gewerk en elke

sin wat 'n postulêre werkwoord bevat, is elektronies vasgevang op Excel-blaaie sodat dit later ook deur middel van 'n korpuslinguistiese rekenaarprogram ontleed kon word nadat dit na .txt-dokumente verander is.

Die onderstaande tabel dui enkele verskille tussen die twee korpusse aan. Dit is onmoontlik om vir hierdie studie 'n korpus saam te stel met dieselfde grootte as die TK-korpus, maar daar gepoog om die twee so vergelykbaar as moontlik te maak. As 'n poging tot 'n vergelykbare basis is daar 1000 sinne vanuit die Gr-konkordansie opgeteken en 'n lukrake seleksie van 1000 sinne wat 'n  $V_{POS}$ -konstruksie bevat is uit die TK-korpus gemaak.

|   | <b>Standaardafrikaans</b>                                  | <b>Griekwa-Afrikaans</b>                           |
|---|--|--|
|   | <i>TK-korpus</i>   | <i>Gr-konkordansie</i>                             |
| <b>Segspersone</b>  | Verskeie verskillende outeurs                              | Slegs opnames van 90-100 segspersone. 35 ontsluit. |
| <b>Korpusgrootte</b>  | +/- 60 miljoen woorde                                      | +/- 8, 700 woorde                                  |
| <b>Aard</b>   | Verskeidenheid van tekste                                  | Getranskribeerde gesproke tekste                   |
| <b>Tekstipe</b>   | Geskrewe   | Gesproke   |
| <b>Register</b>   | Hoofsaaklik meer formele prosa of berriggewende struktuur. | Informeel, dikwels verhalend.                      |
| <b>Gedateerdheid</b>  | Baie divers. Onder andere ou en nuwe prosatekste.          | 30 jaaroue opnames (tydsverskil)                   |
| <b>Hoeveelheid <math>V_{POS}</math>-sinne in konkordansie</b> | 1052 resultate van sinne met $V_{POS}$                     | 1000 opgeteken vir hierdie studie                  |

**Tabel 2: Verskille tussen twee korpora**

As gevolg van tydsbeperkings, finansiële implikasie en die omvang van hierdie studie, is daar nie gepoog om 'n volledige nuwe korpus van GrAfr saam te stel nie. Daar word op die  $V_{POS}$ -konstruksie gefokus terwyl daar op die Van Rensburg-verslae van 1984 gesteun word vir die opstel van die GrAfr-konkordansie.

Daar bestaan twee sienings oor wat 'n standaardtaal is. Volgens Du Plessis (1988:33) gaan dit daarom dat 'n standaardtaal wel deur sprekers in 'n taalgemeenskap gebruik word in algemene omgang, teenoor standaardtaal as 'n abstraksie – 'n geïdealiseerde vorm van taal. Volgens hierdie stelling is daar niemand wat die standaardtaal as omgangstaal gebruik nie. As dit die geval is, is Standaardafrikaans eintlik 'n normdialek waaraan variasie gemeet kan word. Dit verteenwoordig nie noodwendig die gemiddelde Afrikaanse spreker se taal nie, aangesien daar eenvoudig te veel variasie in die taal voorkom, maar dit stel 'n punt waaraan variasie gemeet kan word (Du Plessis, 1988:34).

Navorsingsaannames is egter reeds vir Standaardafrikaans gemaak (vgl. Breed, 2012), en hierdie studie aanvaar dat hierdie aannames regverdigbaar is. Aangesien daar nie baie navorsing beskikbaar is oor die  $V_{POS}$ -konstruksie in Griekwa-Afrikaans nie, is die navorsing oor die konstruksie in Standaardafrikaans die enigste beskikbare data waarop bevinding gebaseer kan word. Dit is egter nie te sê dat die aannames noodwendig van toepassing op Griekwa-Afrikaans is nie en hierdie studie wil vasstel of van die  $V_{POS}$ -verskynsels wat aangetoon is deur Breed (2012) ook geld vir Griekwa-Afrikaans. Hoewel daar vergelykend te werk gegaan is, is die fokus van die studie nie om 'n vergelyking te tref tussen die  $V_{POS}$  van StAfr en GrAfr nie, maar eerder om aan te toon op watter unieke wyses  $V_{POS}$  in GrAfr gebruik word grammatikale betekenis uit te druk.

### **1.7.2.1 Samestelling van konkordansies**

#### *1.7.2.1.1 Samestelling van die Gr-konkordansie*

Die samestelling van die Gr-konkordansie het uit drie oorhoofse stappe bestaan. Die eerste stap betrek die Griekwa-verslae van 1984 wat uit vyf dele bestaan. Daar is sistematies gewerk vanaf deel een en alle sinsvoorbeelde met een of meer  $V_{POS}$  is in 'n Excel-dokument gedigitaliseer, aangesien die verslae nie in 'n digitale formaat beskikbaar is nie. Die dokumente vanuit die verslae wat die grootste deel van die

konkordansie se voorbeelde uitmaak, was onderhoude wat met GrAfr-moedertaalsprekers gevoer is deur onderhoudvoerders in die span wat betrokke was by die samestelling van die Griekwa-verslae. Verder is stories, liedjies en gedigte – soos opgeteken in die verslae – ook opgeneem indien daar sinne of sinsdele was wat 'n  $V_{POS}$  bevat het. Dit was nie nodig om deur al die dele van die verslae te werk nie, aangesien die nodige hoeveelheid voorbeelde bereik is vroeg in Band II, Deel II. Hierdie proses van digitalisering is volgehou totdat daar presies 1000 bruikbare  $V_{POS}$ -sinne saamgestel is. Enige sinne met meer as een voorbeeld van  $V_{POS}$  is in Excel gedupliseer, sodat elke voorbeeld van  $V_{POS}$  afsonderlik bestudeer kon word. Dit is belangrik, aangesien die datahantering handel oor  $V_{POS}$  voorbeelde, en nie die aantal sinne nie. Ná die nodige duplisering, het die Gr-konkordansie uit 1125 sinne bestaan. In totaal is 15 261 sinne (met of sonder 'n  $V_{POS}$ ) van 35 segspersone deurgegaan om die konkordansie saam te stel.

Vervolgens is kolomme op dieselfde Excel-blad geskep om elke voorbeeld in te deel volgens hul leksikale of grammatikale gebruik, hul TAM-funksie (indien die voorbeeld wel grammatikaal van aard was), asook die voorbeeldsin se sinstipe. Die volgende kolom dui aan of daar meer as een  $V_{POS}$  direk na mekaar voorkom in die sin, dan of daar in totaal meer as een  $V_{POS}$  in die hele sin is, en laastens word aangedui of die  $V_{POS}$  in sommige sinne as wisselvorm van *gaan* optree. Hierdie laaste kolom se belang sal in 4.3.2.2 verduidelik word. Die Excel-dokument kan in die bylaag as Bylaag A gevind word.

#### *1.7.2.1.2 Samestelling van die TK-konkordansie*

Die TK-konkordansie is saamgestel uit die TK-korpus. Die TK-korpus bevat lang opeenvolgende gedeeltes teks deur een skrywer voordat dit oorgaan na 'n volgende skrywer se tekste. Om dieselfde samestellingsmetode as in die Gr-konkordansie te gebruik (om bo te begin en ondertoe te werk tot genoegsame voorbeelde gevind is) sou dus nie 'n suksesvolle verteenwoordiging van 'n aantal sprekers se taalgebruik wees nie, aangesien die Gr-konkordansie uit baie verskillende sprekers se taalgebruik bestaan. In 'n poging om dieselfde eienskap in die TK-konkordansie te sit, is die totale TK-korpus eers lukraak en ewekansig gesorteer deur die hele korpus (met behulp van CText by die Noordwes-Universiteit) deur 'n outomatiese sorteringsprogram te sit. Daarna is

voorbeeldsinne met een of meer  $V_{POS}$ -konstruksies onttrek en die eerste 1000 sinne met toepaslike  $V_{POS}$ -konstruksies is saam gegropeer. Vervolgens is dieselfde proses gevolg as by die Gr-konkordansie. Sinne met meer as een  $V_{POS}$  is gedupliseer tot die finale getal van 1051 en daarna is die sinne ook gemerk volgens die genoemde kategorieë. Om by 1000 voorbeeldsinne uit te kom (voor duplisering), is daar vanaf Sin 1 van die lukraakgesorteerde korpus tot by Sin 12044 gesoek voordat 1000 vergelykbare sinsvoorbeelde (oftewel sinne met 'n  $V_{POS}$  in die sin) gevind is. Die uiteindelijke 1051  $V_{POS}$  sinne is dan bekend as die TK-konkordansie.

## 1.8 Hoofstukindeling

Hoofstuk 1 het 'n uiteensetting gebied van die studie se doelstellings en ondersoekmetode. Die studie is ook binne konteks geplaas deur die ontwikkeling van GrAfr en StAfr uit sewentiende-eeuse Nederlands uiteen te sit. Die res van die studie volg die tweeledige ondersoekmetode soos aangetoon in 1.7. Hoofstukke 2 en 3 bevat die teoretiese raamwerk, terwyl Hoofstuk 4 'n empiriese ondersoek aanbied.

In Hoofstuk 2 word *grammatikalisering* gedefinieer en grammatikaliseringsteorie word bespreek. Die toepaslike parameters waarvolgens grammatikalisering werk, word hier uiteengesit, tesame met voorbeelde om die onderskeie parameters te verduidelik.

In Hoofstuk 3 word die hulpwerkwoord in Afrikaans bespreek. Die konsepte *tempus*, *aspek* en *modaliteit* (TAM) word hierin bespreek, aangesien die dataverwerking in Hoofstuk 4 gedeeltelik baseer word op die TAM-rol wat  $V_{POS}$  in GrAfr speel.

Hoofstuk 4 dui aan dat daar baie sterk verskille bestaan tussen die  $V_{POS}$ -konstruksie van StAfr en GrAfr. Hierdie verskille sluit in dat die konstruksie anders gevorm word en ander grammatikale funksies verrig in die twee variëteite. StAfr en GrAfr word vergelyk aangesien daar reeds navorsingsaannames bestaan oor die gebruik en vorming van die  $V_{POS}$ -konstruksie in StAfr. Hierdie hoofstuk stel, deur middel van 'n korpusondersoek, vas watter van hierdie aannames ook waar is vir GrAfr, sodat die gebruik en vorming van die konstruksie in GrAfr ook beter verstaan en beskryf kan word.

In die slothoofstuk word gevolgtrekkings, gebaseer op die korpusondersoek en vergelykings in Hoofstuk 4, gemaak oor die  $V_{POS}$ -konstruksie in GrAfr. Die studie se navorsingsvrae word ook opsommenderwys in hierdie hoofstuk beantwoord.

## Hoofstuk 2: Grammatikaliseringsteorie

### 2.1 Inleiding

In voorbeeldsinne soos “toe *loop* slaap ek” en “toe het my mense so *gestaan swerf*” (Du Plessis, 1984:51) lyk die *loop* en *staan* soos werkwoorde, maar dit besit nie meer die letterlike betekenis van die woord nie. Daar is duidelik ’n verandering van leksikale na grammatikale betekenis, en daar het ’n verandering van hoofwerkwoord na hulpwerkwoord plaasgevind. Grammatikalisering ondersoek juis hierdie soort verandering. Grammatikaliseringsteorie sal vervolgens hier gebruik word om aan te toon hoe hierdie evolusie, te wete die ontwikkeling van hoofwerkwoord tot hulpwerkwoord, plaasvind.

Hierdie hoofstuk stel spesifiek ondersoek in na ’n beskrywing van die grammatikaliseringsteorie. Relevante meganismes en aspekte vir hierdie studie word geïdentifiseer en van naderby beskou. Voorlopig word reanalise en ouksiliëring as sentrale aspekte in hierdie studie beskou. Reanalise sal ondersoek word as ’n meganisme wat baie sterk betrokke is by die grammatikaliseringproses van die  $V_{POS}$ . Ouksiliëring is veral relevant tot hierdie studie aangesien dit verwys na die verandering van hoofwerkwoorde na hulpwerkwoorde en omdat die progressiewe konstruksie in GrAfr deur geouksiliëerde  $V_{POS}$ 'e uitgedruk word. Hierdie teorieë moet beskryf ten einde as teoretiese basis of vertrekpunt te dien vir ’n korpusstudie wat die grammatikale funksies van die  $V_{POS}$  in Griekwa-Afrikaans ondersoek.

### 2.2 Definisies van grammatikalisering

Daar is verskeie bekende definisies van grammatikalisering en elkeen stel iets anders voorop. Die eerste definisie en beskrywing van grammatikalisering is in 1912 deur Antoine Meillet, ’n student van De Saussure, gebruik. Hoewel hy nooit die term eksplisiet gedefinieer nie, verwys hy na “die toeskryf van grammatikale kenmerke aan ’n voorheen outonome woord” (eie vertaling), (Meillet, 1912:131). Hierdie vroeë beskrywing van die grammatikaliseringproses toon duidelik dat ’n inhoudswoord en ’n alleenfunksionerende woord meer grammatikale kenmerke verkry.

Jerzy Kuryłowicz (1965:52) definieer grammatikalisering as “[...]the increase of the range of a morpheme advancing from a lexical to a grammatical or from a less grammatical to a more grammatical status, e.g. from a derivative formant to an inflectional one”. Ook hier gaan dit om die verandering van ’n woord (of morfeem) vanaf ’n leksikale status, na ’n grammatikale status. Dit gaan ook daarvoor dat die frekwensie grammatikale gebruike van ’n woord toeneem.

In hul boek, *Grammaticalization*, verduidelik Hopper en Traugott (2009:1) hoe dit gebeur dat leksikale items in sekere kontekste grammatikale funksies begin verrig:

As a term referring to a research framework, ‘grammaticalization’ refers to that part of the study of language change that is concerned with such questions as how lexical items and constructions come in certain linguistic contexts to serve grammatical functions or how grammatical items develop new grammatical functions.

Hulle stel verder dat daar niks finaal aan grammatikalisering is nie en ook dat ’n struktuur nie noodwendig ’n eindpunt in sy grammatikalisering hoef te bereik nie. Dit kan gedeeltelik grammatikaliseer en steeds tel as ’n gegrammatikaliseerde vorm al is die volledige kliek nie voltooi nie – “Changes do not have to occur [...] they do not have to move all the way along a cline” (Hopper & Traugott 2009:131).

Heine en Reh (1984:15) definieer grammatikalisering as ’n evolusionêre kontinuum:

With the term ‘grammaticalization’ we refer essentially to the evolution whereby linguistic units lose in semantic complexity, pragmatic significance, syntactic freedom, and phonetic substance, respectively. This is the case for instance when a lexical item develops into a grammatical marker [...] Grammaticalization is an evolutionary continuum. An attempt at segmenting it into discrete units and remain arbitrary to some extent.

Grammatikalisering word deur Lehmann (1995:122) beskryf in terme van die outonomie van die taalkundige teken, “[...] whereby the reduction of autonomy raises the degree of grammaticalization.” Hy voeg dan by dat “autonomy is determined by the three parameters of weight, cohesion and variability” (Lehmann, 1995:122).

Die unidireksionele en sikliese wyse waarop die grammatikaliseringproses plaasvind, word deur Croft (1990:257) beklemtoon:

Grammaticalization is the process by which full lexical items become grammatical morphemes [...] [It] is unidirectional and cyclic [...]: grammatical morphemes originate from lexical items, disappear through loss, and reappear when new words become grammatical morphemes (Croft).

Daar is vele ander wyses waarop grammatikalisering gedefinieer word, maar uit die bogenoemde definisies kan daar reeds ooreenkomste gesien word in terme van wat grammatikalisering behels. Almal stem ooreen dat grammatikalisering 'n proses is waartydens leksikale eenhede hul leksikale waarde verloor om meer grammatikaal van aard te word. Meillet (1912) verwys na die "toevoeging van grammatikale karakter". Hopper en Traugott (2009:1) noem dit die manier waarop leksikale items en konstruksies in sekere kontekste meer grammatikale funksies begin verrig. Kuryłowicz (1965) meen dit is die toename van 'n morfeem se vermoë om van 'n leksikale na grammatikale status te vorder. Heine en Reh (1984) stel die eksplisiete voorbeeld van taalkundige eenhede wat semantiese kompleksiteit verloor deur te verwys na die geval waar 'n leksikale item ontwikkel tot 'n grammatikale merker, en Croft (1990) beskryf dit as die proses waartydens volle leksikale items grammatikale morfeme word.

Vir die doel van hierdie studie sal grammatikalisering gedefinieer word as:

'n Proses waartydens leksikale eenhede hul leksikale betekenis verloor om meer grammatikaal te word. Hierdie eenhede ondergaan dus semantiese verandering wat lei tot 'n toename in frekwensie van gebruik. Dit is nie nodig dat 'n eenheid al die grammatikaliseringprosesse moet deurmaak om as 'n gegrammatikaliseerde vorm beskou te word nie.

## 2.3 Aspekte van grammatikalisering<sup>6</sup>

Vervolgens sal die belangrikste aspekte van grammatikalisering bespreek word wat myns insiens van toepassing is op die grammatikaliseringsproses van  $V_{POS}$  in GrAfr. Hieronder sal die konsepte *grammatikaliseringsklien* en *unidireksionaliteit* bespreek word, gevolg deur 'n bespreking van Heine & Kuteva (2006) se die grammatikaliseringsparameters, te wete uitbreiding (*extension*), desemantisering (*desemanticization*), kategoriale verandering (waaronder reanalise en ouksiliëring) en erosie (*erosion*).

### 2.3.1 Grammatikaliseringsklien

Een van die belangrikste uitgangspunte oor grammatikalisering, is dat dit volgens 'n vasgestelde, grammatikaliseringsklien plaasvind. Hierdie roete impliseer 'n geleidelike verandering met opeenvolgende fases oor 'n verlengde tydperk. Verskillende terme word in die literatuur gebruik om na 'n grammatikaliseringsklien te verwys. 'n Klien is volgens Hopper en Traugott (2009:6), 'n metafoor vir die empiriese waarneming dat veranderende taalitems oor tale heen dieselfde tipes veranderings ondergaan, of dat hulle eenderse stelle verhoudings het in eenderse volgordes. Ander terme wat gebruik word, is "kontinuum" (*continuum*) (Hopper & Traugott, 2009:6) en wat Lehmann (1995) noem "grammatikaliseringskanale" (*grammaticalization channels*) met die interne strukture binne hierdie kanale bekend as "grammatikaliseringskettings" (*grammaticalization chains*) (Heine *et al.*, 1991:222). Eenvoudig gestel is 'n grammatikaliseringsklien, dus 'n natuurlike roete wat taalitems volg tydens die grammatikaliseringsproses – 'n skema wat die taalvorm se ontwikkeling uiteensit.

Campbell en Janda (2001:95) is van mening dat Meillet (1912) grammatikalisering eers begin uitbeeld het as iets wat gesinkroniseerde verswakking van beide betekenis en fonologiese vorm behels. Vir Meillet was grammatikalisering hoofsaaklik leksikaal →

---

<sup>6</sup> Nie alle navorsers sien die volgende aspekte as "voorwaardes" of "absolute kenmerke" nie. Daar is wel 'n seleksie gemaak van aspekte wat gereeld geassosieer word met grammatikalisering en relevant is vir hierdie studie se argument en toepassing van die teorie.

grammatikaal, met die grammatikale kant van die ontwikkeling wat self 'n interne volgorde bevat het (sintakties → morfologies). Die algehele klie loop dan van leksikaal → sintakties → morfologies. Die volgende voorbeeldsinne illustreer hierdie evolusie:

(20) GrAfr:        *Dan **staan** hy reg met sy kiere.*

(21) GrAfr:        *Klim ek op Swartbergstasie af en **staan** wag een van my groot broers my al daar mêtie perde.*

Volledige evolusie word egter nie hier geïllustreer nie, want die VPOS het nog nie tot gebonde morfeem verswak nie. Voorbeelde (20) en (21) beeld uit hoe die  $V_{POS}$  telkens in die eerste sin 'n leksikale rol vervul en in die tweede sin 'n meer grammatikale rol speel. In (20) staan die man letterlik, teenoor die volgende voorbeeld waar *staan* eerder 'n hulpwerkwoord is, aangesien dit eerder daarvoor gaan dat die broer al met die perde wag. Die algemene siening is dat 'n grammatikalisering sklie slegs in een rigting kan beweeg, en in hierdie verband stel Lass (soos aangehaal deur Campbell & Janda, 2001:104) dat 'n woord wat op 'n klie begin verander, nie weer terug op die klie kan beweeg nie – die verandering is dus onomkeerbaar:

Each step along[...] [such a] pathway seems irreversible or nearly so; once a noun has become a postposition [...] it can't become a noun again, [nor can] a case-marker [...] detach itself and become a postposition [...] Developments of this kind can be construed as paths along a chreod [(‘gutter’ or [...] ‘preset path’)] leading to a point-attractor; each stage gets “closer” to the sink, which is a bound morph. And once this stage is reached, there is generally no way of emerging from it.

Dit is baie duidelik uit hierdie aanhaling dat grammatikalisering slegs in een rigting kan beweeg met geen terugkeer na die vorige toestand nie. Hierdie voorveronderstelling word verder in die volgende onderafdeling oor unidireksionaliteit bespreek.

### **2.3.2 Unidireksionaliteit**

Vele navorsers stel dat grammatikalisering 'n unidireksionele en onomkeerbare eenrigtingproses is (vgl. Hopper & Traugott, 2009:99; Haspelmath, 1999:1044). Givón (soos aangehaal deur Lehmann, 2002:17) meen dat grammatikalisering in essensie die uitwis van semantiese, sowel as fonologiese materiaal behels. Wanneer grammatikalisering begin plaasvind, is daar sekere roetes waarvolgens dit kan beweeg,

van meer leksikaal na minder leksikaal (Campbell & Janda, 2001: 101). Newmeyer (1998:276) reken dat grammatikalisering unidireksioneel is omdat grammatikale kategorieë baie minder koderingsmateriaal as leksikale kategorieë benodig:

Functional categories require less coding material — and hence less production effort — than lexical categories. As a result, the change from the latter to the former is far more common than from the former to the latter.

Die klie in 2.3.1, soos beskryf in Hopper en Traugott (2009:7) kan weer hier betrek word om aan te dui dat unidireksionaliteit impliseer dat een fase van grammatikalisering deur 'n volgende fase gevolg sal word. Dit is ook die algemene roete wat inhoudswoorde wat grammatikaliseer tot fleksieaffikse sal volg (Breed, 2012:89):

inhoudswoord → grammatikale woord → enklitiese vorm → fleksieaffiks

Leksikale items wat grammatikaliseer moet eers semanties veralgemeen en algemene diskoersfunksies verrig. Daarna word dit sintaktiese konstruksies wat mettertyd selfs morfologies kan saamsmelt om iets soos 'n agtervoegsel te word (Hopper & Traugott, 2009:100).

Herring (1991:253) meen dat taalgebruikers bekende, konkrete verwysings gebruik om onbekende konsepte mee uit te druk en nie andersom nie. Die sogenoemde vereenvoudiging van abstraksies is eenders aan die geneigdheid van taalgebruikers om taalstrukture te vereenvoudig en nie te kompliseer nie. Grammatikalisering is unidireksioneel omdat dit nuwe konsepte motiveer om in nuwe vorme aangebied te word.

Grammaticalization is widely claimed to be unidirectional with respect to increasing degree of abstraction; that is, language users tend to refer to abstract, less accessible concepts in terms of more familiar, concrete ones, and this tendency is one of the factors which motivates the linguistic encoding of new concepts in new forms [...] Such a claim is well-motivated cognitively and supported by synchronic and diachronic evidence from a number of languages (Herring, 1991:253).

Unidireksionaliteit meen dus dat grammatikalisering slegs in een rigting kan beweeg en dit vind hoofsaaklik plaas omdat taal eerder vereenvoudig as gekompliseer, word.

In die samestelling artikels *Rethinking Grammaticalization* stel Bisang (2008:31) dat grammatikalisering gewoonlik volgens twee stadia gedefinieer word. Dit blyk egter twee prosesse te wees: eerstens die proses vanaf 'n leksikale na 'n grammatikale item en tweedens van 'n gegrammatikaliseerde vorm na 'n verder gegrammatikaliseerde vorm (dus 'n terugkeer na Kurłowicz se definisie van 1965) (Bisang, 2008:31).

### **2.3.3 Parameters van grammatikalisering**

Heine en Kuteva se model (2006:15) stel dat grammatikalisering vier interverwante parameters betrek, naamlik:

- a) uitbreiding, konteksveralgemening of gebruik binne nuwe kontekste (frekwensietoename);
- b) desemantisering of semantiese verbleking;
- c) kategoriale verandering (die verlies aan morfosintaktiese eienskappe van leksikale of ander minder grammatikale vorme); en
- d) erosie/fonetiese reduksie (die verlies aan fonetiese inhoud).


'n Voorvereiste van grammatikalisering is die ingebruikneming van bestaande woordvorme of konstruksies in nuwe kontekste. Aangesien nuwe kontekste ruimte skep vir nuwe semantiese interpretasies, kom nuwe (grammatikale) betekenissoos (a) ook dikwels na vore. Terwyl uitbreiding pragmaties is, is die drie ander parameters morfosintaktiese produkte van uitbreiding (Heine & Kuteva, 2006:15). Op dieselfde manier waarop taalkundige items semantiese (b), morfosintaktiese (c) en fonetiese waarde (d) verloor tydens grammatikalisering, win hulle ook eienskappe wat kenmerklik sal wees in hul gebruik in die nuwe kontekste.

Daar word by hierdie uiteensetting van Heine en Kuteva (2006; 2007) aangesluit en alle prosesse word by die betrokke uiteensetting ingeskuif sover dit in relevansie staan tot die verduideliking van  $V_{POS}$ . Soos in hierdie studie, gebruik Breed (2012:82) ook Heine en Kuteva (2007:3) se grammatikaliseringmodel om in haar studie die ontwikkeling en gebruik van perifrastiese progressiewe konstruksies in StAfr vanuit 'n grammatikaliseringperspektief te verduidelik.


Hierdie is 'n oorkoepelende model wat die meeste fasette van grammatikalisering insluit. Breed (2012:84) noem dat elk van die parameters in Heine en Kuteva se model 'n aantal subkategorieë insluit wat deur ander navorsers soos Hopper en Traugott (2009), Lehmann (1995) en Bybee *et al.* (1994) as vereistes, parameters of kenmerke van grammatikalisering beskou word. Soos uiteengesit deur Breed (2012:85), sluit hierdie aspekte, onder andere, die volgende in:

1. die ontwikkeling van grammatikaliseringprosesse volgens 'n sogenaamde grammatikaliseringsskiedenis;
2. verandering wat tipologies gesproke altyd unidireksioneel plaasvind;
3. grammatikalisering wat bepaalde semantiese verandering tot gevolg het;
4. die toename in frekwensie van konstruksies wat grammatikaliseer;
5. leksikale oorspronge van gegrammatikaliseerde konstruksies wat relevant is vir die spesifieke grammatikaliseringroetes waarop hierdie konstruksie evolueer; en
6. die belangrike rol wat reanalise speel in sommige grammatikaliseringprosesse.

Aanvullend tot Heine en Kuteva se indeling, benut hierdie studie twee skale vanuit Bybee *et al.* (1994:40-41) wat illustreer hoe 'n konstruksie volgens 'n grammatikaliseringproses verander. Albei skale dui aan op watter stadium van grammatikalisering 'n konstruksie begin flekteer. Hierdie twee skale stel twee verskillende soorte kontinuuums voor (vgl. Breed, 2012:101). Die eerste skaal is die grammatikaliseringsskaal, oftewel 'n aanduiding van hoe ver 'n item al op die grammatikaliseringroete gevorder het. Soos in Figuur 4 gesien kan word, is fleksie (oftewel afleiding) die finale fase van die diakroniese ontwikkeling van leksikale konstruksies.



Breed (2012:101) verduidelik dat die tweede skaal (vergeelyk Figuur 5) nie noodwendig 'n diakroniese ontwikkeling voorstel nie, maar eerder gebaseer is op die graad van samesmelting of fusie (*fusion*) van twee verskillende konstruksies. Dit toon hoe afhanklik twee konstruksies van mekaar is. Breed (2012:101) stel dat konstruksies meer geneig is om met mekaar saam te smelt wanneer hulle meer afhanklik raak van mekaar.



Figuur 6 dui aan dat konstruksies op diakroniese en sikliese wyse ontwikkel. Leksikale items grammatikaliseer om 'n meer veralgemeende, grammatikale betekenis te kry. Aangesien die gebruik veralgemeen, neem die konstruksie toe in frekwensie. Soos genoem, raak die konstruksies meer afhanklik van mekaar soos wat hul frekwensie toeneem. Die interafhanklike konstruksies sal steeds verder in frekwensie toeneem, totdat sommige van die items so afhanklik van mekaar raak dat hulle begin saamsmelt en fleksies en afleidings vorm. Volgens Breed (2012:102) is die laaste fase van die

ontwikkeling dat die afgeleide konstruksie weer 'n ongebonde, leksikale konstruksie vorm. Na aanleiding hiervan is dit duidelik dat grammatikalisering beide diakronies en sinkronies bestudeer kan word, en beide diakroniese en sinkroniese kenmerke vertoon. Dit is dus nodig om sinkronies na hierdie diakroniese proses te kyk, om sodoende alle vlakke van die konstruksie se ontwikkeling te kan bestudeer.

Breed (2012:84) noem dat 'n belangrike vertrekpunt van Heine en Kuteva se model is dat die bogenoemde parameters diakronies gerangskik moet word. Uitbreiding is die eerste fase van die grammatikaliseringproses wat verbleking inisieer en dan lei tot kategoriale verandering wat gevolg word deur erosie.

### **2.3.3.1 Uitbreiding (konteksveralgemening en frekwensietoename)**

Volgens Heine en Kuteva (2006:58) loop uitbreiding, of konteksveralgemening, heel moontlik hand aan hand met die vestiging van nuwe betekenis. Met nuwe kontekste, word nuwe betekenis geskep en met meer betekenis wat geheg word aan 'n woord, neem die frekwensie in gebruik ook toe. Die wyse waarop nuwe kontekste nuwe betekenis skep is wel onduidelik. Die vraag bestaan egter of dit inderwaarheid die nuwe kontekste is wat nuwe betekenis skep, en of dit eerder die sprekers is wat nuwe betekenis voorstel en die toepaslike konteks gebruik om hierdie betekenis uit te beeld (Heine & Kuteva, 2006:60). In hierdie verband gee Haspelmath (1999:1043) 'n gebruiksgebaseerde verduideliking wat stel dat taalverandering plaasvind as die resultaat van ontelbare individuele sprekers wat nie die taal probeer verander nie, maar dat dit 'n newe-effek van hul taalgebruik is wat die taal in 'n spesifieke, onomkeerbare, rigting stuur. Uitbreiding kan ook betrokke wees by sekere aspekte van die veranderings tydens grammatikalisering, soos hierdie aanhaling deur Campbell (2001:146) illustreer.

Extension results in changes in surface manifestation, but does not involve immediate modification of underlying structure (Campbell, 2001:142).

Lemmens (2003: 11) gee voorbeelde ((22)-(26)) uit Nederlands waar die  $V_{POS}$ 'e se konteks uitgebrei het sodat die lokatiewe betekenis lyk soos 'n besittende uitdrukking (*possession as location*). Hierdie werkwoorde is ook uitgebrei tot so 'n mate dat die postuur nie meer noodwendig voor die hand liggend is nie:

(22) Ndl: *Men **zit** met een teveel aan kantoren.* (Lemmens, 2003:11)

'Hulle **sit** met 'n oormaat kantore.'<sup>7</sup>

(23) Ndl: *Een aantal mensen **zit** nog met een oudere moraal.*

' 'n Aantal mense **sit** met outydse morele waardes.'

(24) Ndl: *Je **zit** met het probleem van de beperkte zendtijd.*

'Jy **sit** met die probleem van beperkte uitsendingstyd.'

(25) Ndl: *Daar **zit** ik wel mee.*

'Ek **sit** daarmee.' (= *Ek het 'n probleem daarmee*)

(26) Ndl: *Ik **zit** zonder geld.*

'Ek **sit** sonder geld.' (= *Ek het geen*)

Elkeen van die bogenoemde gevalle verwys na situasies waar die agent 'n entiteit besit (met die gebruik van *met*) óf nie 'n entiteit besit nie (gebruik *zonder*). In elke geval is die persoon vasgevang in een plek as gevolg van hierdie besitting (Lemmens, 2003:11).

In Nederlands, StAfr en GrAfr is  $V_{POS}$ 'e uitgebrei om nie meer altyd 'n agent se postuur aan te dui nie, maar ook om die horisontale en vertikale oriëntasie van objekte aan te dui. Dit kom veral algemeen voor in terme van eiendom soos boeke (wat op tafels kan lê, of op 'n boekrak kan *staan*). As 'n objek tipies nie op sy eie kan regop staan nie (in die geval van nierigiede voorwerpe soos papier, komberse en matte), word dit in 'n horisontale rigting getrek om dan eerder te lê (vgl. Lemmens, 2003:12):

(27) Ndl: *Er **ligt** (een krant/water/sneeuw/zand) op de weg.* (Lemmens, 2003:12)

'Daar **lê** ('n koerant/water/sneeu/ sand) op die pad.'

(28) StAfr: *Dit is 'n droë loop en oral **staan** bome.*

(29) GrAfr: *As de rietje inne water **lê**, inne water lê, inne water lê.*

---

<sup>7</sup> Slegs voorbeelde waarvan die betekenis nie heeltemal duidelik is nie, sal na Afrikaans vertaal word.

In ander gevalle weer (soos (30) & (31)) kan ruimtes 'n geografiese ligging hê, soos gereeld gesien word in StAfr en GrAfr:

(30) StAfr: *Die magistraatskantoor **lê** aan die weste op die kant van die dorp.*

(31) GrAfr: *Daardie hele plek soos hy daar **lê**, dit was Griekwastad.*

Voorbeeld (30) verwys na die poskantoor se plasing in terme van die dorp se geografie, terwyl (31) verwys na 'n stuk land wat uitgestrek lê en wat, volgens die spreker, altyd Griekwastad was. Die land lê natuurlik op 'n horisontale wyse uitgestrek, so die  $V_{POS}$  vir 'n horisontale posisie kan hier gebruik word.

### 2.3.3.2 Desemantisering (semantiese verbleking)

Die vorige voorbeeldsinne het getoon dat 'n konstruksie kontekstueel kan uitbrei, hetsy deur te leksikaliseer (dus, meerdere leksikale betekenis te begin uitdruk) óf te grammatikaliseer (dus, verdere grammatikale funksies te begin verrig). 'n Volgende fase van kontekstuele uitbreiding as deel van 'n grammatikaliseringproses, is dat die konstruksie se betekenis begin verbleek.

Tydens desemantisering ontvang 'n leksikale item 'n tweede, nieleksikale funksie, wat uiteindelik sy enigste funksie kan word (Heine & Reh, 1984:36). Saam met leksikale betekenis, ontvang 'n woord dus 'n grammatikale funksie en kan dit eindelijk in 'n grammatikale morfeem verander. Tydens hierdie proses verskuif betrokke taalkundige eenhede gewoonlik van 'n oop na 'n geslote kategorie "or from a major to a minor part of speech" (Heine & Reh, 1984:39). Wanneer 'n leksikale item eers gedeseantiseer het, kan dit sommige van sy morfosintaktiese eienskappe verloor, soos die vermoë om infleksionele of afleidingsaffikse aan te neem. 'n Eienskap van desemantisering is dat die verandering van semantiese na grammatikale funksie vergesel word van 'n verskuiwing in sintaktiese status (Heine & Reh, 1984:37). In voorbeelde (32) en (33) het desemantisering 'n werkwoord na 'n voorvoegsel verander:

(32) Ewe: *Me- tso déha **ná** Kofi. (Heine & Reh, 1984:37)*  
*Ek- vat palmwyn **gee** Kofi.*

(33) Ewe: *Me- tso déha **ná** Kofi. (Heine & Reh, 1984:37)*  
*Ek- vat palmwyn **vir** Kofi.*

'Ek het vir Kofi palmwyn gegee.'

Desemantisering, net soos erosie, is nie 'n nodige of voldoende kenmerk van grammatikalisering nie (Campbell, 2001:151). Campbell vra dan in hierdie geval hoe nodig dit vir grammatikalisering is dat semantiese verbleiking en fonologiese reduksie (erosie) moet plaasvind. Nie een van die twee aspekte is nodige of voldoende vereistes nie, aangesien daar gevalle van verandering is wat nie gevalle van grammatikalisering is nie óf gegrammatikaliseerde items wat nie een van hierdie twee meganismes betrek nie (Campbell, 2001:157). Lehmann (1995:128) stem saam met hierdie stelling en voer aan dat desemantisering, nes fonologiese reduksie, ook buite grammatikalisering plaasvind.

In die meeste gevalle van desemantisering is daar die teenwoordigheid van 'n funksionele splitsing wat plaasvind wanneer een taalkundige eenheid<sup>8</sup> (A) 'n sekere proses ondergaan om taalkundige eenheid (B) te word. Dit beteken nie dat A se oorspronklike status uitgekanselleer word nie – dit word vir 'n tydperk behou sodat daar in effek twee naasbestaande vorme bestaan wat slegs verskil in hul graad van grammatikalisering. B bly gewoonlik vir 'n tyd lank die “hibried” aangesien (hoewel dit 'n nuwe status het) dit steeds sekere fonologiese en morfologiese eienskappe behou van die tyd toe dit die rol van A vertolk het. Dit is dus duidelik dat 'n funksionele verdeling hier lei na die verskyning van funksiewoorde (Heine & Reh, 1984:84).

Sodra 'n taalitem eers 'n grammatikaliseringsskanaal betree het, is daar verskeie sintaktiese implikasies wat kan volg. Sulke implikasies kan slegs in verband staan tot die relevante eenheid, of tot volledige sinstrukture. Sommige prosesse, soos desemantisering en uitbreiding (*extension*), betrek merkwaardige sintaktiese veranderings, en ander soos aanpassing (*adaptation*) en erosie (*erosion*), is sintakties irrelevant (Heine & Reh, 1984:95-96).

Ter uitbeelding van desemantisering, gee Heine en Reh (1984:38) die voorbeeld van 'n taalkundige eenheid wat moontlik meer as een keer desemantisering kan ondergaan, maar telkens deur 'n ander kanaal. Hulle noem die Kwa-tale as voorbeeld, waar die

---

<sup>8</sup> Oftewel 'n taalitem, soos daar in hierdie studie na die konsep verwys word.

werkwoord “wees by” drie verskillende funksies verrig: (i) as lokatiewe werkwoord; (ii) as voorsetsel; en (iii) as ’n onvoltooide aspektuele merker:

(34) Ewe: (i) *me-lê xɔ me.* (Heine & Reh, 1984:38)

*Ek-wees.by huis in.*  
 ‘Ek is in die huis.’


(ii) *me-ɖu nú lê xɔ me.*

*Ek-eet ding PREP huis in.*  
 ‘Ek eet in die huis.’

(iii) *me-lê nú ɖu-ń.*

*Ek-ONVOL ding eet-PROG.*  
 ‘Ek (is besig om te) eet.’

(i) verteenwoordig die oorspronklike funksie, terwyl (ii) en (iii) gevalle van desemantisering is. Heine en Reh (1984:38) illustreer die proses soos volg.



’n Voorbeeld van desemantisering in GrAfr kan gevind word by die wisselende gebruik van *loop* en *gaan*. Die  $V_{INF}$  “om te gaan” het veralgemeen om ook ’n progressiewe aspektuele merker te word, soos in (35).

(35) GrAfr: *Ons sal môet mar weerie witmense bietjie **lop** spreek meneer.*

*Ons sal môet mar weerie witmense bietjie **gaan** spreek meneer.*

### 2.3.3.3 *Kategoriale verandering*

Grammatikalisering het hoofsaaklik te doen met die ontwikkeling van betekenis en het ook 'n morfosintaktiese komponent, naamlik kategoriale verandering. Kategoriale verandering word beskryf in terme van 'n morfologiese siklus wat begin met vry sintaktiese strukture en leksikale vorme en vorder tot enklitiese vorme en ander affikse. Dit eindig teoreties gesproke in die verlies van grammatikale vorme. Aan die einde van hierdie ontwikkeling kan "uitgediende" vorme vervang word met ander vorme, wat die begin van 'n nuwe ketting van ontwikkeling kan beteken (Heine & Kuteva, 2006:165). Die volgende kien dui aan dat elke item na die regterkant meer grammatikaal en minder leksikaal is as die item aan sy linkerkant.

inhoudswoord → grammatikale woord → enklitiese vorme (*clitic*) → fleksieaffiks

(Hopper & Traugott, 2009:7)

'n Voorbeeld van kategoriale verandering by GrAfr is voorbeeld (36), waarin die hoofwerkwoord *loop*, oftewel *lop*, 'n tempusmerker van toekoms word. Grammatikalisering het veroorsaak dat *loop* sy leksikale waarde verloor om nou 'n funksie te verrig as die ekwivalent van *gaan*, wat in hierdie geval 'n toekomsmerker is, en dus het 'n kategorieverskuiwing plaasgevind vanaf hoofwerkwoord na hulpwerkwoord van tempus.

(36) GrAfr:      *As jy nou so dertien jaar **lop** oud word*

Reanalise en ouksiliëring word onder kategoriale verandering bespreek as gevolg van hierdie meganismes se neiging om leksikale strukture stelselmatig na meer grammatikale strukture verander. Dit kan myns insiens as kategoriale verandering beskou word. Hoewel hierdie nie die enigste twee meganismes is wat onder kategoriale kan sorteer nie, is dit die twee meganismes wat die meeste van toepassing is op hierdie studie.

#### 2.3.3.3.1 *Reanalise*

Harris en Campbell (1995) (soos aangehaal deur Campbell, 2001:141) argumenteer dat daar slegs drie meganismes van sintaktiese verandering is, naamlik reanalise, uitbreiding en verlening (*borrowing*). Hulle meen dat gegrammatikaliseerde vorme uit enige van hierdie drie meganismes kan spruit, maar dat reanalise oorheers. Reanalise

verander die onderliggende struktuur van 'n grammatikale konstruksie, maar wysig nie die oppervlakmanifestasie nie.

Reanalise is 'n meganisme van grammatikalisering, maar nie 'n voorvereiste daarvan nie (Kuteva, 2001:2). Met hierdie meganisme verstaan die luisteraar dat 'n uitdrukking 'n ander struktuur en betekenis het as dié wat die spreker bedoel het om daaraan te heg. 'n Bekende voorbeeld, geneem uit Hopper en Traugott (2009:50), is wanneer [Hamburg]+[er] 'kos item van Hamburg' gehoor word as [ham]+[burger]. Kort voor lank word die woord 'ham' met 'kaas' of 'bief' vervang, maar hierdie vervanging is 'n blote simptoom van 'n verandering wat reeds stilweg gebeur het. Hierdie voorbeeld illustreer reanalise van 'n enkele leksikale item, maar sintaktiese strukture kan ook gereanaliseer word (Hopper & Traugott, 2009:50). Die reanalise is nie sigbaar totdat 'n opmerklike verandering in die woordvorm plaasvind nie.

Langacker (1977:59) definieer reanalise as:

Change in the structure of an expression or class of expressions that does not involve any immediate or intrinsic modification of its surface manifestation.

Soms veroorsaak reanalise 'n verandering wat 'n grammatikale effek het, maar steeds 'n verskuiwing van 'n grammatikale na 'n leksikale struktuur het, eerder as van 'n leksikale na grammatikale struktuur – dit is die norm vir grammatikalisering (Heine & Reh, 1984:58). Hopper en Traugott (2009:59) herinner daaraan dat hoewel grammatikalisering altyd reanalise bevat, baie gevalle van reanalise nie grammatikalisering as resultaat het nie en ook dat, terwyl grammatikalisering in essensie unidireksioneel is, reanalise nie noodwendig is nie (Hopper & Traugott, 2009:95). Vanuit hierdie perspektief betrek reanalise 'n verandering in konstituensie (*constituency*), hiërargiese strukture, kategoriemarkers, grammatikale verhoudings en kohesie.

Haspelmath (1998:48) is egter van mening dat die meerderheid sintaktiese veranderinge wat plaasvind gevalle van “suiwer” grammatikalisering is wat binne 'n raamwerk van 'n grammatikaliseringsteorie beskryf behoort te word, sonder verwysing na reanalise. Dit is juis relevant vir hierdie studie oor  $V_{POS}$ 'e omdat dit duidelik aantoon wat die motivering agter die geëvolueerde gebruike van  $V_{POS}$  is. Neem as voorbeeld sin (37), waar slegs die  $V_{POS}$  gepassifiseer word. Breed (2012:180-181) meen dat die

onveranderbaarheid van die tweede werkwoord 'n bevestiging is van die  $V_{POS}$  en-progressief wat geouksilieer het. Sy stel verder dat die  $V_{POS}$  as hulpwerkwoord in die konstruksie optree, terwyl die tweede werkwoord die infinitiefwerkwoord word.

(37) *GrAfr:* Die liedjies wat jy nou die dag hier **gesit** en sing het.

*\*Die liedjies wat jy nou die dag hier gesit en gesing het.*

### 2.3.3.3.2 Ouksiliëring

'n Aspek van kategoriale verandering wat sentraal staan tot hierdie studie is ouksiliëring. Spesiale aandag word hieraan gegee aangesien dit juis hierdie kategoriale verandering is wat plaasvind by die grammatikalisering van die  $V_{POS}$ -konstruksie, waarna hierdie studie ondersoek instel.

Ouksiliëring verwys na die proses waartydens komplekse leksikale strukture mettertyd ontwikkel tot hulpwerkwoordelike grammatikale strukture, tesame met al die semantiese, morfosintaktiese en fonologiese veranderinge wat daarmee gepaardgaan (Kuteva, 2001:2). Ouksiliëring, oftewel hulpwerkwoordvorming, is 'n term wat in 1968 deur Benveniste gemunt is om te verwys na die grammatikalisering van hulpwerkwoorde vanuit hoofwerkwoorde (Hopper & Traugott, 2009:26). Hierdie ontwikkeling benodig dikwels volledige konstruksies en nie net enkele woorde nie (Heine soos aangehaal deur Kuteva, 2001:2) en kan gesien word as 'n proses waartydens 'n morfosintaktiese verandering 'n leksikale struktuur na 'n grammatikale struktuur verander, soos gesien kan word in voorbeeld (38). Hier het *sit* (oorspronklik leksikaal) verander na 'n grammatikale struktuur wat 'n verledetydsaanduiding gee.

(38) *Diola Fogny:* i **lakɔ** fu- ri (Heine & Reh, 1984:118)

I- **sit** INF- eat

'I was eating.'

(39) *Bul:* Tova e zamraǐ znalo. (Kuteva, 1998:295)

this.NEUT.SG be.3SG.PRES freeze.PFV.PAST.PART.NEUT

'This has become frozen.'

Die verskynsel van komplekse werkwoordstrukture wat tot ouksiliêre strukture ontwikkel, is 'n proses wat strek oor tyd, soos dit ook die geval is met die meeste ander grammatikaliseringprosesse, soos reanalise en semantiese verbleking wat reeds bespreek is. Die klem lê op die wye verskeidenheid gebruike van hulpwerkwoorde, beide tydens enige sinkroniese stadium, asook die tydperk waartydens die minder hulpwerkwoordelike vorm in 'n meer hulpwerkwoordelike vorm verander tydens die historiese fase (Kuteva, 2001:7). Lehmann (2002:29) verduidelik die proses kortliks as wanneer 'n hoofwerkwoord 'n hulpwerkwoord word, moontlik via 'n modale werkwoord, wat dan om die beurt 'n modale of aspektuele merker word, en eindelik ook 'n tempus merker kan word: “[...] it may be employed when the predicate is a nominalized verb form, and in this way it ends up as an auxiliary”.

(40) *StAfr: Hy is gelukkig nie daarvan bewus dat sy pa, met sy veel ryper lewenskennis, hom doelbewus op taktvolle manier op 'n pad stuur waar hy self moet dink en self moet besluite neem om hom sodoende betyds voor te berei vir die dag wanneer daar nie 'n pa sal wees om na toe te hardloop nie.*

In (40) kan *sal* ook vervang word met *gaan*. Soos Lehmann verduidelik het, is die moontlikheid hier dat die modale werkwoord eindelik 'n tempusmerker kan word.

In beide sy diakroniese en sinkroniese manifesterings word ouksiliëring gesien as deel van 'n grammatikaliseringketting. Dit is 'n struktuur waar die verskillende ontwikkelingsstadia van taalkundige eenhede (van leksikaal na grammatikaal) ooreenstem met daaropvolgende skakels van die ketting. Aangesien die skakels in 'n fisiese ketting oorvleuel, kan 'n grammatikaliseringketting 'n nuttige metafoor wees vir 'n taalkundige vorm wat 'n aantal oorvleuelende gebruike het (Kuteva, 2001:10). Kuteva (2008:208) stel dat daar tydens ouksiliëring 'n *oorgangsperiode* is, wat plaasvind wanneer een struktuur vervang word deur 'n ander, nuwe struktuur. Ná hierdie oorgangsperiode sal die erosieperiode begin, saam met die ander drie prosesse wat deel is van grammatikalisering, naamlik uitbreiding, semantiese verbleking en kategoriale verandering (Kuteva, 2008:208).

Oorvleuelende gebruike is nie ongewoon nie. Die tipe oorvleueling wat die meeste bespreek word, is 'n oorvleueling in funksie – waar twee of meer uitdrukkings tydens 'n spesifieke punt in tyd die ontwikkeling van 'n spesifieke taal kompeteer vir die markering van 'n spesifieke funksie. Hierdie stryd lei gewoonlik na die terugstaan of verlies van die

ouer uitdrukking. In voorbeeld (41) uit Estnies dui Hopper en Traugott (2009:125) aan dat die relatiewe klous op twee maniere gevorm kan word – in konstruksie met 'n betreklike voornaamwoord en spilwerkwoord (*finite verb*) (41a) en met 'n partisipiumwerkwoord en geen voornaamwoord (41b).

(41)a. *Vanake silmitse-s kava inimes-t kes sammu-s üle*  
*old-man observe-PAST:3SG for-a-long-time person-PARTIT REL go-PAST:3G across*  
*õue elimaja poole.*  
*courtyard:GEN residential building:ILL*

*'For a long time the old man observed the person who was going across the courtyard to the residential building.'*

b. *Vanake silmitses kava üle õue elumaja poole*  
*old-man observe.PAST.3SG for-a-long-time across courtyard:GEN residential building*  
*sammu-vat inimes-t.*  
*go-PRES:PART person-PARTIT.* (Comrie, 1981:123-4)

Uit die bogenoemde voorbeeld verduidelik Hopper en Traugott (2009:126) dat (41b) se relatiewe klous, wat om die infinitiewe werkwoord gebou, is letterlik iets beteken soos “the old man watched for a long time the across the courtyard of the residential building going person”. So 'n klous is kenmerklik van 'n aangeleerde of argaïese styl (Comrie soos aangehaal deur Hopper & Traugott, 2009:126). Die meer tradisionele manier om 'n relatiewe klous in Estnies te vorm, is met 'n voornaamwoord en 'n spilwerkwoord, soos in (41a). Soos genoem, dwing die oorvleuelende funksies dikwels die ouer uitdrukking na die agtergrond, maar hierdie ouer laag (*layer*) of uitdrukking word nie noodwendig weggegooi nie en kan eerder interaktief saam met die nuwe laag bestaan (Hopper & Traugott, 2009:125).

Nog 'n tipe oorvleueling wat ondersoek word, is die oorvleueling in betekenis (Kuteva, 2008:209). Dit gebeur gedurende die diakroniese oorvleuelingstadium wanneer twee betekenis (een histories vroeër (A) en een histories later (B)) saam bestaan en later meerduidig is, oftewel  $A \rightarrow AB \rightarrow B$  (Kuteva, 2008:209). In (42) uit Ewe het die woord vir

die liggaamsdeel “rug” (*meǵbé*) byvoorbeeld verander in die bywoord “agter” (ook *meǵbé*).

(42) Ewe:                *dzra      xǝ-á                      pé meǵbé dó.*                                (Heine et al., 1991:66)

*prepare house-DEF of back ready*

‘Prepare the back wall of the house!’ / ‘Prepare the place behind the house!’

Heine et al. (1991:65-68) stel dat daar op die pad na grammatikalisering ’n intermediêre oorvleuelingstadium was waar meerduidigheid tussen die vroeëre en latere betekenis van *meǵbé* bestaan het (A – agterste deel van ’n voorwerp → B – area agter daardie voorwerp).

Tipiese grammatikale kategorieë is inherent meerduidig. ’n Verdere eienskap van grammatikaliseringkettings is dat hulle unidireksioneel is. ’n Tipiese voorbeeld van ’n grammatikaliseringketting is die ‘werkwoord na tempus/aspek/modaliteit’<sup>9</sup> - ouksiliëringsketting (Kuteva, 2001:10). Volgens Heine (1993:53) is dit saamgestel uit ’n leksikale struktuur aan die een kant en ’n grammatikale merker van tempus, aspek of modaliteit aan die ander kant. Die betrokke grammatikale merker hier het nie ’n diskontinue geaardheid soos die tipies kombinasie van  $V_{AUX} + V$  (bv. “*sal skryf*”) nie, maar is ’n infleksie. Die V-na-TAM-ouksiliëringsketting waarna Heine (1993) verwys, betrek vier verskillende kettings: die desemantiseringsketting, die dekatégoriseringsketting, die enklitiferingsketting en die erosieketting wat geïntegreer word in ’n algehele ouksiliëringsketting met verskillende stadia (Kuteva, 2001:11).

Dit is van integrale belang om te weet dat  $V_{AUX}$ ’e self onafskeidbaar is van die proses van ouksiliëring: “An auxiliary is a linguistic item covering some range of uses along the Verb-to-TAM chain” (Heine, 1993:70). Hierdie benadering kan handig wees in die hantering van  $V_{AUX}$  se problematiese geneigdheid om nie heeltemal leksikaal óf heeltemal grammatikaal te wees nie. Kuteva (2001:11) meen  $V_{AUX}$  sal meer grammatikaal of minder grammatikaal wees afhangend van die afstand gedek deur

---

<sup>9</sup> Voorts sal die afkorting TAM gebruik word om te verwys na tempus/aspek/modaliteit.

V<sub>AUX</sub> op die V-na-TAM-ketting. In die volgende voorbeelde ((43) en (44)) uit Pools het die werkwoord “om te wees” ouksilieer na ’n verledetydsmerker:

(43) Pol: *mył em.* (Thümmel, 1996:28)

*wash.PAST.PART-suffix.dereived.from.be.1sg.PRES*

‘I washed’

(44) Pol: a) *Nigdy-śmy tego nie myśleli.* (Andersen, 1987:31)

*never-be.1PL.PRES that not think.PAST.PART.PL*

b) *Nigdy tego-śmy nie myśleli.*

*never that-be.1PL.PRES not think.PAST.PART.PL*

c) *Nigdy tego nie myśleli- śmy.*

*never that not think.PAST.PART.PL- be.1PL.PRES*

‘We never thought that.’

Kuteva (2001:19) meen dat hulpwerkwoorde nie die resultaat van suiwer sintaktiese of morfologiese prosesse is nie. Sy meen dat dit eerder algemene konseptualiserende vermoëns weerspieël wat die “beeldende” aspek van menslike denke betrek. Een benadering tot ouksiliëring stel dat grammatikale hulpwerkwoordelike uitdrukkings en die ooreenstemmende leksikale uitdrukkings niks in gemeen het nie en sinkronies as homoniem behandel moet word. Voorbeeldsinne (45) en (46) illustreer hierdie stelling.

(45) StAfr: *Maar voor sy omdraai om te loop, vra sy: "Wou jy iets weet, of het jy iets nodig Hy het stil in Neil se spreekkamer gesit en die trane oor sy gesig voel loop.*

(46) StAfr: *Die koning het die mag oor die land.*

*Die hond mag nie op die bed lê nie.*

Dit gaan nie in hierdie geval oor toevallige homonieme nie, maar eerder oor woorde wat diachronies wel ’n verband het, maar nou in die sinkroniese tyd is die verband glad nie meer sigbaar nie. So ’n benadering verduidelik egter nie die sistematies herhaalde verskyning in ’n verskeidenheid geografies en geneties onverwante tale wat presies dieselfde pare homonieme uitdrukkings vir presies dieselfde stelle funksies gebruik nie, byvoorbeeld doelgerigte ruimtelike verskuiwing en toekomsverwysings (Kuteva,

2001:20). Die volgende voorbeelde, twee sinne uit Vai en twee sinne Burmees, illustreer hoe verskeie tale met dieselfde konstruksie hul ruimtelike plasing kan uitdruk, asook progressiewe betekenis:

(47) Vai: a) ánu bε djí:e- ro (Heine soos aangehaal deur Kuteva, 2001:23)

3PL COP **town-in**

'They were in the town.'

b) á wε fen dón- do (← ro)

3SG COP thing **eat in**

'He was eating something.'

(48) Bur: a) Θu ʔei nei te. (Heine soos aangehaal deur Kuteva, 2001:23)

3SG house **be.at** PART

'He is at home.'

b) Θu zεga pyô nei te.

3SG words speak **be.at** PART

'He is speaking.'

'n Tweede benadering sien die grammatikalisering van komplekse werkwoordstrukture as die verlies van betekenis en 'n omskakeling na leë woorde wat, eers nadat dit in ooreenstemming met taalspesifieke konvensies staan, dit funksies van grammatikale woorde begin aanneem.

As daar aangeneem word dat oksiliëring 'n konseptueel-gedrewe proses is, soos voorgestel deur Kuteva (2001:28), kan sekere "netjiese" ontwikkelinge soos "een leksikale bronstruktuur – een grammatikale teikenstruktuur", verwag word. In die praktyk is dit egter nie wat gebeur nie en Kuteva meen dat oksiliëring 'n weerspieëling is van die basiese menslike konseptualiseringsbeginsel<sup>10</sup>. Argumente wat ten gunste van so 'n

---

<sup>10</sup> Abstrakte idees word gekonseptualiseer en word dienooreenkomstig uitgedruk in terme van konkrete idees.

standpunt is, meen dat alle leksikale bronne vir hulpwerkwoordelike konstruksies werkwoordelike betekenis bevat wat relatief konkreet en basies is ten opsigte van menslike ervarings. Dan is daar ook grammatikaliseringsoetes wat 'n spesifieke leksikale struktuur aan die begin en 'n grammatikale konstruksie aan die eindpunt van die roete het wat 'n spesifieke betekenis uitdruk (Kuteva, 2001:22).

Die konseptuele transformasies wat by ouksiliëring betrokke is, verskil nie drasties van die transformasies wat by "gewone", niegrammatikale konseptualiseringsprosesse betrokke is nie. Langacker (1987) (soos aangehaal deur Kuteva, 2001:29-30) meen dat die kern van die taalkundige uitdrukking van menslike denke die volgende algemene kognitiewe vermoëns is wat deur alle mense gedeel word: 1) die vermoë om 'n situasie op verskillende maniere te struktureer; 2) die vermoë om 'n konsep vanaf een domein na 'n ander te verskuif; en 3) die vermoë om 'n hoogs abstrakte vorm op meer as een manier te beskou.

Ouksiliëring is 'n gevolg van grammatikalisering wat baie aspekte betrek en verduidelik waarom die  $V_{POS}$ 'e in GrAfr dikwels 'n hulpwerkwoordelike funksie verrig en nie meer hoofsaaklik in die rol van die hoofwerkwoord staan nie. Voorbeelde en gevolge van die ouksiliëring van die  $V_{POS}$  in GrAfr word in Hoofstuk 4 omvattend bespreek.

#### **2.3.3.4 Erosie**

Erosie, oftewel fonetiese reduksie of verlies aan fonetiese inhoud, is 'n proses wat aanhoudend aan die werk is in taal. Dit is geneig om te herhaal so lank as wat daar fonologiese materiaal is om mee te werk (Heine & Reh, 1984:25). Dit is 'n proses waartydens die fonologiese standvastigheid van 'n morfeem gereduseer word in ooreenstemming met sy nuwe evolusionêre status. 'n Tweesillabige woord kan byvoorbeeld tot 'n eensillabige morfeem gereduseer word nadat affiksasie plaasgevind het (Heine & Reh, 1984: 21).

In hierdie voorbeeld van Kituba, 'n pidgin van Kikongo, het twee- en driesillabige voornaamwoorde en aspektuele merkers binne twee generasies in eensillabige affikse verander:

*Twee generasies gelede*  
*Munu imene kw-enda*

*Huidige generasie*  
*mu-me-kwenda*

Ek PERF INF-gaan

'Ek het gegaan.'

Munu ikele kwenda ku- sosa mu-ke-kwe-sosa

Ek PROG gaan INF-soek

'Ek is aan die soek.'

Munu lenda ku- sala mu-le-sala

Ek mag INF-werk

'Ek mag werk.'

(Fehderau (1966) soos aangehaal deur Heine & Reh, 1984:22)

Lehmann (1995:126) beskryf erosie of fonetiese reduksie as die geleidelike verlies van fonologiese inhoud. Dit kan beskryf word as “the successive subtraction of phonological features”. Afhangend van waar hierdie kenmerke afgetrek word, kan dit ook lei na die verlies van segmente. Die resultaat is dat die taalteken korter word. Dit is moontlik dat die weglating van die “en” in GrAfr-konstruksie 'n voorbeeld van erosie kan wees (vergelyk weer voorbeeldsin (16)).

Bybee *et al.* (1994:20) maak die gevolgtrekking dat 1) daar 'n konneksie bestaan tussen die frekwensie van gebruik en fonetiese massa wat behou word, soos dat die meer gebruikte materiaal (leksikaal of grammatikaal) geneig is om verdere fonetiese reduksie te ondergaan as die minder gebruikte materiaal en 2) dat woorde se fonetiese reduksie relatief tot die veralgemeende leksikale items plaasvind, wat om die beurt relatief tot meer gespesialiseerde lekseme gereduseer word.

In verband hiermee praat sy verder van “veralgemening” waartydens daar verskillende stadia is, en elke stadium die verlies aan een gedeelte van die betekenis tot gevolg het. Die ontwikkeling van van  $V_{PROG}$  word ook deur Bybee *et al.* besryf as veralgemening (1994:291). Hierdie konstruksies ontwikkel vanuit 'n ruimtelike vorm, na 'n temporele vorm. 'n Uitdrukking wat beteken dat 'n agent ruimtelik geplaas word in 'n aktiwiteit, impliseer immers in elk geval ook dat die agent temporeel geplaas word. Die verskuiwing van ruimtelike na temporele betekenis gebeur omdat dit eenvoudig die enigste rigting is waarin hierdie verandering kan plaasvind om te kan sê dat grammatikalisering plaasvind.

...shifting to the purely temporal meaning is the only direction of change that would lead to an increase in frequency and thus to grammaticization of the construction. (Bybee *et al.*, 1994:292).

## 2.4 Slot

Hierdie literatuurstudie het gefokus op een aspek in die titel van die verhandeling, naamlik om die agtergrond te skep vir 'n grammatikaliseringsondersoek. Na aanleiding van die kort beskrywing van grammatikalisering, is 'n begrip van grammatikaliseringprosesse of -aspekte soos reanalise, ouksiliëring en desemantisering myns insiens nuttig om die grammatikaliseringproses tydens die vorming van die  $V_{POS}$ -grammatikale konstruksie te beskryf, asook om die verskille in die gebruik van  $V_{POS}$ 'e tussen GrAfr en StAfr mee uit te lig.

Verskeie definisies van grammatikalisering is aangehaal ten einde te beklemtoon dat daar nie net een aanvaarde of ten volle korrekte definisie van die term bestaan nie. Hierdie studie werk vanuit die vertrekpunt dat grammatikalisering 'n proses is waartydens leksikale eenhede hul leksikale betekenis verloor om meer grammatikaal te word. Hierdie eenhede ondergaan dus semantiese verandering wat lei tot 'n toename in frekwensie van gebruik. Dit is nie nodig dat 'n eenheid ál die grammatikaliseringprosesse moet deurmaak om te grammatikaliseer nie.

In die volgende hoofstuk word die betekeniskategorieë van die predikaat bespreek. Eerstens sal die verskillende sinsdele uiteengesit word. Tweedens sal die vier funksies van die spil uiteengesit word. Derdens word daar grootliks op tempus, aspek en modaliteit, as betekeniskategorieë van die spilwerkwoord, gefokus.

## Hoofstuk 3: Die spil – tempus, aspek en modaliteit

### 3.1 Inleiding

In die vorige hoofstuk is grammatikaliseringsteorie, asook verskeie aspekte van grammatikalisering bespreek. Daar is gestel dat oksiliëring 'n aspek is wat sterk teenwoordig is in die grammatikalisering van die GrAfr'e  $V_{POS}$ -konstruksie. In Afrikaans word die spil<sup>11</sup> (*finite verb*) deur die hulpwerkwoord ( $V_{AUX}$ ) uitgedruk, en hierdie studie ondersoek juis, onder andere, die proses van hulpwerkwoordvorming tydens die ontwikkeling van die grammatikale  $V_{POS}$ -konstruksie. Hierdie hoofstuk hanteer dus meer in diepte die funksies van die spil in Afrikaans. Die betekeniskategorieë wat deur die spil uitgedruk word, word ook in hierdie hoofstuk bespreek.

Volgens Lehmann (2002:119) behoort leksikale items rofweg tot groot klasse (*major classes*) soos byvoeglike naamwoorde, telwoorde of werkwoorde. Die klein klasse (*minor classes*) is in essensie voornaamwoorde, hulpwerkwoorde, voorsetsels en voegwoorde. Hy merk dat dit al die groot klasse is wat grammatikalisering ondergaan en die kleiner klasse wat gevorm word of items bykry deur grammatikalisering. Hoofwerkwoorde verander byvoorbeeld na hulwerkwoorde en selfstandige naamwoorde word telwoordklassifiseerders (*numeral classifiers*).

Die spil maak deel uit van die modus, wat gebruik word om 'n gespreksrol te aktiveer – byvoorbeeld 'n versoek versus 'n bevel versus 'n stelling (vergelyk Halliday, 1985). Gewoonlik druk 'n selfstandige naamwoord of voornaamwoord die sin se gesprekstema uit en hierdie element word die onderwerp van die sin genoem. Die spil moet teenoor die infinitief gesien word, soos in die volgende sinne, waar die spil verbuig om by die persoon te pas, terwyl die hoofwerkwoord onverbuig bly. Vergelyk die volgende sinne.

(49) Eng:        *I am eating.*

(50) Eng:        *He is eating.*

---

<sup>11</sup> Enige verdere verwysings na die spil sal die woordsoorte hulpwerkwoorde, skakelwerkwoorde, medewerkwoorde (vergelyk die onderskeid van onder andere Ponelis (1978:241-271) en enige ander indelings van hierdie woorde, asook perifrastiese konstruksies soos  $V_{POS}$  *en*, insluit.

(51) Eng:        *They are eating.*<sup>12</sup>

Die spelwerkwoorde in sinne (49)-(51) is onderskeidelik die hulpwerkwoorde *am, is* en *are*. Die infinitiewe daarteenoor is telkens *eating*. Die spel verrig 'n grammatikale funksie in 'n sin, byvoorbeeld om aan te dui of die aksie in die hede of verlede uitgevoer word of om aan te dui uit watter gesigspunt die spreker die aksie beskou. Die spel is subjekooreenstemmend, terwyl die infinitief die hoofaksie uitdruk. Soos gesien kan word uit (49) is die spel die verbuigde vorm van 'n werkwoord "to be", terwyl die infinitief 'n spesiale werkwoordvorm is wat geen tempus, modaliteit of verbuiging vir die persoon merk nie (Biber *et al.*, 2005:460). In die bogenoemde voorbeelde bly die leksikale werkwoord '*eating*' in al drie sinne dieselfde, en ontvang geen ander infleksie buiten die *-ing* wat die progressief aandui nie. Die spel verbuig egter vanaf die infinitiewe "to be" om by elke persoonsvorm te pas (*am, is, are*).

Soos reeds kortliks genoem, kan die spel vier funksies verrig, naamlik: 1) om die tydstip waarop die situasie plaasvind uit te druk; 2) die oogpunt waaruit na die situasie gekyk word duidelik te maak; 3) spesifieke houdings of opinies van die spreker oor te dra; en om aan te dui of dit 'n gerealiseerde of ongeraliseerde (oftewel positiewe of negatiewe) situasie is. Elke funksie word vervolgens bespreek.

Eerstens kan die spel dus die tyd van 'n gebeurtenis in 'n sin uitdruk. By die uitdrukking van tyd word gevra of die gebeurtenis op dieselfde tyd as die kommunikatiewe interaksie tussen die spreker en hoorder plaasvind, of dit reeds plaasgevind het en of dit nog in die toekoms gaan plaasvind (Reichenbach, 1947:287).

(52) StAfr:        *Hy was soos iemand wat op die rand van 'n swembad **gestaan het**.*

(53) GrAfr:        *Dis war hille **gestan het**.*

In voorbeelde (52) en (53) word die spel **het**, tesame met die *ge*-deelwoord, gebruik om aan te toon dat die aksie in die verlede plaasgevind het. Die betekenisfunksie wat die tyd van die sin uitdruk, word *tempus* genoem.

---

<sup>12</sup> Aangesien Afrikaans nie die subjekooreenstemming met die spel morfologies markeer nie, word daar van Engelse voorbeeldsinne gebruik gemaak om die verskil tussen die *finite verb* (spel) en *infinitive* (infinitief) te illustreer.

In die tweede plek kan die spil 'n situasie voorstel wat in sy geheel vanaf 'n sinseksterne perspektief beskou word (perfektief/voltooid), óf 'n spesifieke gedeelte van die gebeurtenis kan uitgelig word om op te fokus, oftewel met 'n sinsinterne perspektief (imperfektief/onvoltooid). Hierdie kategorie dui aan of die situasie klaar of steeds aan die gang is (Biber *et al.*, 2005:455). In voorbeelde (54) en (55) word daar op 'n spesifieke gedeelte van 'n gebeurtenis gefokus, naamlik 'n oomblik toe die spreker se grootvader op sy plaas, Koningskroon, gesit en skryf het en toe die spreker op die bank gaan sit het. Die spil word telkens deur *sit* uitgedruk, want die infinitiewe werkwoorde (*skryf* en *luister*) verteenwoordig die hoofaksie. Hierdie betekenskategorie word *aspektualiteit* genoem. Let vir interessantheidsomthale hoe die GrAfr (55) die vryheid het om die werkwoord tot 'n ander posisie te skuif.

(54) StAfr:        *Ons het die voorhuis binnegegaan, waar ek verbouereerd op 'n bank gaan **sit en luister** het hoedat my tannies weer gesonde opelyf het.*

(55) GrAfr:        *Daar tyd toe't hei dit skrywe, toe **skryf sit** mei Vader, grootvader, hy se plaas, op "Koningskroon".*

Derdens word daar gevra of die sin verwys na 'n definitiewe gebeurtenis en of 'n modale betekenis uitgedruk word deurdat een of ander behoefte, verpligting, moontlikheid of onsekerheid oor die gebeurtenis uitgedruk word. Modale hulwerkwoorde word gebruik om logiese of persoonlike menings uit te druk (Biber *et al.*, 2005:175 & 458).

(56) StAfr:        *Ek sê vir hom hy moet opstaan en die see in loop tot die water sy asem smoor, maar hy **wil nie**.*

(57) GrAfr:        ***Wil** sy pype rook set daar.*

Voorbeeld (56) dui aan dat 'n persoon in die sin nie die behoefte het om in die see in te loop nie. In voorbeeld (57) word die behoefte van die spreker om sy pyp op 'n ander plek te gaan rook, ook deur *wil* uitgedruk. *Wil* is in albei gevalle 'n modale merker wat gesien kan word as 'n tipe onsekerheid na verwys word as die betekenskategorie *modaliteit*. Die kategorie word tradisioneel opgedeel in die afdelings deontiese, epistemiese en dinamiese modaliteit.

Die laaste funksie van die spil kan wees om te bevestig of die gebeurtenis in sin plaasgevind het of nie. Die sin kan dus positief of negatief wees in die sin dat dit bevestig of die situasie waarvan in die sin gepraat word, realiseer al dan nie. Daar word


hierna verwys as die *polariteit* van die sin. In sin (58) begin die uitdrukking as positief, in die sin dat die pa wel die ma geslaan het, maar dit word dan genegatifeer deur die *nooit* en *nie*. Voorbeeld (59) het weereens *nooit* en *nie* as die negativering van die sin. Die spreker wil dus sê dat hy nooit die kans gehad het om saam met die grootmense aan tafel te sit as kind nie.

(58) StAfr: *Hel, toe hy nog 'n kind was, het sy pa sy ma nog erger geslaan, en sy ma het nooit na die gereg toe gehardloop nie.*

(59) GrAfr: *Ik kon nooit sit wari grootminse sit nie.*

In die res van hierdie hoofstuk word elk van bogenoemde betekeniskategorieë, behalwe polariteit, meer uitgebreid beskryf. Die doel hiervan is om in Hoofstuk 4 te kan bepaal watter van hierdie funksies die meeste deur die  $V_{POS}$ -konstruksie in GrAfr verrig word. Die volgende figuur (Figuur 8) is 'n visuele voorstelling van die betekeniskategorieë wat die spil in Afrikaans uitdruk. Dit betrek tempus, aspek, modaliteit (TAM) en polariteit. Lehmann (2002:29) veronderstel dat die grammatikalisering van  $V$  na TAM-merker gaan vanaf  $V \rightarrow V_{AUX}$  (moontlik via 'n modale  $V$ )  $\rightarrow$  aspek of modale merker  $\rightarrow$  tempusmerker. Hy stel dat wanneer  $V_{AUX}$  sy leksikale waarde verloor, dit nie meer oor die leksikale werkwoord heers nie. Sodra dit 'n TAM-merker word, is dit afhanklik van die leksikale werkwoord, wat nou die hoofwerkwoord is (Lehmann, 2002:29-30).

Polariteit word as deel van die spil beskou, maar dit word nie deur 'n hulpwerkwoord uitgedruk nie, maar eerder deur 'n partikel. Aangesien hierdie studie fokus op die grammatikale funksies van die hulpwerkwoord, gaan polariteit nie betrek word nie, aangesien dit nie relevant is vir GrAfr nie. Die bespreking in hierdie hoofstuk word hoofsaaklik gebaseer op sentrale of ikoniese teoretiese bronne wat die drie terme bespreek, te wete Comrie (1976), Comrie (1985) en Palmer (1995). Figuur 8 is 'n skematiese voorstelling van die verskillende betekeniskategorieë van die spil, en behalwe vir 'n bespreking van polariteit, is dit ook die afdelings en subafdelings van hierdie hoofstuk.




### 3.2 Tempus

In die *Grammatika van Standaard-Afrikaans* meld Van Schoor (1983:131) dat tyd in die grammatika betrekking het op die verhouding tussen die tyd *waarop* gepraat word en die tyd *waarvan* gepraat word. Hy stel verder dat daar tussen drie grammatiese tye onderskei word, naamlik die wat 1) hoort tot die verlede of die verbygegane; 2) tot die huidige, die hede of die teenwoordige; en 3) tot die toekomstige of die toekoms. Dit sluit aan by Reichenbach (1947:71) se ikoniese waarneming van tempus. Reichenbach meen egter dat hierdie betekenis-kategorie 'n heelwat meer komplekse interpretasie vereis. Hy bied 'n nuttige manier aan om die verhouding tussen tempus en aspek aan te toon, wat binnekort bespreek sal word.

Comrie (1985:9) definieer tempus as die grammatikalisering van tyd in taal. Hy stel drie riglyne wat relevant is tot die definisie van tempuskategorieë: (i) die deiktiese sentrum


(soos absolute tyd, of relatiewe tyd); (ii) die situasie waarna verwys word voor, ná of gelyk met die deiktiese sentrum staan; en (iii) die afstand tussen die betrokke situasie en die deiktiese sentrum (die afstand word in tyd gemeet). Comrie (1985:2) stel voor dat tempus gebruik word om situasies op 'n tydlyn te plaas volgens hierdie drie riglyne, met die verlede tyd na die linkerkant en die toekomstetyd na die regterkant (Figuur 9).



Op sy eie verskaf tyd nie enige landmerke waarvolgens situasies geplaas kan word nie. As tyd 'n begin gehad het, weet ons nie waar daardie begin was nie, so niks kan relatief tot daardie punt geplaas word nie. As tyd 'n einde het, weet ons weereens nie waar dit geplaas kan word nie en daarom is weereens geen plasing relatief tot daardie eindpunt moontlik nie. As gevolg hiervan is dit nodig om 'n arbitrêre verwysingspunt te stig waarna mens kan verwys om situasies in tyd te plaas. In beginsel is 'n aantal logiese verwysingspunte beskikbaar en baie van hulle word gebruik vir die uitdrukking van leksikaal gevestigde uitdrukkings. Christus se geboorte word tradisioneel as 'n arbitrêre verwysingspunt gebruik en jare word terugwaarts of vorentoe getel van daardie punt af (Comrie, 1985:13-14).

Reichenbach en Comrie se indelings verskil effens, en Reichenbach (1947:71-72) onderskei tussen drie "tydpunte" om 'n situasie uit te druk, naamlik i) die spreekpunt (*point of speech*); ii) die situasiepunt (*point of event*); en iii) die verwysingspunt (*point of reference*). Die spreekpunt, **S**, verteenwoordig die oomblik waarop die uiting gemaak word. Die situasiepunt, **E**, verwys na die oomblik waarop die situasie plaasvind. Die verwysingspunt, **R**, verteenwoordig die wyse waarop daar na die situasie verwys word. Die formule wat Reichenbach gebruik om die verhouding tussen die verskillende punte

van tydsuitdrukking te toon, word duidelik wanneer sy tabelle van naderby beskou word. Vergelyk Figuur 10.



Die punte **S**, **E** en **R** staan volgens Reichenbach telkens in verskillende verhoudings tot mekaar staan, afhangend van die tempus. Byvoorbeeld: in Figuur 10(d) *I see John*, is die oomblik waarop daar van die situasie 'om John te sien' gepraat word (**S**), gelyk aan die oomblik waarop daar na die situasie verwys word (**R**), sowel as die oomblik waarop die situasie plaasvind (**E**). In 'n eenvoudige verledetydsin soos in Figuur 10(b) *I saw John*, is die verwysingsoomblik (**R**) en die tyd waarop die situasie plaasvind (**E**) op dieselfde oomblik, maar die oomblik waarop daar van die situasie gepraat word (**S**), vind eers daarna plaas.

Fillmore (1966:220) stel dat deiksis verwys na daardie aspekte van taal waarvan die interpretasie relatief staan tot die gespreksgeleentheid, en ook tot die tye voor en ná die gespreksgeleentheid. Dit staan relatief tot die plasing van die spreker ten tyde van die uiting en ook tot die identiteit van die spreker teenoor die gehoor. Hy meen verder dat 'n uitgebreide teorie van deiksis ander aspekte soos die spreker se omgewings-, temporele en sosiale oriëntasie ook in ag sou neem. Langacker (1987:126) stel dat 'n deiktiese uitdrukking gedefinieer kan word as 'n uitdrukking wat een of ander verwysing insluit tot 'n gespreksoomblik. Hierdie definisie impliseer in effek 'n sisteem wat entiteite

vereenselwig met 'n verwysingspunt en dit word 'n deiktiese sisteem genoem. Daar kan dus gesê word dat tyd deikties is. In teenstelling hiermee, is aspek niedeikties, aangesien die bespreking van die interne temporele samestelling van 'n situasie redelik afhanklik is van sy verhouding tot enige ander punt in tyd (Comrie, 1985:14).

Die eenvoudigste voorbeeld van 'n deiktiese sisteem is waar die huidige gespreksituasie (“die hier en nou”) as die deiktiese sentrum geneem word. Dit definieer die eerste persoon as die spreker, die tweede persoon as die luisteraar en almal anders as die derde persoon. In terme van plek is die plek waar die gespreksituasie plaasvind “hier” en alles anders is “daar”. Die geval van plek is meer kompleks aangesien die fisiese ligging van die spreker en luisteraar nooit presies identies kan wees nie – dit is moontlik dat daar 'n aansienlike fisiese skeiding tussen hulle kan wees. In Engels verwys ‘*here*’ meer spesifiek na die spreker se plasing, sodat, indien die luisteraar fisies van die spreker geskei is, daar na die luisteraar se plasing verwys word as ‘*there*’ (Comrie, 1985:14).

Tempus kan verder onderverdeel word in absolute tyd en relatiewe tyd. Hierdie twee tydsforme word nie in diepte bespreek nie, maar dit is kortliks nodig om te weet dat absolute tyd die huidige oomblik as die verwysingspunt vir gespreksoomblik neem. *Vandag* (die dag wat die huidige oomblik insluit), *gister* (die dag voor die dag wat die huidige oomblik insluit) en *môre* (die dag ná die dag wat die huidige oomblik insluit) is almal voorbeelde van verwysings na absolute tyd. By relatiewe tyd word die verwysingspunt vir die situasie deur die konteks gegee en nie noodwendig deur die huidige oomblik nie (Comrie, 1985:56). Byvoorbeeld: in die sin “*On the next day, Jack looked out of his window*”, soek mens van nature 'n verwysing wat die uiting in verhouding tot die huidige oomblik sal plaas, maar daar is geen (Comrie, 1985:56). Die konteks dui egter aan dat die spreker hierdie uiting maak nadat Jack by sy venster uitgekyk het en stel dat hierdie gebeurtenis plaasgevind het 'n dag nadat iets anders gebeur het. Dit is relatiewe tyd.

Met die huidige oomblik as die deiktiese sentrum word die volgende drie tempusse, naamlik die hede, verlede, en toekoms, soos volg gedefinieer: hede beteken die tyd van die situasie en die huidige oomblik val op dieselfde oomblik; verledetyd beteken die plasing van die situasie voor die huidige oomblik; toekomendetyd beteken die plasing van die situasie ná afloop van die huidige oomblik.



(64) StAfr: *Jan is te lui; terwyl ons nou hier werk, sal hy natuurlik weer êrens in die koelte wegkruip.*  
(Van Schoor, 1983:131)

Comrie (1985:38) se sentrale aanvoering is dat die hede slegs verwys na 'n situasie wat die huidige oomblik bevat, selfs waar daardie situasie deel is van 'n langer situasie wat meer as net die huidige oomblik beslaan (Comrie, 1985:38). Beskou voorbeeld (65) in hierdie verband. Die spreker se uiting is in die hede geformuleer, maar dit is duidelik dat die aksie verby die huidige oomblik strek omdat die spreker nou begin hardloop, maar dan 'n oomblik verder in die toekoms in beplan om die man te stop.

(65) GrAfr: *Uit die huis uit hol en die man **loop stop**.*

### 3.2.2 Verledetyd

Deur weer na Comrie se tydlyn te verwys, waar die huidige oomblik as 'n punt aangedui word, word 'n situasie in die verledetyd links van die huidige oomblik geplaas. Die betekenis van die verledetyd is dus die plasing van tyd voor die huidige oomblik en enige verdere afleidings oor temporele plasing word gemaak op grond van individuele sinne in die verledetyd wat die resultaat is van ander faktore (Comrie, 1985:41). Die verledetyd plaas 'n situasie egter voor die huidige oomblik, maar sê nie of die situasie slegs 'n enkele punt beklee, of dit oor 'n verlengde tydperk strek tot by die huidige oomblik, of verby die huidige oomblik strek nie. Daar is egter gewoonlik 'n gespreksimplikasie dat die situasie nie tot by, of verby die hede strek nie (Comrie, 1985:41). Die kardinale faktor by die verledetyd is dat dit kontekste insluit waar die verlede gedefinieer word deur die voorafgaande gebeurtenis (Dahl, 1985:119). Dit is moontlik dat ander verskynsels in die sin kan aandui dat die situasie waarna verwys word wel in die verlede geëindig het, maar dit is weereens as gevolg van hierdie ander verskynsels, nie as gevolg van die verledetyd se betekenis nie (Comrie, 1985:42).

(66) StAfr: *Hy **was** soos iemand wat op die rand van 'n swembad **gestaan het**.*

(67) GrAfr: *Dis war hille **gestan het**.*

Voorbeelde (66) en (67) het elk voorbeelde van verledetydsmerkers in GrAfr. In (67) kry die hoofwerkwoord die deelwoord *ge-*vooraan en saam met die spil *het*, is dit

duidelik dat hierdie gebeure in die verlede afgespeel het. Die sin is ook baie soortgelyk aan StAfr se verledetydskonvensies saamgestel, soos gesien in (66).

### 3.2.3 Toekomendetyd

In terme van die voorafgaande analise van tempus mag dit dalk voor die handliggend blyk te wees dat die toekomendetyd 'n situasie plaas ná die huidige oomblik, met ander woorde regs van die huidige oomblik op die tydlyn. Mens kan dan ook oor die toekomendetyd uitbrei op presies dieselfde manier as oor die verledetyd – veral in die sin dat dit eenvoudig ná die huidige oomblik lê, maar nie noodwendig die huidige oomblik uitsluit nie. Dus: *John will be eating his lunch when you call on him in five minute's time* sluit nie die moontlikheid uit dat hy reeds sy middagete begin eet het nie. Na aanleiding van die tydlyn wat Comrie gebruik, lyk die toekomende tyd presies soos die verledetyd, net in die teenoorgestelde rigting. Die toekoms is op 'n sekere manier egter heeltemal anders as die verledetyd. Die verledetyd sluit alles in wat reeds gebeur het en is heeltemal buite ons huidige aksies se beheer. Die toekoms, aan die ander kant, is van nature meer spekulatief aangesien enige voorspelling wat ons oor die toekoms maak, verander kan word deur ander gebeurtenisse, insluitende ons eie doelbewuste ingrypings (Comrie, 1985:43). Die verlede is dus in 'n sin baie meer beslis as die toekoms.

Die gevolgtrekking wat hieruit gemaak word is dat die verskil tussen verledetyd en hedetyd beslis een van tempus is, maar dat die verskil tussen toekomendetyd aan die een kant en verledetyd en hedetyd aan die anderkant eerder as 'n verskil in modaliteit, as 'n verskil in tempus, beskou moet word.

(68) Eng:        *It will rain tomorrow.*

(Comrie, 1985:44)

(69) Eng:        *It may rain tomorrow.*

Voorbeeld (68) sê baie beslis dat die situasie ná die huidige oomblik geplaas word (deur te verwys na môre). Die geldigheid van die stelling sal getoets word tydens daardie toekomstige oomblik deur te sien of dit regtig reën, al dan nie. In teenstelling hiermee stel (69) bloot die moontlikheid dat dit môre kan reën. Die vlak van waarheid van hierde stelling kan nie getoets word deur te sien of dit môre reën nie, aangesien beide die aan- en afwesigheid van reën saamloop met

“*may rain*”. Dit is dus moontlik om te verwys na die toekomendetyd sonder dat die stelling modaal is (Comrie, 1985:44).

Voorbeelde (70) en (71) is toekomendetydsuitdrukings in GrAfr en die spil *sal* word dikwels gebruik om hierdie funksie te verrig, soos gesien in die voorbeelde.

(70) GrAfr: *Waarie dooie liggaam lê, daar sal die aasvôëls vergader.*

(71) GrAfr: *As baas die grawe lōp sien wat da bō lē, vorstan bas, sal baas skrik!*

' As baas die grawe sien wat daar bo lē, verstaan baas, sal baas skrik!'

Voorbeeld (71) is interessant omdat *loop* skynbaar verbleik het tot 'n grammatikale tempusmerker (in hierdie geval 'n toekomsmerker). Die voorbeeld bevat dus twee toekomsverwysings – *loop* en *sal*.

### 3.3 Aspek

Soos gesien in die voorafgaande gedeelte is tempus tipies 'n deiktiese kategorie, in die sin dat dit oomblikke in tyd in verband bring met die gespreksoomblik. Aspek, hierteenoor is 'n niedeiktiese kategorie (Dahl, 1985:25). Die verskil sou uitgedruk kon word as die verskil tussen situasie-interne tyd (aspek) en situasie-eksterne tyd (tempus) (Comrie, 1987:5). Holt (soos aangehaal deur Kibort, 2008) definieer aspek as:

Les manières diverses de concevoir l'écoulement du procès mêmes.  
(Die verskeie maniere waarmee die progressie van die gebeurtenis gekonseptualiseer kan word) (eie vertaling).

Hierdie definisie lei tot Comrie (1987:3) se definisie, wat gebaseer is op die bogenoemde een van Holt:

Aspects are different ways of viewing the internal constituency of a situation.

Volgens Comrie (1987:3) is aspek dus nie gemoeid met die verbinding van die situasie se tyd met enige ander punt in tyd nie, maar het dit eerder te doen met die interne temporele samestelling van een van die situasies. In voorbeeld (72) en (73) word aspektuele betekenis uitgedruk. Hier is dit duidelik dat die uiting gefokus is rondom die interne samestelling van die situasie, nie rondom die temporele of

modale betekenis nie. In (72) byvoorbeeld, bestaan die interne samestelling van die situasie uit die man wat wag en sy gewete wat hom op dieselfde oomblik begin pla. Dus, binne een oomblik, vind twee situasies in der waaheid plaas. Dieselfde gebeur in (73) waar die twee situasies is dat die baas buite die huis staan en ook luister.

(72) StAfr: *En terwyl hy gefrustreerd voor die deur op haar **staan en wag**, begin sy gewete hom pla.*

(73) GrAfr: *Die baas die staan bietjie hier so na aan die hys, **staan en lyster**.*

Aspek word tradisioneel verdeel in twee polêre tipes aspekte, naamlik perfektief<sup>13</sup> en imperfektief. In kort verwys perfektiwiteit na die uitkyk oor 'n situasie as 'n geheel en sonder onderskeid tussen die aparte fases waaruit die situasie saamgestel is. Dit sluit die begin- en eindpunte van 'n situasie in. Die imperfektief gee veral aandag aan die interne struktuur van die situasie en hoe dit voorgelê word (Comrie, 1987:16). Hierdie twee tipes aspek word in die volgende gedeelte bespreek. Dahl (1985:88) bied Hoffmann (1963:115) se waarneming van aspek in die verledetyd aan. Volgens hom beteken die verledetyd van 'n perfektiewe werkwoord dat iemand werklik iets gedoen het en dit klaar gedoen het, terwyl die verledetyd van 'n imperfektiewe werkwoord slegs beteken dat iemand begin het om 'n aksie uit te voer, maar dit nie klaargemaak het nie.

### 3.3.1 Perfektief

Volgens Dahl (1985:69) word die perfektief dikwels as dié belangrikste aspektuele kategorie beskou. Perfektiwiteit word nie eksplisiet in Afrikaans gemerk nie. Afrikaans is aspektueel meerduidelig, hoewel daar konstruksies is wat gebruik kan

---

<sup>13</sup> Perfektief moet nie verwar word met perfektum nie. Daar bestaan verwarring tussen hierdie twee terme omdat Afrikaans nie eksplisiete perfektief-konstruksies het nie, en van 'n gegrammatikaliseerde perfektumvorm (die *het ge*-konstruksie) gebruik maak om verledetyd uit te druk (vergelyk Breed, 2012:86-89). Die perfektum (anterior) moet as 'n soort perfektief gesien word, of selfs as 'n skakel tussen tempus en aspek. Dit staan nie volledig langs perfektief en imperfektief nie. Die perfektief handel oor die gebondenheid (*boundedness*) van 'n situasie, terwyl die perfektum fokus op die toestand wat vanuit 'n verlede aksie spruit, (Comrie, 1976:56).

word om aspek te merk. Carlotta Smith (1997:66) stel dat perfektiewe sinne na 'n situasie as geheel verwys. Sy stel dat die perfektief 'n geslote kategorie is, aangesien dit beide die begin- en eindpunt van 'n situasie insluit (dit neem die situasie dus as 'n geheel in ag), terwyl die imperfektief oop is. Smith stel dat die onderskeid tussen oop en geslote tyd nie te make het met regte tyd nie, maar eerder met konseptuele of narratiewe tyd, omdat die inligting wat 'n sin oordra, 'n konseptuele voorstelling is (1997:66).

Dit word soms verkeerdlik aangevoer dat perfektiewe vorme situasies met 'n kort duur aandui, terwyl die imperfektief situasies met 'n lang duur aandui, soos deur Comrie aangevoer (1987:16). Net so kan die perfektief nie gedefinieer word as iets wat 'n situasie beskryf met beperkte, teenoor onbeperkte, duur nie. Beide die perfektief, sowel as die imperfektief kan gebruik word om die duur van 'n situasie aan te dui.

Comrie (1987:17) meen dit is verkeerd om te sê dat die basiese funksie van die perfektief is om 'n gebeurtenis te verteenwoordig as oombliklik, maar daar is tog 'n mate van waarheid in die benadering wat stel dat die perfektief 'n situasie kan reduceer tot 'n enkele punt deur nie direkte uitdrukking te gee aan die interne struktuur van die situasie nie, ongeag van die objektiewe kompleksiteit daarvan. 'n Kenmerkende eienskap van die perfektief is dat dit 'n voltooide aksie aandui – dus 'n werklike situasie met 'n begin, middel en einde. (Comrie, 1987:18).

Vanuit bostaande kan afgelei word dat perfektiwiteit 'n tekort aan eksplisiete verwysing na die interne temporele samestelling betrek, eerder as om hierdie tekort aan so 'n interne temporele samestelling eksplisiet te impliseer. Dit is dus heeltemal moontlik om die perfektief te gebruik vir situasies wat intern kompleks is, soos dié wat vir 'n aansienlike periode duur of 'n aantal duidelike interne fases bevat, solank die hele situasie as een geheel voorgestel word. Dit is duidelik dat daar nie direk na die interne struktuur van so 'n situasie verwys kan word deur die keuse van die perfektiewe vorm nie, aangesien dit presies is wat perfektiewe nie aandui nie. So 'n verwysing kan egter uitdruklik gemaak word op ander maniere, soos deur die leksikale betekenis te betrek, of ander aspektuele teenstellings, of ander feite van die konteks (Comrie, 1987:21-22).

### 3.3.2 Imperfektief

Ná die bespreking van die perfektief is algemene eienskappe van imperfektiwiteit reeds voor die hand liggend, naamlik die eksplisiete verwysing na die interne temporele struktuur van 'n situasie, as 'n situasie van binne af bekyk word. Volgens Comrie (1987:24) is 'n algemene punt ook dat imperfektiwiteit nie onverenigbaar met perfektiwiteit is nie en dat beide uitgedruk kan word as die betrokke taal die formele middele besit om dit te doen. Terwyl baie tale 'n enkele kategorie besit om imperfektiwiteit mee uit te druk, is daar ander tale waar imperfektiwiteit onderverdeel word in 'n aantal duidelike kategorieë en ander tale waar daar net dele van 'n kategorie staan wat in gedeeltelike ooreenstemming met die betekenis van imperfektiwiteit is (Comrie, 1987:24).

Tradisioneel word imperfektiwiteit in twee duidelike konsepte onderverdeel, naamlik habitualiteit en kontinuïteit/duratiwiteit. Dit word gestel dat die imperfektiewe vorm 'n habituele situasie uitdruk, of 'n situasie beskou in sy duur. Neem as voorbeeld (74) en (75), waar *altyd* die habitualiteit van die situasie uitdruk, dit wil sê, die situasie word as 'n "gewoonte-handeling" uitgedruk (Breed, 2012:72).

(74) *StAfr:*      *Hy het mos **altyd** agter teen die wielhuis gelê.*

(75) *GrAfr:*      *Ja, hy sit **altyd** so teen die klip sit hy so.*


Die term "imperfektief" word dan 'kontinu-habitueel' (of duratief-habitueel) genoem. Hierdie tradisionele benadering herken egter nie dat hierdie verskeie onderafdelings in werklikheid saamgevoeg word om 'n enkele, verenigde konsep te vorm nie, soos voorgestel deur 'n groot aantal tale wat 'n enkele kategorie het om imperfektiwiteit as geheel uit te druk (afgesien van onderafdelings soos habitualiteit en kontinuïteit/duratiwiteit) (Comrie, 1987:26).

Bybee *et al.* (1994:139) het egter 'n probleem met Comrie se indeling van die imperfektief. In die eerste plek verwerp hulle alle negatiewe definisies (byvoorbeeld nieprogressiewe aspek). Daar is dus geen konstruksies wat met 'n afwesigheid van aspektuele betekenis geklassifiseer kan word nie (Breed, 2012:70). Die volgende aanhaling illustreer Bybee *et al.* se verwerping van Comrie se indeling:

Our conclusion, then, regarding Comrie's classification and definition of aspectual opposition is that a gram-type for each node [...], does not exist. We have strong evidence for progressive, habitual, past imperfective, imperfective, and present as cross linguistic gram-types in our material, but a clear distinction between a progressive which is restricted to dynamic verbs and a continuous which is not does not emerge from our data (Bybee et al., 1994:139).

Volgens Breed (2012:70) se beoordeling van hierdie opposisie tussen Comrie (1985) en Bybee *et al.* (1994) se indelings, toon die bogenoemde aanhaling op die behoefte van 'n nuwe indeling van die imperfektiewe kategorie. Bybee *et al.*(1994) onderskei tussen twee duidelik groepe waaronder die imperfektiewe kan val en dit is imperfektiewe met progressiewe betekenis en imperfektiewe met habituele betekenis. Elkeen van hierdie groepe het ook verdere onderafdelings wat onderskei kan word. Progressiewe imperfektiewe kan onderverdeel word in konstruksies wat iteratiewe, frekwentatiewe en kontinuatiewe betekenis uitdruk. Habituele imperfektiewe is konstruksies wat statiese (*states*) en generiese (*general of gnomic*) betekenis uitdruk (Breed, 2012:71).

Figuur 11 uit Breed (2012:72) bied 'n skematiese indeling van imperfektiewe konstruksies soos sy dit in haar studie uiteengesit het. Hierdie skema is hoofsaaklik gebaseer op die indeling wat Bybee *et al.* (1994) aanbied, maar sy voeg ook fase-spesifiseerde progressiewe aspek as 'n kategorie by, aangesien daar spesifieke konstruksies, byvoorbeeld *hou op* of *begin* wat fokus op 'n spesifieke fase van 'n aangaande situasie.



Ten slotte kan daar dan net weer genoem word dat aspek dus 'n niedeiktiese kategorie is (Dahl, 1985:25). Die verskil sou uitgedruk kon word as die verskil tussen situasie-interne tyd (aspek) en situasie-eksterne tyd (tempus) wat ook verstaan kan word as perfektiewe en imperfektiewe aspek.

### 3.4 Modaliteit

Modaliteit in taal het te make met die subjektiewe karaktereenskappe van 'n uiting. Dit kan gedefinieer word as die grammatikalisering van sprekers se (subjektiewe) houdings en opinies (Palmer, 1995:16). Lyons (1977:793) maak 'n onderskeid tussen twee stelling modaliteite – epistemiese en deontiese modaliteit. Epistemiese modaliteit het te doen met sake van kennis en geloof of opinie eerder as feite. Deontiese modaliteit het te make met die noodsaaklikheid of moontlikheid van daade wat deur moreel verantwoordelike agente uitgevoer word (Lyons, 1977:681-2). Steele *et al.* (1981:21) maak implisiet dieselfde onderskeid:

Elements expressing modality will mark any of the following: possibility or the related notion of permission, probability or the related notion of obligation, certainty or the related notion of requirement (Steele *et al.*, 1981:21).

Nuyts (2006:2) stel dat modaliteit uit drie basiese semantiese dimensies bestaan, naamlik deonties, epistemies en dinamies. Hier volg 'n definisie en bespreking van elk.





Daar is minstens vier maniere waarop 'n spreker kan aandui dat dit wat hy sê, nie feitlik is nie, maar eerder:

- a) dat hy daarvoor spekuleer;
- b) dat hy dit as 'n afleiding voorstel;
- c) dat hy daarvan vertel is; of
- d) dat dit slegs 'n kwessie van voorkoms is, gebaseer op die bewyse van (moontlik feilbare) sintuie.

Al vier maniere het te make met die spreker se aanduiding van sy (tekort aan) verbondenheid tot die waarheid van die voorstel wat uitgedruk word (Palmer, 1995:51). Dit sal dus moontlik wees om parafrases te vind met 'n ondergeskikte sin wat in Engels deur *that* aangedui word, met die modaliteit wat deur 'n leksikale item in die hoofklaus aangedui word. Sin (81) dui dus aan dat die spreker oor iets spekuleer, (82) dat hy dit as 'n afleiding voorstel, (83) stel voor dat hy daarvan vertel is en (84) toon aan dat dit slegs 'n kwessie van voorkoms is, gebaseer op die bewyse van (moontlik feilbare) sintuie.

(81) Eng: *It is possible that.../I think that...* (Palmer, 1995:51)

(82) Eng: *It is to be concluded that.../I conclude that...*

(83) Eng: *It is said that.../X said that...*

(84) Eng: *It appears that...*

Dienooreenkomstige voorbeelde van die bogenoemde vier maniere waarop epistemiese modaliteit aangedui word in GrAfr, lyk soos volg:

(85) GrAfr: *Ek **dink** as ek dar voorie hof **stan** dan val ik doot. (Spekulasie)*

(86) GrAfr: *Nou ja om heeldag een plek te **sit**, dit is darem ok nie reg nie. (Afleiding)*

(87) GrAfr: *'k weet nie as my ma ges hit **lop** vat darie koppie. (Daarvan vertel)*

*'Ek weet nie as my ma gesê het "Vat daardie koppie" nie..'*

(88) GrAfr: *Dit lyk my die ôuman het hom water **galê**. (Gebaseer op waarneming deur sintuie)*



In GrAfr word dinamiese modaliteit dikwels uitgedruk deur die spil *kan* en *moet*, soos gesien in voorbeelde (94)-(95). (94) druk 'n vermoë uit en (95) druk die spreker se behoefte uit om die skape op te pas (op 'n spesifieke manier):

(94) GrAfr:     *Dar **kan** jy enige diers **loop** sien.*

(95) GrAfr:     *Ek **moet** nou eers die skap oppas... op die manier **bas** sien ek **sit** nou agter helle.*

### 3.5 Slot

In die afgelope hoofstuk is drie relevante betekeniskategorieë wat die spil kan verrig, bespreek. Die doel van die hoofstuk was om te illustreer watter teorieë oor die TAM-kategorieë bestaan en om bruikbare voorbeelde uit die GrAfr'e data daar te stel ter bevestiging van die hipotese dat die  $V_{POS}$ -konstruksie in GrAfr gegrammatikaliseer het tot TAM-merkers.

Daar is eerstens genoem dat tempus die deiktiese temporele betekenis van 'n situasie uitdruk. Dit word vervat in die verlede-, hede- en toekomstetydsvorm. Tweedens, met die bespreking van aspek, is daar uit die literatuur aangevoer dat dit die niedeiktiese inligting rakende die interne temporele struktuur van die situasie uitdruk en ook dat dit te make het met die oogpunt waaruit 'n situasie beskou word. Buiten vir leksikale aspek, wat nie hier beskryf is nie, is daar twee oorhoofse kategorieë van aspek, naamlik perfektiewe en imperfektiewe aspek. Perfektiewe aspek beskou die situasie as geheel, met die begin- en eindpunte van die situasie wat ingesluit word, terwyl imperfektiewe aspek te make het met die interne temporele samestelling van 'n situasie.

Modaliteit handel oor die subjektiewe karaktereenskappe van 'n uiting. Modaliteit word verdeel word in deontiese, epistemiese en dinamiese modaliteit. Deontiese modaliteit kan algemeen beskryf word as 'n aanduiding van die graad van morele begeerlikheid of die stand van sake wat in die uiting uitgedruk is (Nuyts, 2006:4). Epistemiese modaliteit behels gewoonlik 'n aanduiding van die spreker se skatting van die kans dat die stand van sake wat in die klous uitgedruk is, van toepassing is in die wêreld. Laastens handel dinamiese modaliteit oor die spreker se interne vermoëns en bereidwilligheid, teenoor eksterne faktore soos toestemming en bevel wat gegee word, (Palmer, 1995:70).

In die volgende hoofstuk word die empiriese ondersoekgedeelte van hierdie studie aangepak. Die doel is om te bepaal watter grammatikale funksies die postulêre spilwerkwoord in Griekwa-Afrikaans, in vergelyking met dié van Standaardafrikaans, verrig. Daar sal eerstens na die ontwikkeling van grammatikale  $V_{POS}$ 'e in Nederlands en StAfr gekyk word, om sodoende die ontwikkeling van die  $V_{POS}$ -konstruksie in GrAfr te beskryf. Tweedens word 'n vergelykende korpusondersoek tussen 'n GrAfr- en 'n StAfr-konkordansie uitgevoer om aan te toon op watter verskillende wyses die  $V_{POS}$  as spil in die twee taalvariasies gebruik word.

## Hoofstuk 4: Die korpusondersoek

### 4.1 Inleiding

In die voorafgaande hoofstukke is die relevante teoretiese konsepte bespreek wat van belang is vir 'n studie oor die grammatikalisering van die  $V_{POS}$  in Griekwa-Afrikaans. Die aard van grammatikalisering is bespreek en relevante aspekte van grammatikalisering is aangetoon en verduidelik. Die grammatikale rolle van tempus, aspek en modaliteit is hanteer sodat die data wat vervolgens bespreek gaan word, ook geïllustreer kan word in terme van die  $V_{POS}$  se grammatikale funksies.

Hierdie hoofstuk fokus eerstens op die ontwikkeling van die  $V_{POS}$ -konstruksie in StAfr en Nederlands en eindelik ook in GrAfr. Die bespreking word gebaseer op Maarten Lemmens (2005) se navorsing oor aspektuele  $V_{POS}$ -konstruksies in Nederlands, aangesien daar, soos reeds getoon, 'n noue verwantskap tussen die Nederlandse en Afrikaanse  $V_{POS}$ -konstruksie bestaan. In die volgende afdeling word spesifiek gefokus op die gebruik van die  $V_{POS}$ -konstruksie in GrAfr in vergelyking met StAfr om sodoende die vlak van grammatikalisering van  $V_{POS}$ 'e in GrAfr te probeer vasstel. Soos daar in 1.7.2 genoem is, is twee konkordansies gebruik om die gebruik van  $V_{POS}$ 'e in die twee onderskeidelike dialekte te ondersoek.

Daar sal eerstens gekyk word na die frekwensie van *sit*, *staan*, *loop* en *lê* in beide konkordansies. Tweedens sal die verskillende funksies van die  $V_{POS}$ -konstruksie (hetsy leksikaal of grammatikaal) getoon en bespreek word ten einde vas te stel wat die verskil met betrekking tot grammatikale gebruik van die  $V_{POS}$ 'e tussen die twee variëteite is. Laastens sal enige interessante of onwaarskynlike  $V_{POS}$ -kombinasies en konstruksies uitgelig en bespreek word, om te probeer bepaal of daar verdere verskille is in die wyse waarop die  $V_{POS}$  in die twee variëteite gebruik word.

### 4.2 Die grammatikaliseringsroete van die GrAfr- $V_{POS}$

Die GrAfr- $V_{POS}$  is 'n ewekniekonstruksie van die Nederlandse  $V_{POS}$  en stem ook sterk ooreen met StAfr se  $V_{POS}$ . Dit is dus sinvol om beskikbare literatuur oor die twee tale se  $V_{POS}$ -ontwikkeling as basis te gebruik vir 'n bespreking van die ontwikkeling van die GrAfr- $V_{POS}$ .

In “Aspectual posture verb constructions in Dutch” bespreek Lemmens (2005) die geouksiliëerde V<sub>POS</sub>-konstruksie in Nederlands (*liggen/zitten/staan + te + V*). Hierdie artikel word as die basis vir hierdie bespreking gebruik, aangesien daar reeds vasgestel is dat Standaardafrikaans en Standaardnederlands beide hul oorsprong vind in sewentiende-eeuse Nederlands (Raidt, 1976). Sy data stel voor dat die konstruksie 'n verband behou met die postulêre, of by uitbreiding, die lokatiewe – al is dit net die geval in geskrewe tekste (Lemmens, 2005:183). Die V<sub>POS</sub>'e kan leksikaal baie spesifiek wees in die sin dat dit die agent se postuur aandui terwyl die agent in 'n aktiwiteit betrokke is, maar dit hoef nie altyd so te wees nie. Hierdie studie neem ook hierdie standpunt in – ten minste ten opsigte van StAfr. Neem as voorbeeld:

(96) Ndl: *Ik **zat te lezen** / ik **stond te wachten** / ik **lag te slapen**.* (Lemmens, 2005:184)

‘Ek het **gesit en lees**’ / ‘ek het **gestaan en wag**’ / ‘ek het **gelê en slaap**’

(97) StAfr: *Hy **sit** net daar **en kyk** na hulle.*

In albei bogenoemde voorbeelde (96) en (97) verwys die V<sub>POS</sub> na die agent se postuur terwyl hy 'n aktiwiteit uitvoer wat deur die infinitiefskomplement uitgedruk word. In kontekste waar die agent se postuur egter nie meer belangrik is nie en die V<sub>POS</sub> in werklikheid onversoenbaar met die aktiwiteit voorkom, dui dit 'n sekere uitwisselbaarheid aan wat, volgens Lemmens (2005:185), 'n mate van grammatikalisering kan aandui. Brisau (soos aangehaal deur Lemmens, 2005:185) stel meer eksplisiet:

[...] The fact that [the verbs] can be easily substituted for one another when they are not in a context, points to their being subordinate to the main verb in meaning: primarily they serve to indicate aspect.

Voorbeelde (98)-(99) illustreer Brisau se stelling:

(98) Ndl: *Ze **zaten** met de snelheid van een lift tien meters op en neer te suizen*

(Lemmens, 2005:185)

‘Hulle het met die spoed van 'n hysbak tien meter op en af gewoerts.’

(99) StAfr: *My magtag, Dorkas, wat **staan en skree** jy so in die gang?*

In sin (98) verloor *sit* leksikale postulêre betekenis. Die sin handel oor die spoed waarteen die hysbak beweeg het – semantiese verbleking het veroorsaak dat die  $V_{POS}$  geensins meer na die agent se postuur verwys nie, wat inderdaad 'n graad van grammatikalisering aandui, soos verduidelik deur Lemmens. Voorbeeld (99) verwys nog gedeeltelik na die agent – wat *staan* en skree – se postuur. Dit handel egter nie hier hoofsaaklik oor die feit dat Dorkas *staan* nie, maar dit is steeds duidelik dat hy *staan*, en nie *sit*, *staan* of *lê* nie. Leys (soos aangehaal deur Lemmens, 2005:185) meen dat konstruksies met  $V_{POS}$ 'e wat nie meer verwys na die postuur wat dit uitdruk nie, “*een zich bevinden*” uitdruk: dus, ‘om jouself êrens te bevind’, en het gevolglik sinoniem geword met konstruksies wat 'n vorm van die infinitief ‘om te wees’ bevat.

Lemmens (2005:186) wil egter bewys dat  $V_{POS}$ -konstruksies in Nederlands inderdaad gegrammatikaliseer het, maar steeds altyd tot 'n sekere mate 'n verband met die werkwoord se oorspronklike semantiek sal behou. Sy fokus was op die Nederlandse konstruksie, maar die vraag kan gevra word, veral wanneer na voorbeeldsin (100) gekyk word, of dit geldig is vir  $V_{POS}$ 'e in GrAfr.

(100) GrAfr: *Toe het my mense so **gestaan swerf**.*

In hierdie GrAfr voorbeeld (100) vind ons 'n meer onversoenbare kombinasie met die  $V_{POS}$ . Die volk wat “besig is om te swerf” ( $V_{PROG}$ ), beweeg van punt A na punt B en is dus besig om 'n dinamiese aktiwiteit te voltooi. Die hoofuitdrukking van die sin is dat hulle 'besig is om te swerf', dus nie dat hulle staties verkeer soos wat *staan* sou kon impliseer nie. *Staan* is in hierdie geval ten volle verbleek en is geensins meer 'n aanduiding van (statiese) postuur nie. Dit kan, myns insiens, selfs as 'n wisselvorm van *gaan* gebruik word, wat dit om die beurt uitwisselbaar met *loop* maak. Meer hieroor in 4.3.2.2.



Dit wil voorkom of die grammatikalisering van  $V_{POS}$ 'e volgens 'n sekere roete ontwikkel en Kuteva (1999:191) wys op twee noodwendige vereistes wat nodig is vir grammatikalisering:

1) the use of the posture-verb construction as an aspectual marker correlates with the use of the posture verbs as the **UNMARKED/CANONICAL ENCODINGS OF SPATIAL POSITION OF OBJECTS**; and

2) the tendency for a language to encode the spatial position of an entity in terms of the notions of sitting, or standing, or lying elevates the corresponding verb structures to the status of basic, most common verb expressions and thus makes them appropriate source structures in auxiliation (Kuteva, 1999:191).

Sy onderskei vervolgens dan ook tussen vier stadia van die grammatikaliseringproses van liggaamlike postuurwerkwoorde na hulpwerkwoorde:

Vlak 1

- i. Liggaamlike postuur (lewende objekte)
- ii. Liggaamlike postuur PLUS gelyktydige werkwoordsituasie ( $V_{POS}$  & V)

Vlak 2

- i. Ruimtelike posisie van objekte (kanoniese kodering – canonical coding)
- ii. Ruimtelike posisie van objek PLUS nog 'n gelyktydige proses ( $V_{POS}$  & V)

Vlak 3 Kontinuatiewe/duratiewe/progressiewe met nielewende objekte

Vlak 4 Kontinuatiewe/duratiewe/progressiewe met lewende/nielewende objekte

Hierdie patroon is van toepassing op Nederlands waar  $V_{POS}$ 'e dikwels verpligtend is in die uitdrukking van plasing in 'n lewende of nielewende entiteit in 'n ruimte. Oor die algemeen is “zijn” onaanvaarbaar (Lemmens, 2005:189-190). In voorbeeld (103) sien ons dieselfde verskynsel as in Nederlands ((101) en (102)). Hoewel dit inderdaad ooreenstemmend is, is dit egter nie noodwendig ongrammatikaal om “is” in GrAfr te gebruik nie.  $V_{POS}$ 'e word wel gereeld in GrAfr gebruik om die “plasing in 'n lewende of nielewende entiteit in 'n ruimte” aan te dui.

(101) Ndl: *Ik {sta / \*ben} in de rij.*

(Lemmens, 2005:190)

'Ek staan in die ry'.

(102) Ndl: *Mijn sleutels {liggen / \*zijn} op de tafel.*

(Lemmens, 2005:190)

'My sleutels lê op die tafel.'

(103) GrAfr: *Waar hy op, so bo-op die aartbol {sit}.*

Met betrekking tot StAfr, stipuleer Breed (2012:102) die fases van StAfr se  $V_{POS}$ 'e se grammatikalisering in haar PhD-proefskrif. Volgens haar het die  $V_{POS}$ 'e nog sterk leksikale betekenis in die eerste fase van grammatikalisering van die  $V_{POS}$ -konstruksie tot 'n progressiewe konstruksie. Hierdie fase kan geïnterpreteer word as die subjek wat hom- of haarself fisiek in 'n bepaalde houding/postuur bevind terwyl hy/sy 'n bepaalde aksie uitvoer (Breed, 2012:102). Dit kan geanaliseer word as [ $V_{POS.LEX}$  en ('terwyl')  $V_{LEX}$ ]. Sy stel dat Lemmens (2005:196) noem dat komplementwerkwoorde tydens hierdie fase beperk is tot werkwoorde wat aktiwiteite uitdruk wat uitvoerbaar is in die postulêre houding wat deur die  $V_{POS}$  uitgedruk word. In voorbeelde (104) sien ons die sterk leksikale betekenis wat deur  $V_{POS}$ 'e uitgedruk word:

(104) StAfr: *Vroue wat alleen in berge **loop**, word verkrag.*

Eng: *Women who walk alone in the mountains, get raped.*<sup>14</sup>

Tydens die tweede fase van ontwikkeling na 'n  $V_{POS}$ -progressief, verbleek die  $V_{POS}$  se leksikale betekenis en die  $V_{POS}$  begin 'n hulpwerkwoordelike funksie verrig (Breed, 2012:103). Dit kan voorgestel word as [ $V_{POS.AUX}$  en  $V_{LEX}$ ]. Gedurende hierdie fase is die fokus nie meer op die fisiese houding van die agent nie, maar eerder op die handeling wat deur die tweede werkwoord uitgedruk word. Die betekenis van die  $V_{POS}$  stem nou ooreen met die betekenis 'om te wees', soos gesien in voorbeeld (105).

(105) StAfr: *Die matrose wat op wag was, het op en af **geloop en uitkyk** oor die water.*

Eng: *The sailors who were on duty, walked up and down and looked out over the water.*

---

<sup>14</sup> Ter wille van die effektiewe illustrasie van die fase se analise, word sommige voorbeelde na Engels vertaal.

In hierdie voorbeeld is dit onwaarskynlik dat al die matrose op dieselfde tyd op en af loop en oor die water kyk. Hoewel die meerderheid van hulle dit sekerlik doen, is daar die moontlikheid dat 'n paar dalk sit of stilstaan en uitkyk oor die water. Die sin probeer dus nie aandui dat die matrose besig is om te loop nie, maar eerder dat hulle almal 'besig is om oor die water uit te kyk'. **Loop** het in hierdie geval dus verbleek tot 'n meer geouksiliëerde funksie, maar 'n mate van die leksikale betekenis is steeds sigbaar, aangesien die liggaamshouding steeds sigbaar is in die voorbeeld (vergelyk Breed, 2012:103).

In die laaste fase van die  $V_{POS}$ -progressief se ontwikkeling verbleek die  $V_{POS}$  so vêr, dat al die oorspronklike leksikale betekenis wegval. Breed (2012:104) noem dat die leksikale of lokatiewe oorsprong van die  $V_{POS}$  nog in 'n mindere of meerdere mate sigbaar is in onderskeidelik die eerste en tweede fases. Die laaste fase sien dat daar van alle leksikale of lokatiewe betekenis afstand gedoen word, sodat die  $V_{POS}$  ten volle verbleek tot 'n grammatikale merker. Vergelyk voorbeeld (106). Hier het die  $V_{POS}$  tot 'n progressiewe aspektuele merker gegrammatikaliseer wat gebruik word om emfatiese betekenis te betrek.

(106) *StAfr:* *Hy het vir my gesê wat hy glo hy moet sê, en wie is ek om in die straat met die predikant te **staan en twis**.*

*Eng:* *He told me what he believed he should say, and who was I to stand in the street and argue with the preacher.*

'n Belangrike stap in die grammatikaliseringproses is die verskuiwing van 'n komplekse konstruksie na 'n eenvoudige een. Oorspronklik was die Nederlandse konstruksie 'n biklausale patroon met die samestelling  $V + en + V$ , met die koördinasie tussen twee aparte frases met dieselfde onderwerp wat in effek by een van die frases uitgelaat kan word. Na aanleiding daarvan dat die spesifieke semantiek van die menslike postuur toenemend verminder, kan 'n herinterpretasie van die konstruksie aantoon dat dit nou 'n monoklausale konstruksie geword het, met 'n groter semantiese samehangendheid (Kuteva, 1999:208). In hierdie konstruksie word die tweede werkwoord in der waarheid die hoofwerkwoord van die totale konstruksie:

(107) Bul: Drexite **sedjat** v koridora i šăbirat prax. (Kuteva, 1999:207)

*klere die sit 3PL PRES in gang en vergader 3PL PRES stof*

'Die klere is in die gang en gaar stof op / Die klere gaar stof op in die gang.'

Kuteva se beskrywing van die herinterpretasie van 'n konstruksie kan 'n moontlike verduideliking verskaf vir Afrikaans wat steeds van die voegwoord "en" gebruik – dit kan moontlik wees as gevolg van die voegwoord wat verbleek het tot 'n perifrastiese partikel. Beide StAfr en GrAfr het reeds hierdie stap voltooi, soos gesien kan word in voorbeeldsinne (108) en (109):

(108) StAfr: *Soms het Ouma na die venster **geloop** en na die leegte gekyk – 'n stuk rooi grond regs van die bos.*

(109) GrAfr: *An hier met ek nie **staan** an rook nie.*

Kuteva (1999:208) toon dat Middelnederlands tot en met die 16de eeu die konstruksie met 'sit/staan/lê + en + hoofwerkwoord'-struktuur vir die kontinuatiewe/duratiewe/progressiewe gebruik het, voordat dit vervang is met die struktuur 'sit/staan/lê + te + infinitief'. Dit is duidelik, volgens Kuteva, dat reanalise hier plaasgevind het. In Middelnederlands het 'onderwerp + sit/staan/lê + adverbial + en + V' net 'n enkele interpretasie gehad – die van kontinuatiewe/duratief/progressief:

(110) MidNdl: *De steden **staen** dagelicx ende vervallen.* (Kuteva, 1999:208)

*Die stede **staan** daaglikx en verval.*

'Die stede val dag na dag na hul ondergang.'

#### 4.2.2 Slotsom

Na aanleiding van die voorafgaande bespreking is dit uiters belangrik om op te merk dat StAfr die verbindings-**en** behou het en dat dit ook verplig is in die aspektuele konstruksie, terwyl *te* verplig is in Nederlands. GrAfr toon egter baie variasie en sal maklik ontslae raak van enige bindingskonstruksie. Soms word die bindingspartikel nietemin gebruik, en daar blyk geen patroonmatighede te bespeur uit die kere in die Gr-konkordansie wanneer die partikel deur die GrAfr-sprekers gebruik word, al dan nie. Die konstruksie kan dus met óf sonder 'n bindingskonstruksie gevorm word. Dit

opsigself is 'n aanduiding van grammatikalisering, aangesien die bindingspartikel skynbaar met die GrAfr'e  $V_{POS}$ 'e saamsmelt ("fuse") en die enkele  $V_{POS}$  is as alleenstaande hulpwerkwoord heeltemal genoeg om die grammatikale konstruksie uit te druk. Soos gestel deur Hopper en Traugott (2009:7) beweeg grammatikalisierende konstruksies langs 'n unidireksionele klieën ook in hul gebondenheid, "that is, in the degree of cohesion of adjacent forms that goes from loosest ("periphrasis") to the tightest ("morphology")." Dit blyk of dit is wat hier gebeur het – die GrAfr  $V_{POS}$ -konstruksie het al so ver gegrammatikaliseer, dat dit tans tot 'n mindere mate 'n "perifrastiese konstruksie" is en dus eerder al nader aan 'n "morfeem".

### **4.3 Parameters vir die analise van die $V_{POS}$ -konstruksie in Griekwa-Afrikaans en Standaardafrikaans**

Om te bepaal tot watter mate die  $V_{POS}$ -konstruksie in GrAfr gegrammatikaliseer het, is dit nodig om die konstruksies met StAfr te vergelyk. Daarna moet dit aan die hand van 'n stel parameters getoets word, naamlik i) die frekwensie van die konstruksie; ii) die werkwoordkollokasies van die konstruksie; en iii) bepaalde sintaktiese aspekte van die konstruksie. Hierdie parameters stem tot 'n groot mate ooreen met dié wat gebruik word deur Breed (2012) in haar studie oor die Afrikaanse perifrastiese progressiewe konstruksies, aangesien dit vir hierdie studie reeds 'n basis van vergelyking met beskikbare resultate en afleidings tot gevolg sal hê.

#### **4.3.1 Frekwensie**

Vanuit 'n grammatikaliseringperspektief is 'n hoë frekwensie dikwels 'n sterk aanduiding van 'n hoër vlak van grammatikalisering as 'n konstruksie met 'n laer frekwensie (vergelyk weer Heine en Kuteva (2006:58)). Lemmens (2003:3) stel dat *sit*, *staan* en *lê* tot 'n uitgebreide semantiese vlak verhef word. Dit maak die werkwoorde van toepassing op verskeie kontekste, naamlik "contexts where one 'locates' animals, inanimate objects, and abstract entities, which obviously implies that some of the attributes of the prototypes will be cancelled out".

Hy bedoel hiermee dat hoe verder die  $V_{POS}$  se gebruik vanaf die prototipiese gebruik geneem word, hoe minder sal dit die betekenis inhou van die prototipe. Dit kan om

die beurt beteken dat hoe minder spesifiek die betekenis raak, hoe meer algemeen kan die  $V_{POS}$  gebruik word – dus neem dit toe in frekwensie en in die graad van grammatikalisering. Breed (2012:134) vind aanklank hierby wanneer sy stel dat “die hoë frekwensie van ’n konstruksie (kan) byvoorbeeld ’n aanduiding daarvan wees dat ’n konstruksie gereeld gebruik word en in meer kontekste as ander soortgelyke konstruksies bruikbaar is.”

Dus word daar in hierdie afdeling na verskillende frekwensieverhoudings ondersoek ingestel.

Eerstens word die totale frekwensies van die  $V_{POS}$  in GrAfr met die totale frekwensies van die  $V_{POS}$  in StAfr vergelyk. Indien daar ’n verskil sou wees in die frekwensieratio’s, sou dit byvoorbeeld ’n aanduiding kon wees dat een van die  $V_{POS}$  in GrAfr verder of nie so ver gegrammatikaliseerd is as sy ewekniekonstruksie in StAfr.

Tweedens word die verhouding tussen die grammatikale en leksikale gebruike in beide konkordansies ondersoek. Die doel hiervan is om vas te stel of enige van die  $V_{POS}$ ’e in elke onderskeidelike konkordansie ’n hoër TAM-gebruik het as ’n ander  $V_{POS}$ . Indien dit die geval sou wees dat daar wel  $V_{POS}$ ’e is wat beslis meer TAM-gebruike aandui, kan dit beduidend wees van ’n verdere vlak van grammatikalisering. Beide Lemmens (2005) en Breed (2012) het aangedui dat die grammatikale  $V_{POS}$  in Nederlands en StAfr hoofsaaklik aspektuele funksie verrig, en in hierdie afdeling sal gekyk word of hierdie afleiding ook vir GrAfr geld. Daar sal tydens hierdie vergelyking ook gekyk word na die frekwensie van leksikale teenoor grammatikale gebruike van elke  $V_{POS}$  in albei konkordansies.

In die derde instansie word die frekwensieratio van die verskillende sinstipes in elke konkordansie ondersoek. Daar word gekyk na die hoeveelheid stelsinne, bevelsinne, vraagsinne en uitroepsinne wat in elke konkordansie voorkom. Dit is egter waarskynlik dat hierdie nie werklik ’n vergelykbare afdeling is nie aangesien die TK-korpus (waaruit die TK-konkordansie saamgestel is) slegs uit geskrewe tekste bestaan en die Gr-konkordansie uit gesproke tekste. Daar kan verwag word dat ’n gesproke konkordansie byvoorbeeld meer uitroep- en bevelsinne sal bevat as ’n geskrewe konkordansie met meer stellende elemente. Alhoewel hierdie vergelyking

geen direkte implikasies het nie, dien dit gewoon om te verreken of die sinstipes 'n impak kan hê op die frekwensieresultate van die grammatikale merkers en dit dien as verdere aanduiding van die verskil tussen die twee konkordansies en grammatikale gebruik van  $V_{POS}$ 'e. Dit moes ook ondersoek word om te verseker dat dit nie moontlike belangrike aanduidings oor gesproke of geskrewe korpora sou maak nie.

Vierdens en laastens word die frekwensie van die aantal voorbeeldsinne waarin daar meer as een  $V_{POS}$  voorkom ondersoek. Twee kategorieë kan onderskei word, te wete i) sinne met meer as een  $V_{POS}$  direk na mekaar; en ii) sinne met meer as een  $V_{POS}$  in die sin. Hierdie vergelyking kan 'n aanduiding wees van die mate van verbleking wat 'n  $V_{POS}$  ondergaan het.

Die genoemde parameters van vergelyking kan 'n aanduiding van die vlak van grammatikalisering aandui en, met betrekking tot frekwensie, die hipotese bevestig dat die  $V_{POS}$ -konstruksie in GrAfr verder grammatikaliseer het as in StAfr. Ter opsomming die verskillende aspekte wat ondersoek sal word:

1. Vergelyking van die totale frekwensieratio tussen  $V_{POS}$ 'e in GrAfr en  $V_{POS}$ 'e in StAfr.
2. Vergelyking van die verhouding tussen die grammatikale en leksikale gebruike van  $V_{POS}$ 'e in beide konkordansies.
3. Vergelyking van die frekwensieratio van die verskillende sinstipes in elke konkordansie.
4. Vergelyking van die aantal voorbeeldsinne waarin daar meer as een  $V_{POS}$  voorkom:
  - sinne met meer as een  $V_{POS}$  direk na mekaar; en
  - sinne met meer as een  $V_{POS}$  in die totale sin.

Alhoewel 'n statistiese analise sekerlik handig en insiggewend sou wees in die analise van die data, moet daar ingedagte gehou word dat hierdie nie 'n korpuslinguistieke studie is nie. Daar wil eerder gewoon aan die hand van 'n korpusondersoek geïllustreer word dat daar bepaalde verskille tussen GrAfr en StAfr

bestaan. Die korpusbeperkings (byvoorbeeld die verskil in die grootte en aard van die twee korpusse) nie leen homself ook nie tot 'n 'n statistiese analise nie.

#### **4.3.1.1 Vergelyking van die totale frekwensieratio tussen $V_{POS}$ 'e in GrAfr en $V_{POS}$ 'e in StAfr**

Die interne frekwensieratio verwys na die hoeveelheid keer wat elke  $V_{POS}$  in albei konkordansies onderskeidelik voorkom. Die berekening van die interne frekwensieratio was die eerste stap in die dataverwerkingsproses, nadat al die gevalle van *sit*, *staan*, *loop* en *lê* in die konkordansies geïdentifiseer is. In Lemmens (2005:195) se ondersoek na die aspektuele  $V_{POS}$ 'e in Nederlands kyk hy na die frekwensie van *liggen*, *zitten* en *staan*. Hy merk dat die oorgrote hoeveelheid voorbeelde met menslike agente, oor die algemeen nie in 'n lêende posisie gevind word nie. Hy meen die rede hiervoor is dat dit moeilik is vir mense om 'n groot verskeidenheid aksies uit te voer terwyl hulle lê.

Thus, human subjects are expected to occur less frequently with *liggen*. In addition, *liggen* is the default locational verb that expresses the positioning of ships, symmetrical objects, substances, and geotopographical locations (cities, countries, etc.), all of which are well represented in the corpus (Lemmens, 2005:195).

Net so kan daar verwag word om baie meer sinsvoorbeelde met *staan* as  $V_{POS}$  aan te tref, aangesien dit as die 'normale' posisie vir mense beskou word en meeste ander posisies daaruit voortspruit: *staan* → *loop*; *staan* → hurk; *staan* → *sit*; *staan* → *lê* (Van Oosten soos aangehaal deur Lemmens, 2003:2).

Lemmens (2003:2) stel eindelik ook dat *sit* as die tussenganger van *staan* en *lê* geag kan word:

*Zitten*, then, can be regarded as the case in between: partly horizontal, partly vertical and the sensorimotor control is less than for standing but more than for lying (Lemmens, 2003:2).


Hoewel die twee bostaande aanhalings geskryf is oor Nederlands, meen hierdie studie dat die frekwensie dieselfde toepassing geniet in  $V_{POS}$ 'e se leksikale gebruik in beide StAfr en GrAfr.

Tabel 3 en Figuur 12 toon hoeveel van elk van die  $V_{POS}$  (wat in hierdie studie bestudeer word) teenwoordig is in beide saamgestelde konkordansies. *Loop* is duidelik die mees frekwente  $V_{POS}$  in GrAfr met 'n persentasie van 40.44%, meer algemeen as die gebruik in StAfr (met 'n persentasie van 27.47%). Die hipotese is dat *loop* in GrAfr 'n hoë mate van grammatikalisering gaan toon. Om dit te bevestig sal daar later na die leksikale en grammatikale gebruike van elke  $V_{POS}$  gekyk word. Dat *loop* egter hier reeds as meer frekvent waargeneem kan word, kan 'n eerste aanduiding wees dat dit 'n hoë mate van grammatikalisering bereik het, aangesien *loop* moontlik saam met 'n groter verskeidenheid aktiwiteite en prosesse gekombineer word wat nie noodwendig meer enige verband met die fisiese aksie van *loop* inhou nie. Lemmens (2005:196) stel immers:

In the first stage of the grammaticalization process, the complement verbs are restricted to those expressing activities compatible with the posture expressed by the CPV. In later stages, the complement verb may express activities less compatible with the posture, or activities that do not imply a posture at all. An overview of complement verb types may thus shed more light onto the grammaticalization process itself.

|               | <b>Sit</b>      | <b>Staan</b>    | <b>Lê</b>     | <b>Loop</b>     | <b>Totaal</b>  |
|---------------|-----------------|-----------------|---------------|-----------------|----------------|
| <b>StAfr</b>  | 362<br>(34.41%) | 333<br>(31.65%) | 68<br>(6.46%) | 288<br>(27.47%) | 1051<br>(100%) |
| <b>GrAfr</b>  | 296<br>(26.31%) | 239<br>(21.24%) | 135<br>(12%)  | 455<br>(40.44%) | 1152<br>(100%) |
| <b>Totaal</b> | 658             | 572             | 203           | 743             | 2203           |

**Tabel 3: Vergelyking van interne frekwensieratio van  $V_{POS}$  in elke konkordansie**



**Figuur 12: Vergelyking van interne frekwensieratio van  $V_{POS}$  in elke konkordansie**

Indien *loop* reeds in 'n meer veralgemenende konteks in GrAfr gebruik kan word, sou daar voorbeelde in die data teenwoordig wees wat hierop dui. Neem as voorbeeld die volgende duidelike fases van grammatikalisering teenwoordig vir *loop*:

(111) GrAfr: *As hille so op die brand **loop**.*

(112) GrAfr: *Ons het nog so **geloop en praat**.*


(113) GrAfr: *Toe het ek **loop siek word**.*

(114) GrAfr: *Daar sal jy **nou loop dood**.*

Sin (111) toon die leksikale gebruik van *loop* as hoofwerkwoord terwyl in sin (112) *loop* al 'n gedeelte van sy leksikale waarde verloor het. Dit is egter 'n meer progressiewe gebruik – die sin handel nie meer oor die spreker wat besig is om te loop nie, maar eerder hoofsaaklik oor die feit dat hy praat. Dat hy moontlik loop terwyl hy dit doen, is 'n bysaak. Voorbeeld (112) gaan nie enigsins meer oor *loop* nie. Dit het verander om meer grammatikaal te word en eerder 'n progressiewe betekenis uit te druk as om 'n agent se postuur aan te dui. Die subjek is dus besig om 'siek te word'. Voorbeeld (114) het die verste van die vier voorbeelde gegrammatikaliseer en is nou 'n inchoatiewe betekeniswisselvorm van *gaan*. *Loop* is 'n wisselvorm van “gaan” slegs as dit die begin van 'n aksie aandui en as dit 'n “verandering van toestand”-betekenis impliseer. Hierdie verandering waar *loop* = *gaan* sal later in die hoofstuk verder bespreek word (verwys na 4.3.2.2). Boonop is hierdie sin ook eerder

'n modale konstruksie, aangesien die sin geklassifiseer kan word as 'n waarskuwing, dus modaliteit.

Figuur 12 illustreer die verhouding tussen die aantal kere wat die vier  $V_{POS}$ 'e in die GrAfr konkordansie en StAfr konkordansie voorgekom het. Dit dui aan dat *loop* die mees frekwente  $V_{POS}$  in GrAfr is en *sit* die mees frekwente  $V_{POS}$  in StAfr. Hierdie kan egter 'n moontlike wanvoorstelling van die StAfr-frekwensie wees, aangesien hierdie studie slegs 'n klein aantal voorbeelde selekteer het. Wanneer die totale TK-korpus ondersoek word, soos in Figuur 13 (Breed 2012:140), toon dit dat *staan* die mees frekwente  $V_{POS}$  in die TK-korpus is. Die bevinding in die TK-konkordansie verskil dus van Breed (2012:140) se bevinding in die totale TK-korpus.



**Figuur 13: Totale frekwensie van Afrikaanse  $V_{POS}$  (Breed, 2012:140)**


Breed (2012:140) dui die frekwensierangorde van  $V_{POS}$ 'e in die TK-korpus aan as *staan* > *sit* > *lê*. Hierdie studie betrek egter ook *loop* by die ondersoekte  $V_{POS}$ 'e, aangesien dit duidelik 'n hoë gebruiksfrekwensie in beide GrAfr en StAfr het. Vir die doel van hierdie studie word die frekwensierangorde van GrAfr dus besou as *loop* > *sit* > *staan* > *lê*. Die frekwensierangorde vir StAfr uit die TK-konkordansie is *sit* > *staan* > *loop* > *lê*. Hierdie frekwensierangorde is 'n aanduiding daarvan dat daar 'n verskil is in die mate van grammatikalisering vir die verskillende  $V_{POS}$ 'e.

### 4.3.1.2 Vergelyking van die verhouding tussen die grammatikale en leksikale gebruike van $V_{POS}$ in beide konkordansies

Die tweede stap in die dataverwerkingsproses het die vergelyking van die verhouding tussen die grammatikale en leksikale gebruike van  $V_{POS}$  in beide konkordansies behels. Hierdie is 'n belangrike aspek, aangesien 'n hoër frekwensie in grammatikale gebruik 'n sterk aanduiding is dat die konstruksies al verder op die grammatikaliseringsklien verskuif. Beskou Tabel 4 en Figuur 14 in hierdie verband.

| Konstruksie  | GrAfr         | StAfr         |
|--------------|---------------|---------------|
| Leksikaal    | 372 (33.06 %) | 926 (88.10%)  |
| Grammatikaal | 753 (66.93 %) | 125 (11.90 %) |
| Totaal       | 1152 (100%)   | 1051 (100%)   |

**Tabel 4: Vergelyking van leksikale teenoor grammatikale gebruik van  $V_{POS}$  in GrAfr en StAfr**



**Figuur 14: Vergelyking van leksikale teenoor grammatikale gebruik van  $V_{POS}$  in GrAfr en StAfr**

Tabel 4 en Figuur 14 is gebaseer op die totale aantal voorbeelde van  $V_{POS}$ 'e in die GrAfr en StAfr konkordansie en toon baie duidelik aan dat daar vir die GrAfr 'n groter hoeveelheid  $V_{POS}$ 'e met grammatikale gebruike voorkom. Uit die TK-konkordansie, is 88.10% van die voorbeelde, leksikale gebruike, teenoor die 33.06% leksikale

gebruike in GrAfr. Hierdie is myns insiens 'n baie sterk aanduiding van die hoër vlak van grammatikalisering in die Gr-konkordansie.

(115) *Leksikaal GrAfr:*            *Dan stan die ene daarso en die een annerse hardlop.*

(116) *Grammatikaal GrAfr:*    *Ons had 'n bietjie gelê stan oortree.*


(117) *Leksikaal StAfr:*            *Die berg staan groot en blou en heel bo alles uit.*

(118) *Grammatikaal StAfr:*    *Jy kan party nagte daar op die Dorpsdam se wal gaan sit en luister na die liedere van Edit Aandra, hoor Ingi.*

Ter uitbreiding van die bogenoemde afleiding, dui Tabel 5 en Figuur 15 aan hoeveel van die grammatikale voorbeelde in beide StAfr en GrAfr temporele, aspektuele of modale funksie verrig.

| Konstruksie | GrAfr        | StAfr       |
|-------------|--------------|-------------|
| Temporeel   | 59 (7.83%)   | 5 (4.06%)   |
| Aspektueel  | 423 (56.17%) | 76 (61.78%) |
| Modaal      | 271 (35.98%) | 42 (34.14%) |
| Totaal      | 753 (100%)   | 123 (100%)  |

**Tabel 5: Vergelyking van frekwensie TAM-gebruik van V<sub>POS</sub> in GrAfr en StAfr**



**Figuur 15: Vergelyking van frekwensie TAM-gebruik van V<sub>POS</sub> in GrAfr en StAfr**

Uit die 753 voorbeelde van grammatikale gebruik in die Gr-konkordansie is meer as die helfte (56.17%) aspektuele gebruike. Dit is dieselfde geval by StAfr, met 'n aspektuele gebruik van 61.78% (hierdie persentasie is gebaseer op 'n totaal van 123 voorbeelde met grammatikale gebruik). Nietemin toon beide konkordansies 'n hoë persentasie modale gebruike – 35.98% in GrAfr en 34.14% vir StAfr.

Voorbeelde (119) en (120) vervul nog volledige leksikale rolle. Voorbeeld (119) verwys na die vertikale oriëntasie van die tafel wat vanaf sy pote se basis, in 'n vertikale rigting na boontoe strek om regop te wees. So ook kan 'n mens regop *sit* (120) om 'n vertikale oriëntasie in te neem.

(119) StAfr:                Daar **staan** die tafel en die stoele.

(120) GrAfr:              Nou **sit** ek hier, ek word moeg vir die sitty hier, so eenier, dan slyt ek toe.

Om dan te kyk na voorbeelde wat gemerk is met 'n TAM-funksie, toon voorbeelde (121) en (122) temporele gemerkte  $V_{POS}$ 'e. Albei sinne druk situasies uit wat in die verlede plaasgevind het.

(121) StAfr:              Sy't **gestaan** en koffie drink.

(122) GrAfr:              By daai groot lorie wat daar **gestaan** het.

Voorbeelde (123) en (124) druk aspektuele betekenis uit. Dit handel nie hier oor wanneer die situasie plaasvind nie, maar eerder oor die tyd wat dit neem om die situasie wat uitgedruk word, te voltooi. In (123) sal Gaston dus die skip agterna kyk, vermoedelik totdat hy nie meer die skip kan sien nie. Voorbeeld (124) stel dat die agent geloop het om die pos te gaan haal. Daar is dus 'n sekere hoeveelheid tyd daaraan gekoppel.

(123) StAfr:              Ingedagte **staan** Gaston die skip en agterna kyk.

(124) GrAfr:              Ek het toe die pos **loop** haal.

Voorbeeld (125) en (126) vervul 'n modale rol. Dit kan gestel word dat (125) die spreker se opinie uitdruk, terwyl (126) 'n voorveronderstelling stel. Die  $V_{POS}$  het telkens geouksilieer tot 'n grammatikale merker.


(125) StAfr:              Jy sal die bybie **staan** en wakker skree!

(126) *GrAfr:* *Toet die ding seker daar **lôop** omdraai toet kom kyk hy seker wat het hier aan gegaan.*


’n Hele aantal navorsers (vgl. De Wit & Patard, 2013:115 & 119; Kranich, 2013:22-23; Van Rooy, 2006:43) toon dat dit ’n algemene gebruik van progressiewe konstruksies is om modale of subjektiewe funksie te verrig. Kranich (2013:2) noem juis dat grammatikaliserende konstruksies verskillende funksies verrig tydens die grammatikaliseringsproses. Daar is in beide konkordansies ’n lae frekwensie van temporele merkers, aangesien dit nie algemeen is dat  $V_{POS}$ ’e tot tempusmerkers evolueer nie. Tipologies gesproke is dit egter wel algemeen dat  $V_{POS}$ ’e tot aspektuele merkers evolueer, soos duidelik in die twee ondersoekte Afrikaanse variëteite die geval is. Tabel 6 dui aan hoeveel van elk van die  $V_{POS}$ ’e in elke konkordansie vir die TAM-kategorieë voorkom.

|              |                     | <b>Sit</b>      | <b>Staan</b>    | <b>Lê</b>      | <b>Loop</b>     |
|--------------|---------------------|-----------------|-----------------|----------------|-----------------|
| <b>StAfr</b> | <b>Leksikaal</b>    | 320<br>(88.4%)  | 289<br>(86.79%) | 52<br>(76.47%) | 265<br>(92.02%) |
|              | <b>Grammatikaal</b> | 42<br>(11.6%)   | 44<br>(13.21%)  | 16<br>(23.53%) | 23<br>(7.98%)   |
|              | <b>Totaal</b>       | 100%            | 100%            | 100%           | 100%            |
|              |                     | <b>Sit</b>      | <b>Staan</b>    | <b>Lê</b>      | <b>Loop</b>     |
| <b>GrAfr</b> | <b>Leksikaal</b>    | 117<br>(39.53%) | 98<br>(41%)     | 44<br>(32.60%) | 113<br>(24.84%) |
|              | <b>Grammatikaal</b> | 179<br>(60.47%) | 141<br>(59%)    | 91<br>(67.40%) | 342<br>(75.16%) |
|              | <b>Totaal</b>       | 100%            | 100%            | 100%           | 100%            |


**Tabel 6: Vergelyking van frekwensie TAM-gebruik van  $V_{POS}$ ’e in GrAfr en StAfr**




**Figuur 16: Verhouding tussen leksikale en grammatikale gebruike vir *sit***



**Figuur 17: Verhouding tussen leksikale en grammatikale gebruike vir *staan***



**Figuur 18: Verhouding tussen leksikale en grammatikale gebruike vir *lê***



**Figuur 19: Verhouding tussen leksikale en grammatikale gebruike vir *loop***

Die boonste grafieke (Figuur 16–Figuur 19) toon telkens die verhouding aan tussen die aantal leksikale en grammatikale voorbeelde per  $V_{POS}$ . Hieruit is dit baie duidelik dat *loop* voorkeur geniet as die  $V_{POS}$  met die hoogste frekwensie van grammatikale gebruik in GrAfr – meer as driekwart van die voorbeelde in die Gr-konkordansie is grammatikaal. Breed (2012:160) dui aan dat die ***loop en***-konstruksie in Standaardafrikaans minder voorkom as die ***sit en-***, ***staan en-*** en ***lê en-***konstruksie, maar wel ook as 'n geouksiliëerde konstruksie gereanalyseer is. Voorbeeld (127)–(130) is voorbeelde van elk van die  $V_{POS}$ -konstruksies in StAfr. (131)–(134) is voorbeelde van hierdie konstruksies in GrAfr.

- (127) StAfr: *En ek **loop en** omkyk, want die wind dreun soos 'n orrel in die bos.*
- (128) StAfr: *Ons het die voorhuis binnegegaan, waar ek verbouereerd op 'n bank gaan **sit en** luister het hoedat my tannies weer gesonde opelyf het.*
- (129) StAfr: *Ansie gaan **staan en** kyk voor haar op die grond, bang dat sy dalk die een of ander reël sal oortree.*
- (130) StAfr: *Hy het **lê en** dink aan hoe Cox en Cerise al deel van hulle persoonlike lewens geword het.*
- (131) GrAfr: *Wat ons nou **lôop en**, sô loop en soek.*
- (132) GrAfr: *As ik so **sit en** luister, en ik hoor hoe lat die ou Griekwa, ander ou Griekwa gesê het.*
- (133) GrAfr: *Ek kan nie meer werk ga **staan en** aanvat nie.*
- (134) GrAfr: *Jeere, ek **lê en** lyster hulle gisteraand.*

Dat die aantal grammatikale voorbeelde van al die  $V_{POS}$ 'e in GrAfr soveel hoër is as in StAfr, is 'n baie sterk aanduiding dat die  $V_{POS}$ -konstruksie in GrAfr al inderdaad gereanalyseer het tot 'n geouksiliëerde konstruksie, wat beteken dat dit nou 'n hulpwerkwoordelike funksie verrig.


#### **4.3.1.3 Vergelyking van die frekwensieratio van die verskillende sinstipes in elke konkordansie.**

Soos genoem in 4.3.1 word daar in hierdie vergelyking gekyk na hoeveel stelsinne, bevelsinne, vraagsinne en uitroepsinne in elke konkordansie voorkom. Mens sou

verwag dat daar 'n verskil kan wees in die frekwensie van sinstipes in 'n gesproke en geskrewe korpus. Hierdie stap in die dataverwerkingsproses is gewoon uitgevoer om aan te dui dat die sinstipes 'n impak kan hê op die grammatikale merkers. Die vergelyking word uitgevoer as verdere aanduiding van 'n moontlike verskil tussen die twee konkordansies.

| Sinstipes  | GrAfr       | StAfr       |
|------------|-------------|-------------|
| Stelsin    | 891 (89.1%) | 935 (93.5%) |
| Bevelsin   | 79 (7.9%)   | 21 (2.1%)   |
| Vraagsin   | 22 (2.2%)   | 29 (2.9%)   |
| Uitroepsin | 8 (0.8%)    | 15 (1.5%)   |
| Totaal     | 1000        | 1000 (100%) |

**Tabel 7: Vergelyking van totale frekwensie sinstipes in GrAfr en StAfr**



**Figuur 20: Vergelyking van totale frekwensie sinstipes in GrAfr en StAfr**


Uit Tabel 7 en Figuur 20 is dit baie duidelik dat albei konkordansies hoofsaaklik uit stelsinne bestaan en dat die verskil in sinstipes in die twee konkordansies nie 'n oorsaak kan wees vir die aangeduide frekwensieverskille van  $V_{POS}$ 'e nie.

#### 4.3.1.4 Vergelyking van die aantal voorbeeldsinne waarin daar meer as een $V_{POS}$ voorkom.

Die volgende twee tabelle sal dien as ondersteunende bewyse tot die hipotese dat GrAfr die  $V_{POS}$ -konstruksie op 'n ander manier gebruik as StAfr. In 'n bespreking oor *loop* in verskeie Afrikaanse dialekte, merk Du Plessis (1990:70) dat uit die vier mees algemene  $V_{POS}$ 'e, *loop* verreweg die meeste voorkom in hedendaagse Oranjerivier-Afrikaans. Uit die data is dit ook duidelik, soos reeds genoem, dat *loop* die meeste voorkom in GrAfr. Soos in 1.1.1 genoem word, wys Kempen (soos aangehaal deur Du Plessis, 1990:70) daarop dat die bindpartikel *en* weggelaat kan word. Hoewel die *loop en* nie met *en* in Middelnederlands voorkom nie, kom dit wel te voorskyn in sewentiende-eeuse Nederlands, maar oor tyd het dit in drie variasies vorme aangeneem, naamlik i) in hedendaagse Nederlands met die “te” partikel; ii) in StAfr met die “en” voegwoord; en iii) in GrAfr met of sonder die “en”. Dit is 'n aanduiding dat GrAfr wel ook uit sewentiende-eeuse Nederlands ontwikkel het – Raidt (1989:97) se stelling dat StAfr daaruit ontwikkel het in ag genome. Tabel 8 en Figuur 21 is 'n uiteensetting van die aantal sinne in elke konkordansie met meer as een  $V_{POS}$  in die totale sin.

| Konkordansie | Aantal sinne met meer as een $V_{POS}$ in totale sin: |
|--------------|---|
| StAfr        | 54  |
| GrAfr        | 118   |

Tabel 8: Aantal sinne in elke konkordansie met meer as een  $V_{POS}$  in die totale sin



**Figuur 21: Aantal sinne in elke konkordansie met meer as een  $V_{POS}$**

Voorbeelde (135) en (136) illustreer gevalle met meer as een  $V_{POS}$  per sin. Hierdie sinne is tipies sinne met meer as een klous, so die voorkoms van meer as een  $V_{POS}$  in die hele sin, is nie so verbasend nie.

(135) *StAfr:* *Dis veel later in die aand wanneer Jacob oor die jettie loop en Elsabet daar doodstil sien staan.*

(136) *GrAfr:* *Dan **sit** hy hom so en dan **loop** hy so.*

Myns insiens kan die afleiding gemaak word dat die weglating van die verbindingspartikel tot die hoër aantal voorbeelde in GrAfr waar meer as een  $V_{POS}$  direk na mekaar geplaas word. Hierdie verskynsel word vervolgens in 4.3.2.1 bespreek.

### 4.3.2 Spesifieke sintaktiese interessantheide

As 'n finale afdeling in die dataverwerkingsproses, is enige bykomende sintaktiese interessantheide bespreek wat in die Gr-konkordansie gevind is. Buiten die interessante verskynsel wat reeds gevind is, (dat meer as een  $V_{POS}$  saam met 'n leksikale werkwoord gebruik kan word) is daar nou nog vyf verdere interessantheide wat bespreek moet word, naamlik i) dat GrAfr die verbindings-**en** kan weglaat; ii) dat

*loop = gaan* en *lê = gaan*, iii) dat kombinasies met meer as een grammatikale  $V_{POS}$  moontlik is; vi) dat onverwagse  $V_{POS}$ 'e saam met leksikale werkwoorde kombineer en; v) dat die sinsposisie van die  $V_{POS}$  nie vas is nie. Elkeen van hierdie waarnemings sal vervolgens bespreek word.

#### 4.3.2.1 Konstruksies met of sonder 'n bindingspartikel

Tabel 9 en Figuur 22 het gekyk na die aantal voorbeeldsinne wat twee of meer  $V_{POS}$ 'e langs mekaar bevat, sonder 'n verbindingspartikel "en", soos gesien kan word in voorbeelde (137)-(139).


(137) GrAfr:            *Nou **sit-le** hom innie hok.*

(138) GrAfr:            *Geester had hy nog sy nek ingelê **stan** styf hou sos jong beul*

(139) GrAfr:            *Dan **staan loop** hy jimmers.*

| Konkordansie | Aantal sinne met meer as een $V_{POS}$ na mekaar: |
|--------------|---|
| StAfr        | 2   |
| GrAfr        | 44  |

Tabel 9: Aantal sinne in elke konkordansie met meer as een  $V_{POS}$  direk na mekaar



Figuur 22: Aantal sinne in elke konkordansie met meer as een  $V_{POS}$  direk na mekaar

Deur die data van die twee onderskeidelike konkordansies te vergelyk, is dit opvallend om te sien dat die  $V_{POS}$ -konstruksie in verskillende vorme te voorskyn kom. Dit is baie duidelik uit die Gr-konkordansie dat die sprekers nie die verbindingspartikel **en** as noodsaaklik ag in konstruksies met  $V_{POS}$ 'e en 'n hoofwerkwoord nie. Wat verder opvallend is, is dat gevalle in hierdie spesifieke afdeling (soos (139) een van die  $V_{POS}$ 'e as leksikale hoofwerkwoord gebruik en die ander  $V_{POS}$  as grammatikale werkwoord.

Voorbeelde (137)-(139) het almal die gebruik van die verbindings-**en** verloor, wat die betekenis van die sin sterker daarop fokus dat die eerste  $V_{POS}$  al hoe sterker hulpwerkwoordelike funksie verrig. Daar is egter steeds voorbeelde waar GrAfr wel die verbindings-**en** gebruik:

(140) GrAfr: *Dan **staan en kyk** die ouma.*

(141) GrAfr: *Hy **sta** mar so **en kyk**.*

(142) GrAfr: *Ek sal mar hier **sit en wag**.*

Hierdie drie voorbeelde ((140)-(142)) se  $V_{POS}$ -konstruksie met die verbindingspartikel, lyk tipies soos die struktuur wat in StAfr (143) en (144) ook sou voorkom.

(143) StAfr: *Sy't **gestaan en koffie drink**.*

(144) StAfr: *Hulle **sit en kyk** na mekaar, hulle liggame in 'n houding van tydloosheid.*

Uit die data het daar enkele voorbeelde opgeduik waar die verbindings-**en** in die TK-konkordansie ontbreek. Hierdie kom dus wel voor in StAfr en kan volgens my toegeskryf word aan informele taalgebruik, omdat informele taalgebruik dikwels die weglating of invoeging van taalitems sien – altyd tot die diskresie en styl van die spreker (te danke aan elke individue se ideolek en kodewisseling). In voorbeeld (145) en (146) (vanuit StAfr) is dit ook die geval dat *loop* gelyk word aan *gaan*:

(145) StAfr: ***Loop kry** vir my die volgende.*

(146) StAfr: *Dis waar Ters **loop** vrou **vat** het.*

Soos genoem in 2.3.3, en soos gesien in Figuur 5 uit Bybee (1994), is konstruksies geneig om met mekaar saam te smelt tot een grammatikale konstruksie as hulle meer afhanklik raak van mekaar (Breed, 2012:101). As dit werklik so is dat GrAfr na aanleiding van die  $V_{POS}$ -konstruksie, soos Kempen (1965:89) aanvoer, ouer en meer Nederlands is as StAfr (ten spyte van StAfr se rol in die ontwikkeling van GrAfr), sou mens kon aflei dat die weglating van die verbindings-**en** deel is van die grammatikaliseringsskiedenis waarvolgens  $V_{POS}$ 'e in GrAfr ontwikkel. Dit sou myns insiens kon beteken dat GrAfr se gebruik van die  $V_{POS}$ -konstruksie al verder evolueer het as in StAfr, wat beteken dat die  $V_{POS}$ -konstruksie in GrAfr verder gegrammatikaliseer is as die konstruksie in StAfr.

#### 4.3.2.2 *Loop en lê as wisselvorme van gaan*

Die tweede verskynsel wat bykomend bespreek moet word, is die frekwensieratio van gevalle waar *loop* as wisselvorm van *gaan* gebruik word, asook gevalle waar ander 'n  $V_{POS}$  moontlik aan *gaan* gelykgestel word. Vanuit voorbeelde (147)-(149) is dit maklik waarneembaar dat *loop* nie meer die leksikale betekenis van *loop* – om regop te wees en vorentoe te beweeg deur een voet voor die ander te plaas – behou het nie. Dit word eerder gebruik as 'n ekwivalente vorm van *gaan*, of soos Breed (2012:160) dit beskryf, as 'n variasie op die werkwoord *gaan*. Dit is 'n inchoatiewe merker om die begin van 'n situasie uit te druk. In terme van StAfr merk sy:

Dit lyk asof die **loop**  $V_{POS}$  **en**- en **gaan**  $V_{POS}$  **en**-konstruksies sinonieme van mekaar is, maar dat die gebruik **loop**  $V_{POS}$  **en**-konstruksie hoofsaaklik 'n dialektiese of 'n omgangstaalverskynsel is, (Breed, 2012:160).

Sy stel dat hierdie verskynsel in StAfr voorkom as 'n verskynsel van omgangstaal. In GrAfr is dit myns insiens egter al byna die norm om *loop* te gebruik as 'n dubbelganger van *gaan*, wat onveranderd bly ten spyte van die verskeie temporele funksies wat uitgedruk word:

(147) GrAfr:            *Die pos **loop** haal.*


(148) GrAfr:            *Die man **loop** speel.*

(149) GrAfr:            *Hulle had daar **lop** gesterf.*

Tabel 10 en Figuur 23 toon die aantal gevalle wat in die twee konkordansies gevind is wat *loop* gelyk stel aan *gaan*. Hierdie studie stel die hipotese dat hierdie konstruksie as toenemend tipies van GrAfr verwag kan word, en daarom word 'n baie hoër frekwensie *loop* = *gaan* in die Gr-konkordansie verwag as in die TK-konkordansie. Die volgende tabel toon dan ook aan dat dit inderdaad die geval is in die konkordansies:

| Konkordansie | Totale aantal <i>loop</i> | Frekwensie <i>loop</i> = <i>gaan</i> |
|--------------|---------------------------|--------------------------------------|
| StAfr        | 289 (100%)                | 8 (2.8%)                             |
| GrAfr        | 455 (100%)                | 118 (26%)                            |

Tabel 10: Frekwensie *loop* gelykstaande aan *gaan*




Figuur 23: Frekwensie *loop* = *gaan*

26% van die voorbeelde in GrAfr stel *loop* gelyk aan *gaan*. Dit is in elk van hierdie gevalle 'n sinoniem vir *gaan*. Dit het egter geblyk dat ander  $V_{POS}$ 'e ook as

wisselvorme van *gaan* gebruik kan word, byvoorbeeld *lê* soos in Tabel 11 en Figuur 24 aangetoon word.

| Konkordansie | Totale aantal <i>lê</i> | Frekwensie<br><i>lê = gaan</i> |
|--------------|-------------------------|--------------------------------|
| StAfr        | 68                      | 0                              |
| GrAfr        | 135                     | 9 (6.66%)                      |

Tabel 11: Frekwensie *lê* gelykstaande aan *gaan*



Figuur 24: Frekwensie *lê=gaan*

Daar is heelwat minder gevalle hiervan in GrAfr (6.66%), maar geen gevalle in StAfr nie. Hierdie uitslag toon moontlik aan dat *lê* reeds dieselfde grammatikaliseringsroete as *loop* begin volg het. Enkele voorbeelde van hierdie verskynsel waar *lê* 'n wisselvorm vir *gaan* blyk te wees:

(150) GrAfr: *Broer, jy moet lat ons troei **lê** hoeistoe, want daar kom 'n verskriklike weer aan, op dat die weer ons nie beseet nie.*

(151) GrAfr: *Ek en broer oerson het **gelê** oor na die kantiense toe met mening om te lê staan bottel koop.*

(152) GrAfr: *Jy moet lat ons **lê** troei hoeistoe.*

(153) GrAfr:           Hy *lê* kom nog.

Voorbeelde (150)–(153) is besonders interessant, aangesien *kom* die hoofwerkwoord in die sin is, en dit impliseer dat hulle moet huis toe "gaan". 'n Statiese  $V_{POS}$ , naamlik *lê*, word dus gebruik om beweging te insinueer, wat sterk dui op die volledige verbleking van hierdie  $V_{POS}$ .

Hierdie gevalle waar *loop* en *lê* as plaasvervangers van *gaan* kan funksioneer, is myns insiens 'n indikasie dat die  $V_{POS}$ 'e in hierdie gevalle ten volle gereanalyseer tot progressiewe merkers, en geen leksikale waarde meer behou word nie.

Daar was verder slegs een voorbeeld van 'n  $V_{POS}$  buiten *loop* en *lê* wat as wisselvorm vir *gaan* gebruik word. Hier word *sit* ook as sinoniem van *gaan* gebruik.

(154) GrAfr:           Nou *sit-le* hom innie hok.

#### **4.3.2.3 Kombinasies met meer as een grammatikale $V_{POS}$**

Die derde interessante verskynsel is dat kombinasies met meer as een grammatikale  $V_{POS}$  moontlik is. In 4.3.2.1 is reeds aangetoon dat 'n  $V_{POS}$  gebruik kan word as grammatikale werkwoord in 'n sin met 'n (ander) leksikale  $V_{POS}$ . In hierdie geval is daar gemerk dat stringkonstruksies vorm met twee of meer grammatikale  $V_{POS}$ 'e saam met 'n leksikale werkwoord gebruik word. Neem (155) se stringkonstruksie as voorbeeld.

(155) GrAfr: *Aljimmers dan stan lê hool* (hol, hardloop) hy 'n end.

Die  $V_{POS}$ 'e *staan* en *lê* kombineer om mekaar te versterk as spil. Daar kan gesê word dat nie die *staan* of die *lê* saam met *hool* funksioneer nie, maar eerder dat die stringkonstruksie mekaar as 'n hulpwerkwoordelike eenheid ondersteun om te beklemtoon dat die persoon op daardie oomblik gehardloop het. *Staan* en *lê* is verder direkte teenstellings van mekaar, aangesien die posisies van *staan* (vertikaal) en *lê* (horisontaal) teenoorgestelde posture aandui. Hierdie is 'n verdere aanduiding van die mate waartoe die  $V_{POS}$  in GrAfr verbleek het.

Eindelik kan daar gesê word dat die vorming van stringkonstruksies soos in (155) toelaatbaar is, maar nie werklik gebruiklik is nie. Vanuit die GrAfr korpus kan daar gesien word dat nie 'n algemene verskynsel is nie. Daarenteen is die kombinasie van

*staan* en *lê* baie meer algemeen. Dit is dus beide meer toelaatbaar en meer gebruiklik as die verskynsel van stringkonstruksies.

#### 4.3.2.4 *Onverwagse kombinasies met V<sub>POS</sub>'e*

Die vierde sintaktiese interessantheid wat manifesteer het uit die data, is dat onverwagse V<sub>POS</sub>'e saam met leksikale werkwoorde kombineer. In hierdie geval vind daar 'n gespreksituasie plaas met 'n spesifieke aksie wat verrig word, maar die gegrammatikaliseerde V<sub>POS</sub> wat die hoofaksie/hoofwerkwoord voorafgaan, is teenstrydig met die hoofwerkwoord se leksikale betekenis. Neem as voorbeeld sinne (156) en (157).

(156) GrAfr:            *Daar sal jy nou **loop dood**.*

(157) GrAfr:            *Hulle moes **loop dood** daarso*

Wanneer 'n agent dood is, kan hy in 'n sittende of lêende posisie wees, maar nie in 'n staande posisie nie en by ekstensie nog minder in 'n lopende posisie. Volgens Lemmens (2005:209) se hipotese sou die spreker tipies 'n V<sub>POS</sub> kies wat die naaste is aan die karakter van die hoofwerkwoord, maar hier het die sprekers telkens *loop* met *dood* verbind – nie *lê* of *sit* nie.

Dit kan hier egter ook 'n verdere voorbeeld wees van die gevalle wat reeds bespreek is, naamlik waar *loop* = *gaan*. In daardie geval is bogenoemde twee voorbeelde steeds interessant, aangesien die konstruksie van “doodgaan” nou waarskynlik gereanalyseer is as [doodgaan] → [dood][gaan] → [dood][loop] → [dood] [loop] → [loop] [dood].

In voorbeeld (158) sien ons weer die teenstrydige aard van die kombinasie tussen *staan* en *loop*.

(158) GrAfr:            *Dan **staan loop** hy jimmers.*

*Staan* is 'n statiese werkwoord, terwyl *loop* dinamies van aard is. Dit wil dus voorkom of *staan* ook gegrammatikaliseer het om eenvoudig 'n progressiewe aspektuele merker te word.

In die volgende voorbeelde ((159)–(163)) word Kuteva (1999:192) se stelling, dat postulêre werkwoorde eers hul “postuursemantiek” moet afskud voordat dit die plasing van enige lewende of nielewende entiteit kan aandui, bevestig. Die spil *lê* is telkens in teenstelling tot die vertikale aard van ’n staande posisie:

- (159) GrAfr:            *Hy **lê sta** mak die deeng daar.*
- (160) GrAfr:            *Jy **lê staan skint** Grikwa se kind by die karakter.*
- (161) GrAfr:            *Aljimmers dan **lê stan gee** boezakgoed*
- (162) GrAfr:            *Aitsê, Here, das tog nie ek wat so **gelê stan oortree** het nie.*
- (163) GrAfr:            *Toe had en vir m'n so 'n endjie daarvandaan **lê stan** maak*

Dit kan selfs die geval wees, soos in (160)–(162), dat daar weereens twee grammatikale  $V_{POS}$ ’e is wat die hoofwerkwoord van die sin voorafgaan. Lemmens (2005:185) en Haeseryn *et al.* (soos aangehaal deur Lemmens, 2005:185) stel dat in gevalle waar die agent se postuur nie meer ter sprake is nie en in werklikheid glad nie inpas by aktiwiteit wat uitgedruk word nie, kan die  $V_{AUX}$  verswak tot die betekenis van “besig wees met...” en dat sinne soos hierdie dikwels irritasie uitdruk en hoofsaaklik in gesproke taal voorkom. Myns insiens is (160) en (162) voorbeelde hiervan.

#### 4.3.2.5 *Variasie in spil se sinsposisie*

Die vyfde en finale sintaktiese interessantheid wat na vore gekom het, is gevalle waar die sinsposisie van die  $V_{POS}$  nie vas is nie. Hier is  $V_{POS}$ ’e so ver gegrammatikaliseer dat hulle nie eers meer die sintaktiese struktuur van ’n Afrikaanse sin gehoorsaam nie. Die sprekers plaas skynbaar die spil in die volgende voorbeeld later in die sinsposisie. Dit is skynbaar dus in GrAfr nie ’n vaste vereiste dat die spilwerkwoord in die hoofsin direk na die subjek geplaas moet word nie.:

- (164) GrAfr:            *Ek kan nie **lieg sit** nie.*
- (165) GrAfr:            *Dan **hardloop kom** hy daarvandaan.*

In (164) plaas die spreker eenvoudig die spil (*sit*) ná die hoofwerkwoord (*lieg*). In (165) is die spil weereens na die hoofwerkwoord, maar in hierdie geval is die hele sin

net vreemd gevorm. In plaas van 'n meer prototipiese struktuur soos “Dan kom hardloop hy daarvandaan”, word *hardloop kom* as 'n eenheid verbind.

#### 4.4 Slot

Hoofstuk 4 het oortuigende bewysstukke vanuit die korpusondersoek opgelewer om die hipotese te ondersteun dat  $V_{POS}$ 'e in GrAfr, en in besonder *loop*, al werklik tot 'n baie groter mate gegrammatikaliseer het as  $V_{POS}$  in StAfr, soos die hipotese van hierdie inderdaad voorspel het.

In die eerste instansie is daar gekyk na die totale frekwensieratio's tussen  $V_{POS}$ 'e in GrAfr en  $V_{POS}$ 'e in StAfr. Die data het getoon dat *loop* die mees frekwente  $V_{POS}$  in GrAfr is. Dit is gebruik in 40,44% van al die sinsvoorbeelde uit die data, wat 'n eerste aanduiding was dat dit verder gegrammatikaliseer het as die ander  $V_{POS}$ 'e, aangesien dit in 'n groter verskeidenheid aktiwiteite en prosesse gebruik kan word. Daar is gestel dat die frekwensierangorde van  $V_{POS}$ 'e in GrAfr *loop* > *sit* > *staan* > *lê* is, terwyl dit *sit* > *staan* > *loop* > *lê* is in StAfr.

Tweedens is die verhouding tussen die grammatikale en leksikale gebruike van  $V_{POS}$ 'e in albei konkordansies ondersoek. In hierdie afdeling sou 'n hoër frekwensie grammatikale gebruike 'n positiewe aanduiding wees dat die  $V_{POS}$ -konstruksie al verder op die grammatikaliseringsskiele gevorder het. Daar is inderdaad gevind dat 66,93% van die GrAfr'e datavoorbeelde 'n grammatikale rol speel teenoor die 11,90% in StAfr. Van hierdie 66,93% is die meerderheid voorbeelde van aspektuele merkers (56,17%). Aan die einde van hierdie vergelykende afdeling is daar gevind dat die groter aantal grammatikale voorbeelde in GrAfr as in StAfr 'n baie sterk aanduiding is dat die  $V_{POS}$ -konstruksie in GrAfr al werklik gereanaliseer het tot 'n geouksiliëerde konstruksie.

In die derde instansie is die frekwensieratio van die verskillende sinstipes in elke konkordansie vergelyk. Hierdie stap was geneem om gewoon uit te vind of die sinstipes 'n impak kan hê op die grammatikale merkers se teenwoordigheid. In albei konkordansies was die stelsin oorheersend in teenwoordigheid. Aan die einde van die afdeling is daar tot die gevolgtrekking gekom dat die verskillende sinstipes in die

twee konkordansies nie 'n oorsaak kan wees vir die aangeduide frekwensieverskille van  $V_{POS}$ 'e nie.

Vervolgens is daar gekyk na die aantal voorbeeldsinne wat meer as een  $V_{POS}$  bevat – in die totale sin, of direk langs mekaar. Hierdie afdeling wou vasstel dat GrAfr die  $V_{POS}$ -konstruksie op 'n ander manier implementeer as StAfr. Vanuit die data is waargeneem dat 118 uit die 1000 GrAfr'e voorbeeldsinne meer as een  $V_{POS}$  in die totale sin het, teenoor die 54/1000 in StAfr. Hierdie is konstruksies met of sonder die verbindings-**en**. Myns insiens word die  $V_{POS}$  in GrAfr meer gereeld as 'n herhaling gebruik, vandaar die groter aantal voorbeelde hiervan in die GrAfr-konkordansie. Verder is daar gevind dat daar meer as een  $V_{POS}$  langs mekaar geplaas kan word, wat eintlik as 'n string (*unit*) van hulpwerkwoorde gebruik word om een funksie te verrig.

In die laaste instansie is vyf ander sintaktiese interessantheide wat uit die Gr-konkordansie vorendag gekom het, bespreek. Eerstens is gemerk dat daar 'n totaal van 44 voorbeelde in die Gr-konkordansie is waar daar meer as een  $V_{POS}$  direk na mekaar geplaas is, sonder 'n verbindingspartikel. Hierdie onderafdeling het eenduidig bevestig dat die verbindingspartikel "en" uitgelaat kan word, of nie. In terme van die mate van grammatikalisering van die  $V_{POS}$  in GrAfr, sê die bevindinge dat die  $V_{POS}$ -konstruksie in GrAfr baie verder gegrammatikaliseer het as die konstruksie in StAfr.

Tweedens is daar gesien dat *loop* nog 'n verdere funksie bygekry het, naamlik om 'n wisselvorm van *gaan* te word. Uit die totale aantal voorbeelde wat *loop* bevat het, was 26% van die gevalle gelykgestel aan *gaan*. Die hipotese kan dus bevestig word dat *loop* toenemend tipies as sinoniem van *gaan* gestel word en dat dit gegrammatikaliseer het tot 'n progressiewe merker in elkeen van die voorvalle wat in die Gr-konkordansie gevind is. Verder is gevind dat daar gevalle was waar *lê* ook gelykstel word aan *gaan*. Hoewel daar heelwat minder gevalle hiervan in GrAfr is as vir *loop*, was daar geen voorvalle van hierdie verskynsel in StAfr nie. Myns insiens is hierdie 'n aanduiding dat *lê* reeds dieselfde grammatikaliseringroete as *loop* begin volg.

In die derde plek is waargeneem dat kombinasies met meer as een grammatikale  $V_{POS}$  moontlik is om stringkonstruksies te vorm; in die vierde plek is gevind dat

onverwagse  $V_{POS}$ 'e saam met leksikale werkwoorde kombineer, byvoorbeeld om te *loop* dood; en in die laaste plek het voorbeelde uit die Gr-konkordansie aangetoon dat die sinsposisie van die  $V_{POS}$  nie vas is nie.

In die finale instansie kan daar bevestig word dat die GrAfr'e  $V_{POS}$ -konstruksie baie verder as die StAfr'e  $V_{POS}$ -konstruksie gegrammatikaliseer het. Hulle word in 'n baie groter verskeidenheid kontekste gebruik en besit dikwels geen meer leksikale waarde nie. Die hoofstuk se bespreking van die studie se dataverwerkingsproses het gewys dat die GrAfr'e  $V_{POS}$ 'e 'n meer hulpwerkwoordelike funksie verrig en het in baie gevalle gegrammatikaliseer tot progressiewe aspektuele merkers.

In die volgende hoofstuk sal 'n samevatting van die studie gebied word, sowel as die finale gevolgtrekkings wat gemaak kan word rakende die postulêre werkwoorde in GrAfr se vordering op die grammatikaliseringstadiume.

## Hoofstuk 5: Slot

### 5.1 Inleiding

Die doelwit van hierdie studie was om die unieke wyse te toon waarop die  $V_{POS}$  in Griekwa-Afrikaans (GrAfr) gebruik word om grammatikale funksie te verrig. Inhoudelik is die studie in vyf hoofstukke verdeel. In die eerste hoofstuk is die konteks en relevansie van die studie gestel. Die tweede hoofstuk het die teoretiese raamwerk van die studie bespreek, naamlik grammatikaliseringsteorie. In die derde hoofstuk is die verskillende grammatikale funksies wat die  $V_{POS}$ -hulpwerkwoord kan verrig, bespreek. Daar is hoofsaaklik gefokus op die temporele, aspektuele en modale funksies van die spil. Die vierde hoofstuk het die resultate van die korpusondersoek aangetoon. Hierdie ondersoek is uitgevoer om op vergelykende wyse, aan die hand van bepaalde parameters, te toon op watter unieke wyses die  $V_{POS}$  in GrAfr gebruik word, en hoe dit verskil van die wyse waarop dit in Standaardafrikaans (StAfr) gebruik word. Die tweede en derde hoofstuk betrek hoofsaaklik taalteoretiese beskrywings, terwyl die vierde hoofstuk taalspesifieke gevolgtrekkings behels. In hierdie slothoofstuk word die belangrikste opmerkings en gevolgtrekkings van die studie saamgevat.

### 5.2 Kontekstualisering van die studieonderwerp

Soos genoem, is daar in die afgelope studie ondersoek ingestel na die gebruik van postulêre werkwoorde in Griekwa-Afrikaans. In die eerste hoofstuk is derhalwe gestel dat  $V_{POS}$ 'e werkwoorde is wat die liggaamshouding of -posisie van 'n agent aandui (Ponelis, 1978:241). Hierdie woorde word ook liggaamshouding-werkwoorde genoem. Konstruksies met hierdie tipe werkwoord kom in verskeie tale soos Bulgaars, Frans en Russies voor en kan gebruik word om grammatikale betekenis, onder meer temporele, aspektuele en modale betekenis, uit te druk (Kuteva 1999:196-197; Steels & Spranger, 2009:17). 'n Grammatikale funksie wat dikwels uitgedruk word deur die  $V_{POS}$ , is die progressief, soos in Afrikaans en Nederlands die geval is.

Nederlands en Afrikaans het, naas die  $V_{POS}$ -konstruksie, nog twee verdere ooreenkomstige progressiewe konstruksies, naamlik die **aan het-/aan die-** en

**bezig/besig**-progressiewe konstruksies. Breed (2012) bespreek die verskil tussen die drie Afrikaanse konstruksies grond van 'n vergelyking met navorsing oor die Nederlandse ewekniekonstruksies. Volgens Breed (2012:119) het twee van die drie progressiewe konstruksies in Nederlands en Afrikaans 'n lokatiewe oorsprong, naamlik die **aan het-/aan die-** en die **V<sub>POS</sub> te-/V<sub>POS</sub> en**-progressief. Konstruksies met 'n lokatiewe oorsprong word in hul leksikale konteks gebruik om 'aanwesigheid op 'n plek' of 'ruimtelikheid' aan te dui (Breed 2012:118).

Daar is egter getoon dat, ten spyte van hul gedeelde herkoms uit sewentiende-eeuse Nederlands, daar vormlike en semantiese verskille tussen Afrikaans en Nederlands se **V<sub>POS</sub>**-konstruksies is (Raidt, 1989:97). Waar die **V<sub>POS</sub>**-konstruksie in Nederlands byvoorbeeld die infinitiewe werkwoord met die partikel **te** verbind word, word daar in Afrikaans van die voegwoord **en** gebruik gemaak om die **V<sub>POS</sub>** en die infinitiewe werkwoord te perifraser (Breed, 2012:115). Breed het verder gevind dat een van die eerste wesenlike verskille in die gebruik van hierdie ewekniekonstruksies in die verskil tussen hul frekwensievolgordes lê. In Afrikaans is die **V<sub>POS</sub>** konstruksie die skaarsste progressiewe konstruksie, terwyl dit in Nederlands die mees frekwente konstruksie is.

Eweneens is daar taalinterne verskille te vinde in die wyse waarop die **V<sub>POS</sub>**-konstruksie in Standaardafrikaans (StAfr) en 'n variëteit soos Griekwa-Afrikaans (GrAfr) gebruik word. Kempen (soos aangehaal deur Du Plessis, 1990:70) wys byvoorbeeld daarop dat die bindpartikel **en** in GrAfr weggelaat kan word, maar dat hoewel die **loop en** nie met **en** in Middelnerlands voorkom nie, dit wel van sewentiende-eeuse Nederlands afkomstig is (Du Plessis, 1990:70). Hy gaan selfs verder deur te stel dat, na aanleiding van die konstruksie, GrAfr in sommige opsigte ouer en meer soos Nederlands is as Afrikaans.

Hierdie vormlike en semantiese verskille is 'n aanduiding dat daar in die diakroniese ontwikkeling van sewentiende-eeuse Nederlands 'n verskil ontstaan het in die wyse waarop hierdie konstruksie in die verskillende talvariëteite of tale soos hedendaagse Nederlands, Standaardafrikaans en Griekwa-Afrikaans gebruik word.

Die grammatikaliseringsteorie is relevant vir hierdie studie, aangesien dit wys hoe dit moontlik is vir woorde en konstruksies se funksies om te verander en om vormlike variasie te begin vertoon.

In die eerste hoofstuk van die studie is die taalverandering van Nederlands na die twee Afrikaanse variëteite (StAfr en GrAfr) kortliks bespreek, asook na die geskiedenis van die Griekwa-volk. Raidt (1989) en Van Rensburg (2012) is in ooreenstemming dat die invloed van amptenare, matrose, soldate en koloniste se dialekties en maatskaplik geskakeerde sewentiende-eeuse Nederlands aan die begin van Afrikaanse taalgeskiedenis op die voorgrond gestaan het, maar dat die verskeie ander tale en die gebroke Nederlands van immigrante, asook Khoi en slawe se tale die vorming van Afrikaans later ook grootliks beïnvloed het. Aanvanklik was die foute en afwykings onpatroonmatig, maar reeds kort ná 1700 het duidelike vereenvoudigingstendense sigbaar geword (Raidt, 1989:97).

Rakende die ontstaan van GrAfr kan daar tot die gevolgtrekking gekom word dat beide StAfr en GrAfr uit sewentiende-eeuse Nederlands gespruit het, maar dat daar verskille in die twee dialekte se ontwikkeling was, aangesien daar ná 1690 nie verdere invloed van die Khoi volk was nie. Die Nederlandse taal het 'n wedersydse invloed op die Khoi se taal gehad net soos die Khoi op daardie punt die Nederlands beïnvloed het, en dit is volgens Raidt (1989: 97) hier waar die verdeling tussen GrAfr en StAfr plaasgevind het en voortaan in aparte rigtings ontwikkel het.

### **5.3 Doel van die studie**

Drie navorsingsvrae vir die studie is gestel. Daar moes eerstens vasgestel word of daar 'n verskil bestaan tussen die wyse waarop 'n taalvariëteit soos GrAfr  $V_{POS}$ 'e gebruik om grammatikale betekenis uit te druk en die wyse waarop hierdie werkwoorde grammatikale betekenis in StAfr uitdruk. Indien daar wel 'n verskil bestaan, was die tweede vraag wat die aard van die ooreenkomste en verskille is in die wyse waarop hierdie twee variëteite die  $V_{POS}$ -konstruksie gebruik. Derdens was die vraag watter nuwe insigte bekom kon word rakende die GrAfr'e  $V_{POS}$ -konstruksies se totstandkoming en gebruike wanneer dit vanuit 'n grammatikaliseringperspektief bekyk word.

## 5.4 Taalteoretiese beskrywings

### 5.4.1 Grammatikaliseringsteorie

Die grammatikaliseringsteorie is in die tweede hoofstuk omvattend bespreek aan die hand van 'n aantal taalkundiges se omskrywing van die teorie, te wete dié van Meillet (1912); Kuryłowicz (1965); Hopper & Traugott (2009); Heine en Reh (1984); Lehmann (1995) en Croft (1990). Vir die doel van hierdie studie is grammatikalisering gesien as 'n proses waartydens leksikale eenhede hul leksikale betekenis verloor om meer grammatikaal te word. Hierdie eenhede ondergaan dus semantiese verandering wat lei tot 'n toename in gebruiksfrekwensie. Dit is nie nodig dat 'n eenheid al die grammatikaliseringprosesse moet deurmaak om as 'n gegrammatikaliseerde vorm beskou te word nie.

Vervolgens is enkele belangrike en relevante aspekte van grammatikalisering bespreek. Naas universele roetes en unidireksionaliteit, is die konsepte uitbreiding (*extension*), desesemantisering (*desemanticization*), kategoriale verandering (waaronder reanalise en oksiliëring) en erosie (*erosion*) na aanleiding van Heine en Kuteva (2006) se grammatikaliseringmodel bespreek. Die wyse waarop  $V_{POS}$ -konstruksies in GrAfr tipologies grammatikaliseer, is ook in hierdie gedeelte bespreek (verwys na 2.3).

### 5.4.2 Die spil

In Hoofstuk 3 is die spil en die betekeniskategorieë wat dit kan uitdruk bespreek, sowel as die grammatikale  $V_{POS}$ -konstruksie se vergestaltung as die spil. Nadat oksiliëring in Hoofstuk 2 geïdentifiseer is as 'n duidelike verskynsel in die grammatikalisering van die GrAfr'e  $V_{POS}$ -konstruksie, is dit verder ondersoek in die derde hoofstuk na aanleiding van die feit dat die spil in Afrikaans gewoonlik deur die  $V_{AUX}$  uitgedruk word. Die hoofstuk het verduidelik dat die spil grammatikale funksie in 'n sin verrig, te wete tempus, aspek, modaliteit en polariteit.

Daar is eerstens genoem dat tempus die deiktiese temporele betekenis van 'n situasie uitdruk wat vervat word in die verlede-, hede- en toekomstetydsvorm. Met die bespreking van aspek, is daar tweedens uit die literatuur aangevoer dat dit die

niedeiktiese inligting rakende die interne temporele struktuur van die situasie uitdruk, en ook dat dit te make het met die oogpunt waaruit 'n situasie beskou word. Die twee oorhoofse kategorieë van aspek, naamlik perfektiewe en imperfektiewe aspek is bespreek. Perfektiewe aspek beskou die situasie as 'n geheel, terwyl imperfektiewe aspek fokus op die interne temporele samestelling van 'n situasie.

Die derde kategorie onder bespreking was modaliteit, wat handel oor die subjektiewe karaktereienskappe van 'n uiting. Modaliteit word verdeel in deontiese, epistemiese en dinamiese modaliteit. Deontiese modaliteit kan algemeen beskryf word as 'n aanduiding van die graad van morele begeerlikheid of die stand van sake wat in die uiting uitgedruk is (Nuyts, 2006:4). Epistemiese modaliteit behels gewoonlik 'n aanduiding van die spreker se skatting van die kans dat die stand van sake wat in die klous uitgedruk is, van toepassing is in die wêreld. Laastens handel dinamiese modaliteit oor die spreker se interne vermoëns en bereidwilligheid, teenoor eksterne faktore soos toestemming en bevel wat gegee word (Palmer, 1995:70).

## **5.5 Korpusondersoek en taalspesifieke gevolgtrekking**

In die vierde hoofstuk is die korpusondersoek, wat uitgevoer is om die unieke gebruike van die grammatikale  $V_{POS}$  in Griekwa-Afrikaans te ondersoek, bespreek. Die proses van die dataverwerking is in meer besonderhede beskryf, waarna die resultate van die studie se empiriese gedeelte uiteengesit is.

Gebaseer op die teoretiese besprekings in die voorafgaande hoofstukke, kon Hoofstuk 4 eerstens fokus op die universele ontwikkeling van die  $V_{POS}$ -konstruksie soos aangebied deur Lemmens (2005). Daar is getoon dat hierdie konstruksie 'n lokatiewe oorsprong het en 'n oksiliëringsproses ondergaan het

Volgende is die twee konkordansies wat vir die studie saamgestel is ondersoek aan die hand van vier parameters. Eerstens is daar gekyk na die frekwensie van *sit*, *staan*, *loop* en *lê*. Daar is gevind dat *loop* die mees frekwente gebruiksfrekwensie toon in GrAfr. Die  $V_{POS}$  wat die meeste gebruik word in StAfr was egter *sit*. Hierdie verskil wat in die twee konkordansies voorgekom het, is 'n aanduiding dat *loop* al verder gegrammatikaliseer het as die ander  $V_{POS}$ 'e in GrAfr, aangesien die hoër frekwensie beteken dat dit in meer kontekste gebruik word. Daar is gestel dat die

frekwensierangorde van  $V_{POS}$ 'e in GrAfr *loop > sit > staan > lê* is, terwyl dit *sit > staan > loop > lê* is in die TK-konkordansie is.

Tweedens is die verskillende funksies van die  $V_{POS}$ -konstruksie (hetsy leksikaal of grammatikaal) getoon en bespreek, om vas te stel wat die verskil met betrekking tot grammatikale gebruik van die  $V_{POS}$ 'e tussen die twee variëteite is. Die bevinding dat 66,93% van die  $V_{POS}$ 'e in die Gr-konkordansie grammatikale voorbeelde voorstel, is 'n positiewe aanduiding dat die  $V_{POS}$ -konstruksie in GrAfr verder gegrammatikaliseer is as die konstruksie in StAfr, wat slegs 11,90% grammatikale voorbeelde in die TK-konkordansie bevat het.

In die derde plek is die verhouding van sinstipes in albei konkordansies bespreek. Stelsinne, bevelsinne, vraagsinne en uitroepsinne was die onderafdelings vir hierdie vergelyking en aan die einde van die afdeling is daar tot die gevolgtrekking gekom dat die verskillende sinstipes in die twee konkordansies nie 'n oorsaak kan wees vir die aangeduide frekwensieverskille van  $V_{POS}$ 'e nie.

Vierdens is enige interessante en unieke sintaktiese verskynsels van die GrAfr- $V_{POS}$  bespreek. Daar is eerstens aangetoon dat die hulpwerkwoordelike  $V_{POS}$  in GrAfr met of sonder enige bindpartikel kan kombineer met die infinitiewe werkwoord. Bv: “*Dan **staan loop** hy jimmers*”. In StAfr is dit noodsaaklik om so 'n konstruksie met 'n verbindings-**en** te verbind ( $V_{AUX} + en + V$ ), bv. “*Sy't gestaan **en** koffie drink*”. Dit is wel nie uitsluitlik die geval dat GrAfr nie die verbindings-**en** gebruik nie soos gesien kan word in “*Dan staan **en** kyk die ouma*”, geneem uit die Gr-konkordansie.

In totaal is 44 voorbeelde in die Gr-konkordansie gevind waar daar meer as een  $V_{POS}$  direk na mekaar geplaas is, sonder 'n verbindingspartikel, soos in “*Nou **sit-lê** hom innie hok*”. Verder kan GrAfr ook meer as een hulpwerkwoordelike  $V_{POS}$  inspan saam met 'n leksikale werkwoord, almal sonder 'n verbindingspartikel, bv. “*Aljimmers dan **stan lê hool** (hol, hardloop) hy 'n end*”. Hierdie verskynsel bevestig dat die verbindings-**en** in GrAfr uitgelos kan word en dat daar baie meer sintaktiese variasie teenwoordig is in GrAfr – ook omdat daar meer as een  $V_{POS}$  langs mekaar geplaas kan word, wat as 'n string (*unit*) van hulpwerkwoorde gebruik word om een funksie te verrig. Die afdeling het weereens bevestig dat die  $V_{POS}$ -konstruksie in GrAfr baie verder gegrammatikaliseer is as die konstruksie in StAfr.

Volgende is daar ondersoek ingestel na die aantal gevalle in die Gr-konkordansie waar *loop* en *lê* as wisselvorme van *gaan* gebruik word. 26% van al die GrAfr'e gevalle wat *loop* bevat het, het as sinonieme van *gaan* gefunksioneer en dit dui aan dat die  $V_{POS}$  gegrammatikaliseer het tot 'n inchoatiewe merker in elkeen van die voorvalle wat in die Gr-konkordansie gevind is. Verder is daar ook voorbeelde van *lê* wat gelykgestel word aan *gaan*, wat kan beteken dat hierdie verbleekte gebruik van *loop* uitgebrei het na 'n ander  $V_{POS}$ , naamlik *lê*. Daar was geen soortgelyke gevalle met *loop* of met *lê* in die TK-konkordansie gevind nie.

In totaal is vyf unieke gebruike van GrAfr in hierdie studie uitgelig: Eerstens is vasgestel dat die bindpartikel nie nodig is nie, maar steeds willekeurig gebruik kan word soos die spreker dit verkies en ook dat kombinasies met meer as een  $V_{POS}$  en 'n leksikale werkwoord moontlik is; tweedens is getoon dat *loop* baie gereeld gelykgestel aan *gaan* en daar is ook gevalle waar *lê* dieselfde patroon begin volg; in die derde plek is kombinasies met meer as een grammatikale  $V_{POS}$  moontlik, vierdens is gevind dat onverwagse  $V_{POS}$ 'e saam met leksikale werkwoorde kombineer (*loop dood*); en in die vyfde en laaste plek was dit interessant om voorbeelde te sien waar die grammatikale  $V_{POS}$  na die leksikale hoofwerkwoord geplaas word. Die konstruksie hoef dus nie in die tradisionele sinsposisie, dit is vóór die hoofwerkwoord, geplaas te word nie.

In totaliteit het Hoofstuk 4 die laaste belangrike bewysstukke vanuit die korpusondersoek opgelewer om die hipotese te ondersteun dat die  $V_{POS}$ -konstruksie in GrAfr, in besonder met *loop*, verder gegrammatikaliseer is as die ewekniekonstruksie in StAfr.

## 5.6 Gevolgtrekking

As antwoord op die navorsingsvrae wat vir die studie gestel is, is dit baie duidelik dat daar wel 'n verskil bestaan in die wyse waarop  $V_{POS}$ 'e grammatikale betekenis uitdruk in GrAfr en in StAfr. Ooreenkomste wat tussen die twee variëteite gevind is, is dat  $V_{POS}$ 'e met semanties versoenbare leksikale hoofwerkwoorde gekombineer word, tesame met die gebruik van 'n verbindingspartikel *en*. Die verskille wat egter opgeduik het, is dat GrAfr die konstruksie ook sonder 'n verbindingspartikel kan formuleer met soms onverwagse of semanties onkombineerbare hoofwerkwoorde,

asook in met kombinasie ander  $V_{POS}$ 'e. Meer as een  $V_{POS}$  kan in GrAfr direk na mekaar geplaas word in 'n stringkonstruksie. Hierdie verskynsels is nie moontlik in StAfr nie, behalwe vir enkele gevalle waar die verbindings-**en** uitgelaat word, en waar *loop* as inchoatiewe aspekmerker gebruik word.

Vanuit 'n grammatikaliseringperspektief kon insigte gekry word in die verskynsel dat ouksiliëring 'n wesenlike rol speel in die vorming van 'n  $V_{POS}$  se rol as  $V_{AUX}$  in GrAfr. Die  $V_{POS}$ 'e in GrAfr, veral *loop*, het al heelwat leksikale waarde verloor ten einde die grammatikale rolle van tempus, aspek en modaliteit te vervul. In beide GrAfr en StAfr vervul die  $V_{POS}$ 'e hoofsaaklik die rol van aspektuele merkers.

## 5.7 Vooruitskouing

Die sentrale fokus van hierdie studie was om vanuit 'n grammatikaliseringperspektief die unieke gebruike van die  $V_{POS}$  in GrAfr te beskryf. Die studie is dus afgebaken om 'n enkele grammatikale konstruksie vanuit 'n grammatikaliseringperspektief te ondersoek, maar toekomstige navorsing kan gedoen word om ook ander grammatikale konstruksies, byvoorbeeld die gebruik van die hulpwerkwoorde *het* of *word* in GrAfr vanuit 'n grammatikaliseringperspektief te vergelyk met dieselfde konstruksies in StAfr.

Verder kan, aangesien daar in die eerste hoofstuk gestel is dat Nederlands as sustertaal van GrAfr gesien kan word, ook 'n soortgelyke vergelyking getref word tussen 'n Standaardnederlandse konkordansie en die Gr-konkordansie. Sodoende kan beter insig gekry word in en 'n beter geheelprentjie geskets word van die totstandkoming en ontwikkeling van hierdie konstruksie vanuit sewentiende-eeuse Nederlands.

Hierdie studie lewer 'n belangrike bydrae tot die verstaan van die ontwikkeling en plasing van die verskillende Germaanse tale ten opsigte van mekaar – 'n tema wat tans heelwat aandag in taaltipologiese navorsing geniet. 'n Ondersoek na 'n taalvariëteit soos GrAfr fokus spesifiek op die ontwikkeling van 'n marginale, oftewel niestandaardvariëteit, en kan dus interessante bevindings aan die dag lê wat ook vir navorsers wat byvoorbeeld hulself met die bestudering van die grammatikalisering van kreooltale besig hou, nuttig kan wees.

## Bibliografie

Ameka, F.K. & Levinson, S.C. 2007. The typology and semantics of locative predicates: posturals, positionals and other beasts. *Linguistics*, 45(5/6):847–871.

Andersen, H. 1987. From auxiliary to desinence. (In Kuteva, T.A. 2001. *Auxiliation: an enquiry into the nature of grammaticalization*. Oxford: Oxford University Press. p.12).

Benveniste, E. 1968. Mutations of linguistic categories. (In Kuteva, T.A. 2001. *Auxiliation: an enquiry into the nature of grammaticalization*. Oxford: Oxford University Press. p.1).

Bisang, W. 2008. Grammaticalization and the areal factor. (In Lòpez-Couso, M.J. & Seoane, E. eds. *Rethinking grammaticalization*. Amsterdam: John Benjamins Publishing Company. p. 15-35).

Booij, G. 2004. De aan het infinitief constructie in het Nederlands. (In De Schutter, G., Devos, M. & Van Keymeulen, J. eds. *Taeldeman man van de taal, schatbewaarder van de taal*. Gent: Academia Press. p. 97-106).

Booij, G. 2008. Constructional idioms as products of linguistic change: the aan het + INFINITIVE construction in Dutch. (In Bergs, D. & Diewald, G. eds. *Constructions and language change*. Berlin: Mouton de Gruyter. p. 81-106).

Bourdin, P. 2008. On the grammaticalization of ‘come’ and ‘go’ into the markers of textual connectivity. (In Lòpez-Couso, M.J. & Seoane, E. eds. *Rethinking grammaticalization*. Amsterdam: John Benjamins Publishing Company. p. 37-59).

Breed, C.A. 2012. Die grammatikalisering van aspek in Afrikaans: ’n semantiese studie van perifrastiese progressiewe konstruksies. Potchefstroom: NWU. (Proefskrif – PhD). <http://hdl.handle.net/10394/11959>

Brisau, A. 1969. English progressive tenses and their Dutch equivalents. (In Lemmens, M. 2005. *Aspectual posture verb constructions in Dutch*. *Journal of Germanic linguistics*, 17(3):183–217).

Broodryk, F.W.J. 1992. Die medewerkwoord in Afrikaans. Potchefstroom: PU vir CHO. (Verhandeling – MA).

Bybee, J.L., Perkins, R. & Pagliuca, W. 1994. The evolution of grammar: tense, aspect and modality in the languages of the world. Chicago: University of Chicago Press.

Campbell, L. 2001. What's wrong with grammaticalization? *Language sciences*, 23:113-161.

Campbell, L. & Janda, R. 2001. Introduction: conceptions of grammaticalization and their problems. *Language sciences*, 23(2-3):93-112.

Carstens, A. 1998. Die Afrikaanse medewerkwoorde, familieverwantskappe en grammatikalisering. *South African journal of linguistics*, 16(3):73-81.

Coetzee, A. & Van Reenen, P. 1995. Die Afrikaanse nasalering en nienasalering se verband met sewentiende-eeuse Nederlands. *South African Journal of Linguistics*. 13(2):62-73.

Comrie, B. 1976. Aspect: an introduction to the study of verbal aspect and related problems. Cambridge: Cambridge University Press.

Comrie, B. 1981. The languages of the Soviet Union. Cambridge: Cambridge University Press.

Comrie, B. 1985. Tense. Cambridge: Cambridge University Press.

Comrie, B. 1987. Aspect. Cambridge: Cambridge University Press.

Croft, W. 1990. Typology and universals. Cambridge: Cambridge University Press.

De Villiers, M. 1968. Die grammatika van tyd en modaliteit. Kaapstad: A.A. Balkema.

De Wet, A. 1984. Die organisasie van die navorsingsprojek oor die Afrikaans van die Griekwas. (In Van Rensburg, M.C.J. red. Die Afrikaans van die Griekwas van die Tagtigerjare. RGN-verslag. Bloemfontein: Universiteit van die Oranje-Vrystaat. p. 678-704).

- De Wit, A. & Patard, A. 2013. Modality, aspect and the progressive: the semantics of the present progressive in French in comparison with English. *Languages in contrast*, 13(1):113–132.
- Du Plessis, H.G.W. 1984. Die sintaksis van Griekwa-Afrikaans. (In Van Rensburg, M.C.J. red. Die Afrikaans van die Griekwas van die Tagtigerjare. RGN-verslag. Bloemfontein: Universiteit van die Oranje-Vrystaat. p. 35-195).
- Du Plessis, H.G.W. 1988. Variasietaalkunde. Pretoria: Serva Uitgewers.
- Du Plessis, H.G.W. 1990. Die skakelwerkwoorde *loop* en *kom*. *South African journal of linguistics*, 8(2):69-74.
- Du Plessis, H. 2000. Tourism destinations: Southern Africa. Kaapstad: JUTA.
- Fehderau, H.W. 1966. The Origin and development of Kituba (lingua franca Kikongo). (In Heine, B. & Reh, M. 1984. Grammaticalization and reanalysis in African Languages. Hamburg: Helmut Buske Verlag. p. 22).
- Frajzygier, Z. 2008. Grammaticalization, typology and semantics: expanding the agenda. (In Lòpez-Couso, M.J. & Seoane, E. eds. Rethinking grammaticalization. Amsterdam: John Benjamins Publishing Company. p. 61-102).
- Haspelmath, M. 1998. Does grammaticalization need reanalysis? *Studies in language*, 22(3):49-85.
- Haspelmath, M. 1999. Why is grammaticalization irreversible? *Linguistics*, 37(6):1043–1068.
- Heine, B. 1993. Auxiliaries: cognitive forces and grammaticalization. New York: Oxford University Press.
- Heine, B. & Reh, M. 1984. Grammaticalization and reanalysis in African Languages. Hamburg: Helmut Buske Verlag.
- Heine, B., Claudi, U. & Hünnemeyer, F. 1991. Grammaticalization: a conceptual framework. Chicago: University of Chicago Press.
- Heine, B. & Kuteva, T. 2006. Language contact and grammatical change. Cambridge: University Press.

Heine, B. & Kuteva, T. 2007. The genesis of grammar: a reconstruction – studies in the evolution of language. Oxford: Oxford University Press.

Herring, S. 1991. The grammaticalization of rhetorical questions in Tamil. (*In* Traugott, E. & Heine, B. eds. Approaches to grammaticalization. Vol. 1. Amsterdam: Benjamins. p. 253-284).

Holt, J. 1943. Études d'aspect. (*In* Kibort, A. Aspect. Grammatical Features. 7 Januarie 2008. <http://www.grammaticalfeatures.net/features/aspect.html>)

Hopper, P.J. & Traugott, E.C. 2009. Grammaticalization. 2nd ed. Cambridge: Cambridge University Press.

Kempen, W. 1965. Die verbale hendiadis in Afrikaans. (*In* Dietse Studies: bundel aangebied aan Prof. Dr. J. du P. Scholtz by geleentheid van sy vyf-en-sestigste verjaardag. Kaapstad: Academica. p. 77-97).

Kranich, S. 2013. Functional layering and the English progressive. *Linguistics*, 51(1):1-32.

Kuteva, T.A. 1998. Large linguistic areas in grammaticalization: Auxiliation in Europe. *Language Sciences* 20(3): 289-311.

Kuteva, T.A. 1999. On 'sit'/'stand'/'lie' auxiliation. *Linguistics*, 37(2):191–213.

Kuteva, T.A. 2001. Auxiliation: an enquiry into the nature of grammaticalization. Oxford: Oxford University Press.

Kuteva, T. 2008. On the frills of grammaticalization. (*In* Lòpez-Couso, M.J. & Seoane, E. eds. Rethinking grammaticalization. Amsterdam: John Benjamins Publishing Company. p. 189-217).

Kuryłowicz, J. 1965. The evolution of grammatical categories. *Esquisses linguistiques*. 2:38-54. Munich: Fink.

Langacker, R.W. 1987. Foundations of cognitive grammar. Vol. 1. California: Stanford University Press.

- Langacker, R.W. 1974. Movement rules in functional perspective. *Language*, 50:630-664.
- Langacker, R.W. 1977. Syntactic reanalysis. (*In* Li. C.N. ed. *Mechanisms of syntactic change*. Austin: University of Texas Press. p. 57-139).
- Lehmann, C. 1995. *Thoughts on grammaticalization*. 2nd ed. Erfurt: Arbeitspapiere des Seminars für Sprachwissenschaft der Universität Erfurt.
- Lehmann, C. 2002. *Thoughts on grammaticalization*. ASSidUE: Arbeitspapiere des Seminars für Sprachwissenschaft der Universität Erfurt, nr. 9. Philosophische Fakultät Universität.
- Lehmann, C. 2004. Theory and method in grammaticalization. *Zeitschrift für Germanistische Linguistik*, 32(2):152-187.
- Lemmens, M. 2003. *The semantic network of Dutch posture verbs*. France: Université Lille.
- Lemmens, M. 2005. Aspectual posture verb constructions in Dutch. *Journal of Germanic linguistics*, 17(3):183–217.
- Leys, O.. 1985. De konstruktie *staan te* + infinitief en verwantekonstrukties. (*In* Lemmens, M. 2005. Aspectual posture verb constructions in Dutch. *Journal of Germanic linguistics*, 17(3):183–217.)
- Lyons, J. 1977. *Semantics*. 2 vol. Cambridge: University Press.
- Meillet, A. 1912. L'évolution des formes grammaticales. *Scientia (Rivista di Scienza)*, 12:26(6). Herdruk in Meillet 1958: 159-174.
- Mortier, L. 2008. An analysis of progressive aspect in French and Dutch in terms of variation and specialization. *Languages in contrast*, 8(1):1-20.
- Newmeyer, F.J. 1998. *Language form and language function*. Cambridge, MA: MIT Press.
- Nuyts, J. 2006. Modality: overview and linguistic issues. (*In* Frawley, W. ed. *The expression of modality*. Berlin: Walter de Gruyter. p. 1-26).

- Palmer, F.R. 1995. Mood and modality. Cambridge: University Press.
- Ponelis, F.A. 1978. Afrikaanse sintaksis. Pretoria: Van Schaik.
- Raidt, E.H. 1989. Ontwikkeling van Vroeë Afrikaans. (*In Botha, T.J.R., Ponelis, F.A., Combrink, J.G.H., Odendal, F.F. reds. Inleiding tot die Afrikaanse Taalkunde. Pretoria: Academica. p. 96-126*).
- Raidt, E.H. 1976. Afrikaans en sy Europese verlede. Kaapstad: Nasou.
- Reichenbach, H. 1947. Elements of symbolic logic. New York: Macmillan company.
- Steele, S., Akmajian, A., Demers, R., Oehrle, R., Wasow, T., Akmajian, A., Jelinek, E. & Kitagawa, C. 1981. An encyclopedia of AUX: a study in cross-linguistic equivalence. Cambridge, MA: MIT Press.
- Steels, L. & Spranger, M. 2009. How experience of the body shapes language about space. <http://www.aaai.org/ocs/index.php/IJCAI/IJCAI-09/paper/view/542>  
Date of access: 5 Jun. 2012.
- Thümmel, W. 1966. Das Problem der periphrastischen Konstruktionen: gezeigt am Beispiel des Slavischen. München: Wilhelm Fink Verlag. (*In Kuteva, T.A. 2001. Auxiliation: an enquiry into the nature of grammaticalization. Oxford: Oxford University Press. p.12*).
- Tyack, M. 1970. South Africa: Land of challenge. Switzerland: France Inter Presse.
- Van Rensburg, M.C.J. 1984. Die Afrikaans van die Griekwas van die Tagtigerjare. RGN-verslag. Bloemfontein: Universiteit van die Oranje-Vrystaat.
- Van Rensburg, M.C.J., De Wet, A.S. & Swanepoel, L. 1984. 'n Kontrastiewe leksikon van Griekwa-Afrikaans. (*In Van Rensburg, M.C.J. red. Die Afrikaans van die Griekwas van die Tagtigerjare. RGN-verslag. Bloemfontein: Universiteit van die Oranje-Vrystaat. p. 519-576*).
- Van Rensburg, M.C.J., Van Jaarsveld, G.J. & Du Plessis, L.T. 1984. Enkele kulturele verskille van die Griekwalewe in die tagtigerjare. (*In Van Rensburg M.C.J.,*

red. Die Afrikaans van die Griekwas van die Tagtigerjare. RGN-verslag.  
Bloemfontein: Universiteit van die Oranje-Vrystaat. p. 668-677).

Van Rensburg, M.C.J. 2012. So kry ons Afrikaans. Pretoria: LAPA Uitgewers

Van Rooy, B. 2006. The extension of the progressive aspect in BSAfE. *World Englishes*, 25(1):37–64.

Van Schoor, J.L. 1983. Die grammatika van Standaard-Afrikaans. Kaapstad: Lex Patria.

Wybenga, D.M. 1983. Grammatiese tydsvergestalting in Afrikaans – 'n linguistiese ondersoek aan die hand van enkele Afrikaanse kortverhale. Potchefstroom: PU vir CHO. (Proefskrif – PhD).

# Indeks

---

## A

absolute tyd · 51, 54  
Adam Kok · 9  
Afrikaans · , iii, iv, v, vi, vii, ix, xi, xiii, 2, 3, 4, 5, 6, 7, 8, 9,  
10, 11, 12, 14, 15, 16, 18, 19, 21, 22, 32, 47, 48, 50,  
51, 59, 69, 70, 77, 78, 92, 105, 106, 107, 108, 109,  
113, 114, 115, 116, 118, 119  
aktiwiteit · 71, 72, 101  
aspek · v, vi, viii, 4, 17, 21, 41, 42, 45, 46, 47, 50, 52, 54,  
58, 59, 61, 62, 68, 70, 84, 108, 112, 113  
aspektuele betekenis · 2, 4, 7, 58, 61, 87

---

## B

Bulgaars · xiii, 1, 105

---

## D

deikties · 54  
deonties · 63, 64  
desemantisering · xii, 25, 28, 33, 34, 35, 45, 108  
diakronies · 4, 6, 15, 29, 30, 39, 40, 106  
dinamies · 63, 100  
diskoersfunksies · 27  
duratiewe · 74, 77

---

## E

eenrigtingproses · 26  
enklitiese vorm · 27  
epistemies · 63, 65  
erosie · 25, 28, 31, 34, 45, 108  
erosieperiode · 39  
Ewe · xiii, 35, 40, 41

ewekniekonstruksie · 70, 79, 111

---

## F

fleksieaffiks · 27, 36  
fonetiese reduksie · 28, 44, 45  
Frans · xiii, 1, 10, 105  
Franse Hugenote · 10  
frekwensie · xi, xii, 23, 24, 29, 30, 31, 45, 70, 78, 79, 80,  
81, 83, 84, 86, 87, 88, 90, 91, 96, 102, 109  
frekwensierangorde · vi, 4, 84, 102, 110  
frekwensieratio · vi, ix, xi, xii, 79, 80, 82, 90, 96, 102  
frekwensieverhoudings · 79  
frekwensieverskille · vi, 91, 102, 110  
funksiewoorde · 34

---

## G

*gaan* · i, iv, vi, ix, xi, xii, 5, 7, 8, 19, 20, 23, 26, 35, 36, 39,  
44, 45, 48, 49, 50, 64, 65, 67, 70, 72, 73, 81, 83, 85,  
90, 93, 95, 96, 97, 98, 99, 100, 103, 106, 111  
gespreksoomblik · 53, 54, 58  
gespreksrol · 47  
GrAfr · iii, iv, v, vi, ix, xi, xii, xiii, 3, 6, 7, 8, 9, 11, 14, 15,  
19, 20, 21, 22, 25, 26, 32, 33, 35, 36, 38, 44, 45, 47,  
48, 49, 50, 55, 56, 58, 59, 61, 64, 66, 68, 69, 70, 72,  
73, 74, 75, 77, 78, 79, 80, 81, 82, 83, 84, 85, 86, 87,  
88, 90, 91, 92, 93, 94, 95, 96, 97, 98, 99, 100, 101,  
102, 103, 104, 105, 106, 107, 108, 109, 110, 111, 112  
grammatikaal · v, 8, 20, 24, 26, 36, 39, 41, 45, 70, 83,  
90, 108, 110  
grammatikale · v, vi, ix, xi, xii, 1, 2, 3, 5, 6, 7, 8, 14, 15,  
16, 17, 19, 20, 21, 22, 23, 24, 26, 27, 28, 30, 33, 36,  
37, 38, 41, 42, 43, 45, 47, 48, 58, 67, 69, 70, 76, 78,  
79, 80, 81, 84, 85, 86, 87, 89, 90, 91, 93, 95, 99, 101,  
102, 103, 105, 107, 108, 109, 110, 111, 112

grammatikale funksies · vi, 6, 17, 21, 22, 23, 24, 33, 69, 70, 105  
grammatikaliseer · 23, 27, 29, 30, 33, 45, 80, 108  
grammatikalisering · v, vi, viii, 4, 5, 8, 17, 21, 22, 23, 24, 25, 26, 27, 28, 29, 31, 34, 37, 38, 39, 41, 43, 44, 45, 47, 50, 51, 63, 70, 71, 72, 73, 74, 75, 78, 79, 80, 81, 82, 84, 85, 103, 108, 112, 113, 114  
grammatikaliseringmodel · 28  
grammatikaliseringsklien · 25, 26, 29, 84, 96, 102, 104  
grammatikaliseringsproses · 22, 24, 25, 29, 31, 33, 74, 76, 87  
grammatikaliseringsroetes · 29, 43  
grammatikaliseringsteorie · v, 8, 16, 21, 22, 37, 47, 105, 107, 108  
Griekwa-Afrikaans · iii, v, 3, 6, 9, 19  
Griekwas · 9, 13, 14, 114, 115, 118, 119  
Griekwa-verslae · 8, 17, 19  
Gr-konkordansie · vii, x, xiii, 3, 14, 17, 18, 19, 20, 77, 79, 85, 86, 90, 93, 95, 96, 103, 110, 111, 112, 125

---

## H

hede · v, 48, 51, 54, 55, 56, 68, 108  
hedendaagse Nederlands  
hedetyd · 2, 55, 57  
hoofwerkwoord · v, vi, 3, 7, 8, 15, 22, 36, 39, 44, 47, 50, 56, 67, 76, 77, 83, 95, 99, 100, 101, 111  
hulpwerkwoord · v, 3, 4, 8, 15, 17, 21, 22, 26, 36, 38, 39, 47, 65, 67, 78, 105  
hulpwerkwoorde · 4, 22, 38, 39, 42, 47, 48, 74, 103, 110, 112

---

## I

imperfektief · 49, 59, 60, 61  
imperfektiewe · 62  
imperfektiewe aspek · 68, 109  
infinitiefskomplement · 71  
inhoudswoord · 22, 27, 36

---

## J

Javanees · 10

---

## K

Kaap · xi, 10, 13  
Kabyle · xiii, 1  
kategoriale verandering · v, 25, 28, 31, 36, 38, 39, 108  
Khoi · 9, 10, 11, 107  
Khoi-Grensafrikaans · 9  
Klien · 25  
Kontinuatiewe · 74

---

## L

lê · iv, vi, ix, xi, xii, 1, 2, 4, 6, 7, 8, 32, 33, 35, 39, 42, 57, 58, 65, 70, 71, 72, 75, 77, 78, 80, 81, 84, 89, 90, 93, 96, 97, 98, 99, 100, 101, 102, 103, 106, 109, 110, 111, 112  
leksikaal · 25, 26, 36, 39, 41, 52, 70, 71, 110  
leksikale · v, vi, ix, xi, xii, 2, 5, 7, 8, 20, 22, 23, 24, 26, 27, 28, 29, 31, 33, 36, 37, 38, 41, 42, 43, 45, 47, 48, 50, 60, 66, 68, 72, 73, 75, 76, 79, 80, 81, 83, 84, 85, 86, 89, 90, 93, 95, 96, 99, 100, 102, 103, 104, 106, 108, 110, 111, 112  
liggaamshoudingwerkwoorde · 1  
loop · iv, vi, xi, xii, 2, 7, 8, 10, 22, 26, 31, 32, 35, 36, 49, 55, 56, 58, 64, 68, 70, 72, 75, 76, 80, 81, 82, 83, 84, 89, 90, 92, 93, 94, 95, 96, 97, 98, 99, 100, 102, 103, 106, 109, 110, 111, 112, 115

---

## M

Maleis · 10  
Malgassies · 10  
meganismes · 22, 37  
modale betekenis · 2, 39, 49, 50, 59, 64, 65, 67, 83, 86, 87, 105

modaliteit · v, vi, viii, ix, 17, 21, 41, 46, 47, 48, 49, 50, 57,  
63, 64, 65, 66, 67, 68, 70, 83, 108, 109, 112, 114  
Moderne nederlands · 6, 9, 92, 106

---

## N

Nederlands · v, vii, xiii, 2, 3, 4, 5, 6, 7, 9, 10, 11, 12, 21,  
31, 32, 69, 70, 71, 72, 73, 74, 77, 79, 80, 81, 92, 96,  
105, 106, 107, 112, 113, 114  
niedeikties · 58, 68, 109  
Noord-Kaap · 14

---

## O

oorvleueling · 39, 40  
ouksiliëring · v, xi, 5, 8, 22, 25, 36, 38, 39, 41, 42, 43, 44,  
45, 47, 73, 108, 112

---

## P

parameters · iv, vi, 17, 21, 23, 28, 29, 31, 78, 80, 105,  
109  
perfektief · 49, 59, 60, 61  
perfektiewe aspek · 68, 109  
perifrasties · xii, 3, 4, 6, 28, 47, 77, 78, 113  
polariteit · v, 17, 49, 50, 64, 65, 108  
Portugees · 10  
postulêre werkwoorde · v, vi, 4, 5, 6, 7, 8, 15, 16, 17,  
100, 104, 105  
postuur · 5, 31, 32, 71, 72, 74, 75, 76, 83, 101  
progressiewe betekenis · 2, 3, 6, 42, 62, 83

---

## R

reanalise · 22, 25, 29, 36, 37, 39, 45, 77, 108  
relatiewe tyd · 51, 54  
Russies · xiii, 1, 105

---

## S

sewentiende-eeuse Nederlands · 3, 6, 9, 11, 71, 92,  
107, 112  
sinkroniese · 15, 39  
sinstrukture · 34  
sintaktiese interessantheide · vi, ix, 93, 103  
sit · iv, vi, xii, 1, 3, 4, 6, 7, 20, 21, 32, 38, 49, 50, 61, 66,  
68, 70, 71, 72, 73, 75, 76, 77, 78, 80, 81, 83, 84, 85,  
87, 89, 90, 93, 94, 95, 99, 100, 101, 102, 109, 110,  
116  
situasiepunt · 52  
slawe · 9, 10, 11, 107  
Slawe-Afrikaanse · 10  
spil · v, viii, ix, x, 46, 47, 48, 49, 50, 56, 58, 68, 69, 99,  
100, 101, 105, 108  
spreekpunt · 52  
staan · ii, iv, vi, xii, 2, 3, 5, 6, 7, 8, 9, 22, 26, 28, 32, 34,  
38, 43, 44, 52, 53, 55, 59, 64, 70, 71, 72, 74, 76, 77,  
78, 80, 81, 83, 84, 85, 87, 89, 90, 93, 94, 95, 98, 99,  
100, 101, 102, 109, 110, 117  
StAfr · iii, iv, v, vi, ix, xi, xii, xiii, 3, 5, 6, 7, 8, 9, 11, 15, 19,  
21, 28, 32, 33, 39, 42, 45, 48, 49, 50, 55, 56, 57, 59,  
61, 64, 69, 70, 71, 73, 75, 76, 77, 78, 79, 80, 81, 82,  
83, 84, 85, 86, 87, 88, 90, 91, 92, 93, 94, 95, 96, 97,  
98, 102, 103, 104, 105, 106, 107, 109, 110, 111, 112  
Standaardafrikaans · v, vi, ix, xiii, 2, 3, 4, 6, 8, 9, 14, 15,  
16, 17, 18, 19, 69, 71, 78, 90, 105, 106  
stringwerkwoordkonstruksies · vi  
Suid-Afrika · xi, 13, 14

---

## T

taalitem · 34  
TAM · iii, v, xi, xii, xiii, 20, 21, 41, 50, 68, 79, 86, 87, 88  
temporele betekenis · 2, 68, 108  
tempus · v, vi, viii, 17, 21, 36, 39, 41, 46, 47, 48, 50, 51,  
52, 53, 57, 58, 59, 68, 70, 108, 112  
TK-konkordansie · vi, vii, x, xiii, 3, 17, 20, 79, 83, 84, 85,  
95, 96, 110, 111, 126

TK-korpus · vi, xiii, 17, 18, 20, 79, 83, 84  
toekomendetyd · 52, 54, 57, 58  
toekoms · v, 36, 48, 51, 54, 56, 57  
tydsuitdrukking · 53

---

## U

uitbreiding · 25, 28, 31, 33, 34, 36, 39, 71, 86, 108  
unidireksionaliteit · 25, 26, 27, 108  
unidireksioneel · 27, 29, 37, 41

---

## V

Van Rensburg-verslae · vi, 8, 14, 15, 17, 19  
Van Riebeek · 9

variasies · 2, 92  
Veeboerafrikaans · 9  
verbindingspartikel · 3, 93, 94, 95, 103, 110, 111  
verlede · v, 14, 48, 51, 54, 56, 57, 59, 68, 87, 108, 118  
verledetyd · 2, 52, 54, 56, 57, 59  
verwysingspunt · 52  
V<sub>POS</sub> · v, vi, ix, xi, xii, xiii, 1, 2, 3, 4, 5, 6, 7, 8, 14, 15, 16,  
17, 18, 19, 20, 21, 22, 25, 26, 28, 31, 32, 33, 37, 38,  
44, 45, 47, 50, 68, 69, 70, 71, 72, 73, 74, 75, 76, 78,  
79, 80, 81, 82, 83, 84, 85, 86, 87, 88, 90, 91, 92, 93,  
94, 95, 96, 97, 99, 100, 101, 102, 103, 104, 105, 106,  
107, 108, 109, 110, 111, 112  
V<sub>POS</sub>-konstruksie · v, vi, ix, 3, 4, 6, 15, 16, 18, 19, 21, 38,  
47, 50, 68, 69, 70, 71, 73, 75, 78, 80, 90, 92, 95, 96,  
102, 103, 104, 105, 106, 107, 108, 109, 110, 111  
V<sub>POS</sub>-progressiewe · v, 3, 4

# Bylaag

## **Bylaag 1: Gr-konkordansie**



|     | A   | H | I | J | K | L | M | N | O | P | Q | R | S | T | V | W | X | Y | Z | AA | AB | AC | AD | AE | AF | AG | AH | AI |
|-----|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|----|----|----|----|----|----|----|----|----|
| 56  | as jy wil loop om te rook   |   | X |   |   | X |   |   |   | X |   |   |   |   | X |   |   |   |   |    | X  |    |    |    |    |    | g  |    |
| 57  | hy staan en kyk   |   | X |   | X |   |   |   | X |   |   |   |   |   |   |   |   |   |   |    | X  |    |    |    |    |    | g  |    |
| 58  | hy staan kyk  |   | X |   | X |   |   |   | X |   |   |   |   |   |   |   |   |   |   |    | X  |    |    |    |    |    | g  |    |
| 59  | die man loop en speel   |   | X |   | X |   |   |   | X |   |   |   |   |   |   |   |   |   |   |    | X  |    |    |    |    |    | g  |    |
| 60  | die man loop speel  |   | X |   | X |   |   |   | X |   |   |   |   |   | X |   |   |   |   |    | X  |    |    |    |    |    | g  |    |
| 61  | die man het loop gespeel  |   | X |   | X |   |   |   | X |   |   |   |   |   | X |   |   |   |   |    | X  |    |    |    |    |    | g  |    |
| 62  | ag verdomp loop speel tog!  |   | X |   |   | X |   |   | X |   | X |   |   |   | X |   |   |   |   |    | X  |    |    |    |    |    | g  |    |
| 63  | ek kan nie lieg sit nie   |   | X |   |   | X |   |   | X |   |   |   |   |   |   |   |   |   |   | X  |    |    |    |    | g  |    |    |    |
| 64  | hy't my saak gelop slegmaak   |   | X |   |   | X |   |   | X |   |   |   |   |   | X |   |   |   |   |    | X  |    |    |    |    |    | g  |    |
| 65  | oens had geseet praat   |   | X |   |   |   |   |   | X |   |   |   |   |   |   |   |   |   |   | X  |    |    |    |    |    |    | g  |    |
| 66  | my geboorteplek het ek nou eers geloop sien toe ek groot was  |   | X |   |   |   | X |   | X |   |   |   |   |   | X |   |   |   |   |    | X  |    |    |    |    |    | g  |    |
| 67  | dan word dit loop afgehaal  |   | X |   | X |   |   |   | X |   |   |   |   |   |   |   |   |   |   |    | X  |    |    |    |    |    | g  |    |
| 68  | die't ons toe wil loop geskiet  |   | X |   |   | X |   |   | X |   |   |   |   |   |   |   |   |   |   |    | X  |    |    |    |    |    | g  |    |
| 69  | hulle moes loop dood daarso   |   | X |   |   | X |   |   | X |   |   |   |   |   | X |   |   |   |   |    | X  |    |    |    |    |    | g  |    |
| 70  | toe moet hulle loop stad toe trek   |   | X |   | X |   |   |   | X |   |   |   |   |   |   |   |   |   |   |    | X  |    |    |    |    |    | g  |    |
| 71  | daar sal jy nou loop dood   |   | X |   |   | X |   |   | X |   |   |   |   |   | X |   |   |   |   |    | X  |    |    |    |    |    | g  |    |
| 72  | kanse om die trein oener deur die brug laat loop  |   | X |   | X |   |   |   | X |   |   |   |   |   | X |   |   |   |   |    | X  |    |    |    |    |    | g  |    |
| 73  | Nou sit jy die drievoet oener   | X |   |   |   |   |   |   |   | X |   |   |   |   |   |   |   |   |   | X  |    |    |    |    |    |    | g  |    |
| 74  | toe's dit wat ons gehardlop het   | X |   |   |   |   |   |   | X |   |   |   |   |   |   |   |   |   |   |    | X  |    |    |    |    |    | g  |    |
| 75  | toe lop vat ik-ie hoed  |   | X |   | X |   |   |   | X |   |   |   |   |   | X |   |   |   |   |    | X  |    |    |    |    |    | g  |    |
| 76  | Daardie hele plek soos hy daar lê, dit was Griekwastad...   | X |   |   |   |   |   |   | X |   |   |   |   |   | X |   |   |   |   |    |    |    | X  |    |    |    | g  |    |
| 77  | ...in hierdie Campbell wat hier bo sit  | X |   |   |   |   |   |   | X |   |   |   |   |   |   |   |   |   |   | X  |    |    |    |    |    |    | g  |    |
| 78  | Nou moet die trou geloop aanvaar word by die ou grootmense  |   | X |   |   | X |   |   | X |   |   |   |   |   | X |   |   |   |   |    | X  |    |    |    |    |    | g  |    |
| 79  | solat jy kan die Here se Woord mooi sit luister   |   | X |   |   | X |   |   | X |   |   |   |   |   |   |   |   |   |   | X  |    |    |    |    |    | g  |    |    |
| 80  | die kant wat hy staan   | X |   |   |   |   |   |   | X |   |   |   |   |   |   |   |   |   |   |    | X  |    |    |    |    |    | g  |    |
| 81  | La' ek vir oupa lo' wys waarlaans lop darie riem wat so gespan is   | X |   |   |   |   |   |   | X |   |   |   |   |   | X |   |   |   |   |    | X  |    |    |    |    |    | g  |    |
| 82  | toet my mense so gestan swerf   |   | X |   | X |   |   |   | X |   |   |   |   |   |   |   |   |   |   |    | X  |    |    |    |    |    | g  |    |
| 83  | dan stan die ene daarso en die een annerse hardlop  | X |   |   |   |   |   |   | X |   |   |   |   |   |   |   |   | X |   |    | X  |    |    |    |    |    | g  |    |
| 84  | dan stan die ene daarso en die een annerse hardlop  | X |   |   |   |   |   |   | X |   |   |   |   |   |   |   |   |   |   |    | X  |    |    |    |    |    | g  |    |
| 85  | toe loop die hele bees weg  | X |   |   |   |   |   |   | X |   |   |   |   |   |   |   |   |   |   |    | X  |    |    |    |    |    | g  |    |
